- (a) may suspend, confirm, vary or withdraw a compliance notice or any part of the compliance notice; and
  - (b) must specify the period within which the person to whom the compliance notice is addressed must comply with any part of the compliance notice that is confirmed or varied.

#### **Failure to comply with compliance notice**

- 90.** If a person fails to comply with a compliance notice, the Municipality may—
- (a) lay a criminal charge against the person;
  - (b) apply to the High Court for an order—
    - (i) restraining that person from continuing the unlawful utilisation of the land;

- (ii) directing that person to, without the payment of compensation—
  - (aa) demolish, remove or alter any building, structure or work unlawfully erected or constructed; or
  - (bb) rehabilitate the land concerned;
- (c) in the case of consent use or a temporary departure, withdraw the approval granted and act in terms of section 87.

### **Compliance certificates**

- 91.** (1) An authorised employee who is satisfied that the owner or occupier of any land or premises has complied with a compliance notice may issue a certificate, in the manner and form determined by the Municipality, to confirm the compliance.
- (2) The authorised employee must submit a report to the Municipality regarding his or her findings contemplated in subsection (1) and the issuing of a compliance certificate.

### **Urgent matters**

- 92.** (1) The Municipality does not have to comply with sections 87(6), 88(1)(f) and 89 in a case where an unlawful utilisation of land must be stopped urgently and may issue a compliance notice calling upon the person or owner to cease the unlawful utilisation of land immediately.
- (2) If the person or owner fails to cease the unlawful utilisation of land immediately, the Municipality may apply to the High Court for an urgent interdict or any other relief necessary.

### **General powers and functions of authorised employees**

- 93.** (1) An authorised employee may, with the permission of the occupier or owner of land without a warrant and without previous notice, enter upon land or premises or enter a building at any reasonable time for the purpose of ensuring compliance with this By-law.
- (2) An authorised employee must be in possession of proof that he or she has been designated as an authorised employee for the purposes of subsection (1).
- (3) An authorised employee may be accompanied by an interpreter, a police official or any other person who may be able to assist with the inspection.

**Powers of entry, search and seizure**

- 94.** (1) In ensuring compliance with this By-law in terms of section 87, an authorised employee may-
- (a) question any person on land or premises entered upon or in a building entered, who, in the opinion of the authorised employee, may be able to provide information on a matter that relates to the enforcement of this By-law;
  - (b) question any person on that land or those premises or in that building about any act or omission in respect of which there is a reasonable suspicion that it constitutes-
    - (i) an offence in terms of this By-law;
    - (ii) a contravention of this By-law; or
    - (iii) a contravention of an approval or a term or condition of that approval;
  - (c) question that person about any structure, object, document, book, record, written or electronic information or inspect any structure, object, document, book or record which may be relevant for the purpose of this subsection;
  - (d) copy or make extracts from any document, book, record, written or electronic information referred to in paragraph (c), or remove that document, book, record or written or electronic information in order to make copies thereof or extracts therefrom;
  - (e) require that person to produce or deliver to a place specified by the authorised employee any document, book, record, written or electronic information referred to in paragraph (c) for inspection;
  - (f) examine that document, book, record, written or electronic information or make a copy thereof or an extract therefrom;
  - (g) require from that person an explanation of any entry in that document, book, record, written or electronic information;
  - (h) inspect any article, substance, plant or machinery which is or was on the land, or any work performed on the land or any condition prevalent on the land, or remove for examination or analysis any article, substance, plant or machinery or a part or sample thereof;



- (i) take photographs or make audio-visual recordings of anything or any person on that land or those premises or in that building relevant to the purposes of the investigation; or
  - (j) seize a book, record, written or electronic information referred to in paragraph (c) or article, substance, plant or machinery referred to in paragraph (h) or a part or sample thereof that in his or her opinion may serve as evidence at the trial of the person to be charged with an offence under this By-law or the common law, provided that the user of the article, substance, plant or machinery on the land or premises or in the building concerned may make copies of that book, record or document before the seizure.
- (2) When an authorised employee removes or seizes any article, substance, plant or machinery, book, record or other document as contemplated in this section, he or she must issue a receipt to the owner or person in control thereof.
- (3) An authorised employee may not have a direct or indirect personal or private interest in the matter to be investigated.

#### **Warrant of entry for enforcement purposes**

- 95.**
- (1) A judge of a High Court or a Magistrate for the district in which the land is situated may, at the request of the Municipality, issue a warrant to enter upon the land or premises or building if-
    - (a) the prior permission of the occupier or owner of land cannot be obtained after reasonable attempts; or
    - (b) the purpose of the inspection would be frustrated by the occupier or owner's prior knowledge thereof.
  - (2) A warrant may be issued only if it appears to the Judge or Magistrate from information on oath that there are reasonable grounds for believing that-
    - (a) an authorised employee has been refused entry to land or a building that he or she is entitled to inspect;
    - (b) an authorised employee will be refused entry to land or a building that he or she is entitled to inspect;
    - (c) an offence contemplated in section 86 is occurring or has occurred and an inspection of the premises is likely to yield information pertaining to that offence; or

- (d) the inspection is reasonably necessary for the purposes of this By-law.
- (3) A warrant must authorise the Municipality to enter upon the land or premises or to enter the building to take any of the measures referred to in section 94 as specified in the warrant, on one occasion only, and that entry must occur-
  - (a) within one month of the date on which the warrant was issued; and
  - (b) at a reasonable time, except where the warrant was issued on grounds of urgency.

#### **Regard to decency and order**

- 96.** The entry upon land or premises or in a building under this Chapter must be conducted with strict regard to decency and order, which must include regard to—
- (a) a person's right to respect for and protection of his or her dignity;
  - (b) the right to freedom and security of the person; and
  - (c) a person's right to personal privacy.

#### **Enforcement litigation**

- 97.** Whether or not the Municipality lays criminal charges against a person for an offence contemplated in section 86, and despite section 87, the Municipality may apply to the High Court for an interdict or any other appropriate order, including an order compelling that person to—
- (a) demolish, remove or alter any building, structure or work unlawfully erected or constructed;
  - (b) rehabilitate the land concerned; or
  - (c) cease the unlawful utilisation of land.

## **CHAPTER X MISCELLANEOUS**

### **Naming and numbering of streets**

- 98.** (1) If as a result of the approval of a development application streets or roads are created, whether public or private, the Municipality must approve the naming of streets and must allocate a street number to each of the erven or land units located in such street or road.
- (2) The proposed names of the streets and numbers must be submitted as part of an application for subdivision.
- (3) In considering the naming of streets, the Municipality must take into account the relevant policies regarding street naming and numbering.
- (4) The Municipality must notify the Surveyor-General of the approval of new streets as a result of the approval of an amendment or cancellation of a subdivision in terms of section 23 and the Surveyor-General must endorse the records of the Surveyor-General's Office to reflect the amendment or cancellation of the street names on an approved general plan.

### **Repeal**

- 99.** The by-laws listed in Schedule 2 are repealed.

### **Short title and commencement**

- 100.** (1) This By-law is called the Stellenbosch Municipal Land Use Planning By-law.
- (2) This By-law comes into operation on the date that the Land Use Planning Act comes into operation in the municipal area of the Municipality.

## SCHEDULE 1

### CODE OF CONDUCT FOR MEMBERS OF TRIBUNAL

#### General conduct

1. A member of the Tribunal must at all times—
  - (a) act in accordance with the principles of accountability and transparency;
  - (b) disclose his or her personal interests in any decision to be made in the planning process in which he or she serves or has been requested to serve;
  - (c) abstain completely from direct or indirect participation as an advisor or decision-maker in any matter in which he or she has a personal interest and leave any chamber in which such matter is under deliberation unless the personal interest has been made a matter of public record and the Council has given written approval and has expressly authorised his or her participation.
2. A member of the Tribunal may not—
  - (a) use his or her position or privileges as Tribunal member or confidential information obtained as a Tribunal member, for private gain or to improperly benefit another person; and
  - (b) participate in a decision concerning a matter in which that Tribunal member or that member's spouse, partner or business associate, has a direct or indirect personal interest or private business interest.

#### Gifts

3. A member of the Tribunal may not receive or seek gifts, favours or any other offer under circumstances in which it might reasonably be inferred that the gifts, favours or offers are intended or expected to influence that member's objectivity as an advisor or decision-maker in the planning process.

#### Undue influence

4. A member of the Tribunal may not—
  - (a) use the power of his or her office to seek or obtain special advantage for private gain or to improperly benefit another person that is not in the public interest;

- (b) use confidential information acquired in the course of his or her duties to further a personal interest;
- (c) disclose confidential information acquired in the course of his or her duties unless required by law to do so or by circumstances to prevent substantial prejudice or damage to another person; and

commit a deliberately wrongful act that reflects adversely on the Tribunal, the Municipality, the government or the planning profession by seeking business by stating or implying that he or she is prepared, willing or able to influence decisions of the Tribunal by improper means.

## SCHEDULE 2

### BY-LAWS REPEALED BY SECTION 99


# **VERORDENING OP GRONDGEBRUIKBEPLANNING VAN STELLENBOSCH MUNISIPALITEIT**

## **VOORWOORD**

AANGESIEN artikel 156(1) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (Wet 108 van 1996), aan munisipaliteite die uitvoerende gesag en reg op administrasie verleen van plaaslike regeringsaangeleenthede soos in Deel B van Bylae 4 en Deel B van Bylae 5 van die Grondwet uiteengesit;

AANGESIEN Deel B van Bylae 4 van die Grondwet munisipale beplanning as 'n plaaslike regeringsfunksie lys;

AANGESIEN artikel 156(2) van die Grondwet munisipaliteite bemaagtig om wette te maak en toe te pas vir die doeltreffende administrasie van aangeleenthede waarop hy die reg op administrasie het;

AANGESIEN die Parlement die Wet op Ruimtelike Beplanning en Grondgebruikbestuur, 2013 (Wet 16 van 2013), geïmplementeer het en die Provinsiale Wetgewer van die Wes-Kaap die Wet op Grondgebruikbeplanning (Wet 3 van 2014) geïmplementeer het, wat, onder andere, ontwikkelingsbeginsels neerlê wat van toepassing is op alle staatsorgane in beheer van die implementering van wetgewing om grondgebruik en –ontwikkeling te reguleer;

HET Stellenbosch Munisipaliteit daarom die volgende verordening aanvaar.

**Ten einde munisipale grondgebruikbeplanning te reguleer en te beheer.**

## **INDELING VAN ARTIKELS EN BYLAES**

### **HOOFSTUK I**

#### **UITLEG EN TOEPASSING**

1. Woordomskrywing
2. Toepassing van Verordening

### **HOOFSTUK II**

#### **RUIMTELIKE BEPLANNING**

3. Samestelling of wysiging van munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk
4. Instelling van projekomitee
5. Instelling van interregeringsloodskomitee
6. Prosedure met interregeringsloodskomitee

7. Prosedure sonder interregeringsloodskomitee
8. Werksaamhede en pligte
9. Plaaslike ruimtelike ontwikkelingsraamwerke
10. Samestelling, aanneming, wysiging of hersiening van plaaslike ruimtelike ontwikkelingsraamwerke
11. Status van plaaslike ruimtelike ontwikkelingsraamwerke
12. Struktuurplanne

### **HOOFSTUK III ONTWIKKELINGSBESTUUR**

13. Bepaling van sonering
14. Afwykende gebruike
15. Grondontwikkeling wat goedkeuring benodig
16. Voortsetting van aansoek na verandering van eienaarskap
17. Hersonering van grond
18. Afwykings
19. Vergunningsgebruike
20. Onderverdeling
21. Bevestiging van onderverdeling
22. Verval van onderverdeling
23. Wysiging of kansellering van onderverdelingsplan
24. Vrystelling van sekere onderverdelings en konsoliderings
25. Eienaarskap van openbare plekke en grond vir ingenieursdienste en maatskaplike fasiliteite
26. Sluiting van openbare plekke
27. Dienste wat uit onderverdelings voortspruit
28. Sertifisering deur Munisipaliteit
29. Eienaarsverenigings
30. Eienaarsverenigings wat ophou funksioneer
31. Konsolidering van grondeenhede
32. Verval van konsolidering
33. Opheffing, opskorting of wysiging van beperkende voorwaardes
34. Endossemente in verband met opheffing, opskorting of wysiging van beperkende voorwaardes

### **HOOFSTUK IV AANSOEKPROSEDURES**

35. Wyse en datum van kennisgewing
36. Prosedures vir aansoeke
37. Konsultasie voor aansoek
38. Vereiste inligting
39. Aansoekgelde
40. Gronde vir weiering om aansoek te aanvaar
41. Ontvangs van aansoek en begin van aansoekproses
42. Verskaffing van bykomende inligting of dokumente
43. Terugtrekking van aansoek of volmag
44. Openbare kennisgewing ooreenkomstig ander wette en geïntegreerde prosedures
45. Publisering van kennisgewings

46. Betekening van kennisgewings
47. Inhoud van kennisgewing
48. Ander metodes van openbare kennisgewing
49. Vereistes vir petisies
50. Vereistes vir indiening van kommentaar
51. Interregeringsdeelnameproses
52. Wysigings voor goedkeuring
53. Verdere openbare kennisgewing
54. Aanspreeklikheid vir koste van kennisgewing
55. Reg van aansoeker om te antwoord
56. Skriftelike evaluering van aansoek
57. Besluitnemingstydperk
58. Versuim om binne tydperk te handel
59. Bevoegdhede om roetine-ondersoeke uit te voer
60. Besluite oor aansoek
61. Kennisgewing en inwerkingtreding van besluit
62. Pligte van agent
63. Foute en weglatings
64. Vrytellings om bespoedigde prosedures te fasiliteer

#### **HOOFSTUK V**

##### **MAATSTAWWE VIR BESLUITNEMING**

65. Algemene maatstawwe vir oorweging van aansoeke
66. Voorwaardes van goedkeuring

#### **HOOFSTUK VI**

##### **VERLENGING VAN GELDIGHEIDSTYDPERK VAN GOEDKEURINGS**

67. Aansoeke om verlenging van geldigheidstydperk

#### **HOOFSTUK VII**

##### **BESLUITNEMINGSTRUKTURE VIR MUNISIPALE BEPLANNING**

68. Besluitnemingstrukture vir munisipale beplanning
69. Oorweging van aansoeke
70. Instelling van Tribunaal
71. Samestelling van Tribunaal vir munisipale gebied
72. Proses vir aanstelling van lede van Tribunaal vir munisipale gebied
73. Ampstermyn en diensvoorwaardes van lede van Tribunaal vir munisipale gebied
74. Diskwalifikasie van lidmaatskap van Tribunaal
75. Vergaderings van Tribunaal vir munisipale gebied
76. Gedragskode vir lede van Tribunaal vir munisipale gebied
77. Administrateur vir Tribunaal vir munisipale gebied
78. Funksionering van Tribunaal vir munisipale gebied
79. Appelle
80. Prosedures vir appèl
81. Oorweging deur Appèlgesag



**HOOFSTUK VIII****VERSKAFFING VAN INGENIEURSDIENSTE**

- 82. Verantwoordelikheid vir verskaffing van ingenieursdienste
- 83. Ontwikkelingsheffings
- 84. Grond vir parke, oop ruimtes en ander gebruike

**HOOFSTUK IX****AFDWINGING**

- 85. Afdwinging
- 86. Misdrywe en strawwe
- 87. Betekening van voldoeningskennisgewing
- 88. Inhoud van voldoeningskennisgewing
- 89. Besware teen voldoeningskennisgewing
- 90. Versuim om aan voldoeningskennisgewing te voldoen
- 91. Voldoeningsertifikaat
- 92. Dringende aangeleenthede
- 93. Algemene bevoegdhede en werksaamhede van gemagtigde werknemers
- 94. Bevoegdhede van betreding, deursoeking en beslaglegging
- 95. Lasbrief van betreding vir afdwingingsdoeleindes
- 96. Inagneming van behoorlikheid en orde
- 97. Afdwingingsgedingvoering

**HOOFSTUK X****DIVERSE BEPALINGS**

- 98. Naamgewing en nommering van strate
- 99. Herroeping
- 100. Kort titel en inwerkingtreding

**BYLAE 1****GEDRAGSKODE VIR LEDE VAN TRIBUNAAL****BYLAE 2****VERORDENINGE HERROEP BY ARTIKEL 99**

## HOOFSTUK I UITLEG EN TOEPASSING

### Woordomskrywing

1. In hierdie Verordening, tensy dit uit die samehang anders blyk, het enige woord of uitdrukking waaraan 'n betekenis geheg is in die Wes-Kaapse Wet op Grondgebruikbeplanning, 2014 (Wet 3 van 2014), die betekenis daaraan geheg in daardie Wet en beteken—

“**aanneem**”, met betrekking tot 'n ruimtelike ontwikkelingsraamwerk, soneringskema, beleid of strategie, die goedkeuring daarvan deur 'n bevoegde gesag;

“**aansoek**” 'n aansoek by die Munisipaliteit bedoel in artikel 15(2);

“**aansoeker**” 'n persoon bedoel in artikel 15(2) wat aansoek doen by die Munisipaliteit soos beoog in daardie artikel;

“**afwykende gebruik**” 'n bestaande grondgebruik wat ingevolge 'n vorige soneringskema wettig was maar wat nie voldoen aan die soneringskema wat van krag is;

“**agent**” 'n persoon wat ingevolge 'n volmag gemagtig is om namens die eienaar van grond aansoek te doen;

“**Appèlgesag**” die Appèlgesag beoog in artikel 79(1);

“**basissonering**” die sonering voor die toepassing van enige oorlegsone;

“**beperkende voorwaarde**” enige voorwaarde geregistreer teen die titelakte van grond wat die gebruik, ontwikkeling of onderverdeling van die betrokke grond beperk;

“**datum van kennisgewing**” die datum waarop 'n kennisgewing beteken is soos beoog in artikel 35 of in die media of *Provinsiale Koerant* gepubliseer word;

“**diens**” 'n diens wat deur die Munisipaliteit, enige ander staatsorgaan of 'n diensverskaffer verskaf word, met inbegrip van dienste vir die verskaffing van water, riolering, elektrisiteit, afvalverwydering, paaie, stormwaterdreinerings, en beteken ook infrastruktuur, stelsels en prosesse wat met die diens verband hou;

“**eienaarsvereniging**” 'n eienaarsvereniging beoog in artikel 29;

“**eksterne ingenieursdiens**” 'n ingenieursdiens buite die grense van 'n grondgebied bedoel in 'n aansoek en wat nodig is vir die aanwending en ontwikkeling van die grond;

“**geleentheidsgebruik**”, met betrekking tot afwyking, ’n reg verleen op ’n tydelike grondslag om grond vir ’n doel aan te wend vir ’n bepaalde geleentheid of gebeurtenis;

“**gemagtigde werknemer**” ’n munisipale werknemer wat ingevolge gedelegeerde of gesubdelegeerde gesag deur die Munisipaliteit gemagtig is om ingevolge hierdie Verordening ’n bevoegdheid uit te oefen of ’n plig te verrig of om grond en geboue te ondersoek ten einde voldoening aan hierdie Verordening of die soneringskema af te dwing;

“**kommentaar**”, met betrekking tot kommentaar op ’n aansoek of appèl ingedien deur die publiek, munisipale departemente en ander staatsorgane en diensverskaffers, ook besware, verdoë en petisies;

“**konsolidering**”, met betrekking tot grond, die samesmelting van twee of meer aangrensende grondeenhede in ’n enkele grondeenheid, en beteken ook die fisiese voorbereiding van grond vir konsolidering;

“**konsultasie voor aansoek**” ’n konsultasie beoog in artikel 37;

“**maatskaplike infrastruktuur**” gemeenskapsfasiliteite, -dienste en -netwerke wat in maatskaplike behoeftes voorsien en gemeenskapswelstand verhoog;

“**Munisipale Bestuurder**” die munisipale bestuurder van die Munisipaliteit;

“**munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk**” ’n munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk aangeneem deur die Munisipaliteit ingevolge Hoofstuk 5 van die Munisipale Stelselwet;

“**Munisipaliteit**” die munisipaliteit van Stellenbosch wat ingestel is deur die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet 117 van 1998) by Instellingskennisgewing in die Provinsiale Koerant No. 479 gedateer 22 Desember 2000, uitgereik ingevolge, en waar die samehang aldus vereis, beteken ook—

- (a) die Raad;
- (b) ’n ander politieke struktuur of ’n politieke ampsbekleër van die Munisipaliteit, gemagtig of gedelegeer om ingevolge hierdie Verordening ’n werksaamheid te verrig of ’n bevoegdheid uit te oefen;
- (c) die Tribunaal, gemagtig of gedelegeer om ingevolge hierdie Verordening ’n werksaamheid te verrig of ’n bevoegdheid uit te oefen;
- (d) die Munisipale Bestuurder; en
- (e) ’n gemagtigde werknemer;

“**noodsituasie**” ook ’n situasie wat uit ’n vloed, sterk wind, hewige storm, brand, aardbewing of industriële ongeluk voortspruit en wat die verplasing van menslike nedersettings vereis;

**“onderverdelingsgebied”** ’n oorlegsone wat onderverdeling toelaat vir die doeleindes van ’n onderverdelingsaansoek waarby ’n verandering van sonering betrokke is;

**“ontwikkelingsheffing”** ’n ontwikkelingsheffing beoog in artikel 83 soos opgelê deur die Munisipaliteit;

**“oorlegsone”** ’n kategorie van sonering van toepassing op grond of ’n grondeenheid benewens die basissonering en wat—

- (a) bykomende ontwikkelingsparameters of gebruiksregte bepaal wat meer of minder beperkend as die basissonering is; en
- (b) bepalinge en ontwikkelingsparameters kan insluit wat verbandhou met—
  - (i) primêre of vergunningsgebruik;
  - (ii) basissonering;
  - (iii) onderverdeling of onderverdelingsgebiede;
  - (iv) ontwikkelingsaansporings;
  - (v) digtheidsbeperkings;
  - (vi) stedelike vorm of stedelike vernuwing;
  - (vii) erfenis- of omgewingsbeskerming;
  - (viii) bestuur van die buitenste grens van stedelike uitbreiding;
  - (ix) uitsigpaaie of plaaslike gebiede;
  - (x) kusbestuurlyn; of
  - (xi) enige ander doel soos uiteengesit in die soneringskema;

**“plaaslike ruimtelike ontwikkelingsraamwerk”** ’n plaaslike ruimtelike ontwikkelingsraamwerk beoog in artikel 9;

**“Raad”** die munisipale raad van die Munisipaliteit;

**“Regulasies vir Ruimtelike Beplanning en Grondgebruikbestuur”** die “Spatial Planning and Land Use Management Regulations: Land Use Management and General Matters, 2015” gemaak kragtens die Wet op Ruimtelike Beplanning en Grondgebruikbestuur, gepubliseer onder Kennisgewing R239/2015 in *Staatskoerant* 38594 van 23 Maart 2015;

**“terreinontwikkelingsplan”** ’n plan wat op skaal met afmetings geteken is wat besonderhede van die voorgestelde grondontwikkeling aandui, met inbegrip van die terreinuitleg, plasing van geboue en strukture, eiendomstoegang, gebou-ontwerpe en landskapuitleg;

**“Tribunaal”** die Munisipale Beplanningstribunaal wat ingevolge artikel 70 ingestel word;

**“toepaslike tydperk”**, bedoel in artikels 17(5) en (6), 18(2), 19(5), 22(1) en 32(1), die tydperk wat die Munisipaliteit kan bepaal in die voorwaardes van goedkeuring behoudens artikel 43(2)(b) van die Wet op Ruimtelike Beplanning en Grondgebruikbestuur, of die tydperk bedoel in artikel 43(2)(a) van die Wet op Ruimtelike Beplanning en Grondgebruikbestuur;

“**Wet op Grondgebruikbeplanning**” die Wes-Kaapse Wet op Grondgebruikbeplanning, 2014 (Wet 3 van 2014);

“**Wet op Ruimtelike Beplanning en Grondgebruikbestuur**” die Wet op Ruimtelike Beplanning en Grondgebruikbestuur, 2013 (Wet 16 van 2013).

### **Toepassing van Verordening**

2. Hierdie verordening is van toepassing op alle grond wat geleë is binne die Stellenbosch Munisipale area, insluitend grond wat deur staatsorgane besit word.

## **HOOFSTUK II RUIMTELIKE BEPLANNING**

### **Samestelling of wysiging van munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk**

3. (1) Wanneer die Raad ’n munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk ooreenkomstig die Munisipale Stelselwet saamstel of wysig, moet die Raad, soos beoog in artikel 11 van die Wet op Grondgebruikbeplanning—
  - (a) ’n interregeringsloodskomitee instel om sy munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk saam te stel of te wysig; of
  - (b) sy konsep- munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk of konsepwysiging van sy munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk na die Provinsiale Minister vir kommentaar verwys.
- (2) Die Munisipaliteit moet—
  - (a) in twee koerante in omloop in die betrokke gebied in twee van die amptelike tale van die Provinsie wat die meeste in die gebied gepraat word ’n kennisgewing publiseer van—
    - (i) die voorneme om die munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk saam te stel of te wysig; en
    - (ii) die proses wat gevolg staan te word ooreenkomstig artikel 28(3) en 29 van die Munisipale Stelselwet;
  - (b) die Provinsiale Minister skriftelik in kennis stel van—
    - (i) die voorneme om die munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk saam te stel of te wysig;
    - (ii) sy besluit ingevolge subartikel (1)(a) of (b); en
    - (iii) die proses wat gevolg staan te word om die munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk saam te stel of te wysig, met inbegrip van die proses beoog in subartikel (2)(a)(ii); en

- (c) tersaaklike belanghebbendes registreer, wat uitgenooi moet word om kommentaar te lewer op die konsep- munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk of konsepwysiging van die munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk as 'n deel van die proses beoog in subartikel (2)(a)(ii).

#### **Instelling van projekkomitee**

4. (1) Die Munisipaliteit moet 'n projekkomitee instel om sy munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk saam te stel of te wysig.
- (2) Die projekkomitee moet bestaan uit—
- (a) die Munisipale Bestuurder of 'n munisipale werknemer aangewys deur die munisipale bestuurder; en
- (b) munisipale werknemers aangestel deur die Munisipale Bestuurder uit minstens die volgende munisipale departemente:
- (i) die kantoor vir geïntegreerde ontwikkelingsbeplanning;
- (ii) die departement vir ruimtelike beplanning;
- (iii) die ingenieursdepartement;
- (iv) die departement vir plaaslike ekonomiese ontwikkeling; en
- (v) die departement vir behuising.

#### **Instelling van interregeringsloodskomitee**

5. Indien die Raad 'n interregeringsloodskomitee instel, moet die Munisipaliteit skriftelike benoemings vir verteenwoordigers om in die interregeringsloodskomitee te dien, skriftelik aanvra van die volgende persone of staatsorgane:
- (a) die hoof van die provinsiale departement verantwoordelik vir grondgebruikbeplanning;
- (b) die hoof van die provinsiale departement verantwoordelik vir omgewingsake; en
- (c) ander tersaaklike staatsorgane.

#### **Prosedure met interregeringsloodskomitee**

6. (1) Indien die Raad 'n interregeringsloodskomitee instel, moet die projekkomitee 'n konsep- *status quo*-verslag saamstel wat 'n evaluering van die bestaande vlakke van ontwikkeling en ontwikkelingsuitdagings in die munisipale gebied uiteensit en dit by die interregeringsloodskomitee vir kommentaar indien.

- (2) Na oorweging van die kommentaar van die interregeringsloodskomitee moet die projekkomitee die *status quo*-verslag afhandel en dit by die Raad indien vir aanneming.
- (3) Na afhandeling van die *status quo*-verslag, moet die projekkomitee 'n eerste konsep van die munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk of eerste konsep van die wysiging van die munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk saamstel en dit by die interregeringsloodskomitee vir kommentaar indien.
- (4) Na oorweging van die kommentaar van die interregeringsloodskomitee moet die projekkomitee die eerste konsep van die munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk of eerste konsep van die wysiging van die munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk afhandel en dit by die Raad indien vir goedkeuring van die publisering daarvan vir openbare kommentaar ooreenkomstig die proses aangeneem ingevolge artikels 28 en 29 van die Munisipale Stelselwet.
- (5) Na oorweging van die kommentaar en versoë ontvang uit hoofde van die publisering beoog in subartikel (4) moet die projekkomitee 'n finale konsep van die munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk of finale konsep van die wysiging van die munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk saamstel en dit by die interregeringsloodskomitee vir kommentaar indien.
- (6) Na oorweging van die kommentaar van die interregeringsloodskomitee beoog in subartikel (5) moet die projekkomitee die finale konsep van die munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk of finale konsep van die wysiging van die munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk afhandel en dit by die Raad vir aanneming indien.
- (7) Indien die finale konsep van die munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk of finale konsep van die wysiging van die munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk beoog in subartikel (6) wesenlik verskil van wat ingevolge subartikel (4) gepubliseer is, moet die Munisipaliteit ooreenkomstig subartikels (4), (5) en (6), saamgelees met die nodige veranderinge, 'n verdere proses van oorlegpleging en openbare deelname volg voordat die ruimtelike ontwikkelingsraamwerk of wysiging van die munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk deur die Raad aangeneem word.
- (8) Die Raad of die projekkomitee kan te eniger tyd in die proses van die samestelling van 'n munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk of die opstel van 'n wysiging van die munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk kommentaar van die interregeringsloodskomitee versoek.
- (9) Die Raad moet die finale konsep- munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk of finale konsepwysiging van die munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk aanneem, met of sonder wysigings, en moet binne 14 dae vanaf sy besluit in die media en die *Provinsiale Koerant* kennis gee van sy besluit.

### Prosedure sonder interregeringsloodskomitee

7. (1) Indien die Raad nie 'n interregeringsloodskomitee instel om sy munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk saam te stel of te wysig nie moet die projektkomitee—
- (a) 'n konsep- *status quo*-verslag saamstel wat 'n evaluering van die bestaande vlakke van ontwikkeling en ontwikkelingsuitdagings in die munisipale gebied uiteensit en dit by die Raad vir aanneming indien;
  - (b) na aanneming van die *status quo*-verslag, 'n eerste konsep van die munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk of eerste konsep van die wysiging van die munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk saamstel en dit by die Raad indien vir goedkeuring van die publisering daarvan vir openbare kommentaar;
  - (c) na goedkeuring van die eerste konsep van die munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk of eerste konsep van die wysiging van die munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk vir publisering beoog in paragraaf (b), die eerste konsep van die munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk of eerste konsep van die wysiging van die munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk ingevolge artikel 13 van die Wet op Grondgebruikbeplanning by die Provinsiale Minister vir kommentaar indien; en
  - (d) na oorweging van die kommentaar en verhoë ontvang van die publiek en die Provinsiale Minister, die finale konsep van die munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk of finale konsep van die wysiging van die munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk, met enige verdere wysigings, by die Raad vir aanneming indien.
- (2) Indien die finale konsep van die munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk of finale konsep van die wysiging van die munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk beoog in subartikel (1) wesenlik verskil van wat ingevolge subartikel (1)(b) gepubliseer is, moet die Munisipaliteit 'n verdere proses van oorlegpleging en openbare deelname volg voordat die munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk of wysiging van die munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk deur die Raad aangeneem word.
- (3) Die Raad moet die finale konsep van die munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk of finale konsep van die wysiging van die munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk aanneem, met of sonder wysigings, en moet binne 14 dae vanaf sy besluit in die media en die *Provinsiale Koerant* kennis gee van sy besluit.

### Werksaamhede en pligte

8. (1) Die lede van die projektkomitee moet, ooreenkomstig die opdragte van die [uitvoerende komitee/uitvoerende burgermeester/komitee van raadslede]—
- (a) toesig hou oor die samestelling van die munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk of opstel van 'n wysiging van die munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk vir aanneming deur die Raad;



- (b) tegniese kennis en kundigheid aan die Raad verskaf;
- (c) toesien dat die samestelling van die munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk of opstel van die wysiging van die munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk volgens die proses beoog in artikel 3(2)(a)(ii) vorder;
- (d) die proses van openbare deelname bestuur en toesien dat die geregistreerde belanghebbendes ingelig bly;
- (e) toesig hou oor die insluiting van wysigings aan die konsep- munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk of konsepwysiging van die munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk gegrond op die oorweging van die kommentaar ontvang gedurende die opstelproses daarvan;
- (f) toesig hou oor die opstel van—
  - (i) 'n verslag ingevolge artikel 14 van die Wet op Grondgebruikbeplanning wat die terugvoering uiteensit van die Munisipaliteit op die provinsiale kommentaar wat ingevolge artikel 12(4) of 13(2) van daardie Wet uitgereik is; en
  - (ii) 'n verklaring wat die volgende uiteensit:
    - (aa) of die Munisipaliteit uitvoering gegee het aan die beleid en doelwitte uitgereik deur die nasionale minister verantwoordelik vir ruimtelike beplanning en grondgebruikbestuur en indien wel, hoe en in watter mate die Munisipaliteit daaraan uitvoering gegee het; of
    - (bb) indien die munisipaliteit nie uitvoering gegee het aan die beleid en doelwitte nie, die redes waarom uitvoering nie daaraan gegee is nie.
- (g) ooreenstemming van die munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk met die ontwikkelingsplanne en strategieë van ander geraakte munisipaliteite en ander staatsorgane verseker soos beoog in artikel 24(1) van die Munisipale Stelselwet;
- (h) die integrering van ander sektorplanne in die munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk fasiliteer; en
- (i) indien die Raad 'n interregeringsloodskomitee instel—
  - (i) die Raad bystaan met die instelling van die interregeringsloodskomitee en die nakoming van tydsraamwerke; en
  - (ii) die vloei van inligting tussen die projektkomitee en die interregeringsloodskomitee verseker.

- (2) Die lede van die interregeringsloodskomitee moet—
- (a) die volgende aan die interregeringsloodskomitee verskaf of lewer:
    - (i) tegniese kennis en kundigheid;
    - (ii) insette oor uitstaande inligting wat benodig word om die munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk saam te stel of 'n wysiging daarvan op te stel;
    - (iii) inligting oor begrotingstoewysings;
    - (iv) inligting oor en die ligging van enige huidige of beplande projekte wat 'n impak op die munisipale gebied het; en
    - (v) skriftelike kommentaar ingevolge artikel 6; en
  - (b) skriftelike kommentaar ingevolge artikel 6 aan die projekkomitee verskaf.

#### **Plaaslike ruimtelike ontwikkelingsraamwerke**

9. (1) Die Munisipaliteit kan 'n plaaslike ruimtelike ontwikkelingsraamwerk vir 'n bepaalde geografiese gebied in 'n gedeelte van die munisipale gebied aanneem.
- (2) Die doel van 'n plaaslike ruimtelike ontwikkelingsraamwerk is om, vir 'n bepaalde geografiese gebied—
- (a) uitvoerige riglyne vir ruimtelike beplanning te verskaf;
  - (b) meer besonderhede te verskaf ten opsigte van 'n voorstel waarvoor daar in die munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk voorsiening gemaak word;
  - (c) in bepaalde grondgebruikbehoefte te voorsien;
  - (d) uitvoerige beleid en ontwikkelingsparameters vir grondgebruikbeplanning te verskaf;
  - (e) uitvoerige prioriteite met betrekking tot grondgebruikbeplanning en, vir sover dit by grondgebruikbeplanning inskakel, biodiversiteit en omgewingskwessies te verskaf; en
  - (f) besluitneming oor grondgebruikaansoeke te lei.

### **Samestelling, aanneming, wysiging of hersiening van plaaslike ruimtelike ontwikkelingsraamwerke**

10. (1) Indien die Munisipaliteit 'n plaaslike ruimtelike ontwikkelingsraamwerk saamstel, wysig of hersien, moet hy 'n prosesplan aanneem, met inbegrip van die prosesse vir openbare deelname wat gevolg staan te word vir die samestelling, wysiging, hersiening of aanneming van 'n plaaslike ruimtelike ontwikkelingsraamwerk.
- (2) Die Munisipaliteit moet binne 21 dae vanaf die aanneming van 'n plaaslike ruimtelike ontwikkelingsraamwerk of die wysiging van 'n plaaslike ruimtelike ontwikkelingsraamwerk 'n kennisgewing van die besluit in die media en die *Provinsiale Koerant* publiseer.

### **Status van plaaslike ruimtelike ontwikkelingsraamwerke**

11. (1) 'n Plaaslike ruimtelike ontwikkelingsraamwerk of 'n wysiging daarvan tree in werking op die datum van publikasie van die kennisgewing beoog in artikel 10(2).
- (2) 'n Plaaslike ruimtelike ontwikkelingsraamwerk lei en lê ten grondslag aan besluite wat deur die Munisipaliteit gemaak word in verband met grondontwikkeling, maar dit verleen nie regte of neem regte weg nie.

### **Strukturplanne**

12. (1) Indien die Munisipaliteit van voorneme is om 'n strukturplan in 'n plaaslike ruimtelike ontwikkelingsraamwerk te omskep, moet die Munisipaliteit aan artikels 9 tot 11 voldoen en—
  - (a) daardie strukturplan hersien en dit bestaanbaar maak met die doel van 'n plaaslike ruimtelike ontwikkelingsraamwerk beoog in artikel 9(2); en
  - (b) die bepalings van die strukturplan wat met daardie doel bestaanbaar is by die plaaslike ruimtelike ontwikkelingsraamwerk insluit.
- (2) Die Munisipaliteit moet ingevolge artikel 16(4) van die Wet op Grondgebruikbeplanning die tersaaklike strukturplan by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* intrek wanneer hy 'n plaaslike ruimtelike ontwikkelingsraamwerk beoog in subartikel (1) aanneem.

### HOOFSTUK III ONTWIKKELINGSBESTUUR

#### Bepaling van sonering

13. (1) Die eienaar van grond of sy of haar agent kan ingevolge artikel 15(2) by die Munisipaliteit aansoek doen vir die bepaling van 'n sonering vir grond bedoel in artikel 34(1), (2) of (3) van die Wet op Grondgebruikbeplanning.
- (2) Wanneer die Munisipaliteit 'n aansoek ingevolge subartikel (1) oorweeg, moet hy die volgende in ag neem:
- (a) die wettige aanwending van die grond, of die doel waarvoor dit wettiglik aangewend kon word onmiddellik voor die inwerkingtreding van die Wet op Grondgebruikbeplanning, indien dit vasgestel kan word;
  - (b) die sonering, indien enige, wat die versoenbaarste is met daardie aanwending of doel en enige toepaslike titelvoorwaarde;
  - (c) enige afwyking of vergunningsgebruik wat saam met daardie sonering benodig kan word;
  - (d) in die geval van grond wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van die Wet op Grondgebruikbeplanning onbeboud is, die aanwending wat toegelaat word ingevolge die titelvoorwaardes of, waar meer as een grondgebruik aldus toegelaat word, een van sodanige grondgebruike bepaal deur die Munisipaliteit; en
  - (e) waar die wettige aanwending van die grond en die doel waarvoor dit onmiddellik voor die inwerkingtreding van die Wet op Grondgebruikbeplanning wettiglik aangewend kon word, nie vasgestel kan word nie, die sonering wat, tesame met enige afwyking of vergunningsgebruik wat benodig kan word, die wenslikste en versoenbaarste is met enige toepaslike titelvoorwaarde.
- (3) Indien die wettige sonering van grond beoog in subartikel (1) nie vasgestel kan word nie moet die Munisipaliteit 'n sonering bepaal en 'n kennisgewing van sy voorneme ingevolge artikel 46 beteken.
- (4) 'n Grondgebruik wat onwettiglik begin het, hetsy voor of na die inwerkingtreding van hierdie Verordening, mag nie geag word wettig te wees nie.

### **Afwykende gebruike**

14. (1) 'n Afwykende gebruik maak nie ingevolge hierdie Verordening 'n misdryf uit nie.
- (2) 'n Afwykende gebruik kan voortduur solank dit andersins wettig bly, behoudens die volgende:
- (a) indien die afwykende gebruik om enige rede vir 'n tydperk van meer as vier-en-twintig opeenvolgende maande gestaak word, moet enige daaropvolgende aanwending van die eiendom aan hierdie Verordening en die soneringskema voldoen, met of sonder afwykings;
  - (b) 'n toepaslike aansoek beoog in artikel 15(2) moet gedoen word vir die verbouing of uitbreiding van geboue of strukture ten opsigte van die afwykende gebruik;
  - (c) die bewyslas van die bestaan van die afwykende gebruiksreg rus op die eienaar; en
  - (d) die gebruiksreg is beperk tot die gebied van die gebou of grond ten opsigte waarvan die bewese gebruiksreg bestaan.
- (3) Behoudens subartikel (2)(a) en (b), indien 'n bestaande gebou wat 'n afwykende gebruik uitmaak, vernietig of beskadig word in die mate dat dit nodig is om 'n weselike gedeelte van die gebou te sloop, kan die Munisipaliteit behoudens voorwaardes toestemming vir die herbou van sodanige gebou verleen.

### **Grondontwikkeling wat goedkeuring benodig**

15. (1) Geen persoon mag sonder die goedkeuring van die Munisipaliteit ingevolge subartikel (2) grondontwikkeling begin, voortsit of die begin of voortsetting van grondontwikkeling veroorsaak nie, behalwe vir die onderverdeling of konsolidering van grond bedoel in artikel 24.
- (2) Die eienaar van grond of sy of haar agent kan ingevolge hierdie Hoofstuk en Hoofstuk IV by die Munisipaliteit aansoek doen om die volgende met betrekking tot die ontwikkeling van die betrokke grond:
- (a) 'n hersonering van grond;
  - (b) 'n permanente afwyking van die ontwikkelingsparameters van die soneringskema;
  - (c) 'n afwyking verleen op 'n tydelike grondslag om grond vir 'n doel aan te wend wat nie toegelaat word ingevolge die primêre regte van die sonering van toepassing op die grond nie;
  - (d) 'n onderverdeling van grond wat nie ingevolge artikel 24 vrygestel is nie, met inbegrip van die registrasie van 'n servituut of huurooreenkoms;

- (e) 'n konsolidering van grond wat nie ingevolge artikel 24 vrygestel is nie;
  - (f) 'n opheffing, opskorting of wysiging van beperkende voorwaardes ten opsigte van 'n grondeenheid;
  - (g) 'n toestemming wat ingevolge die soneringskema benodig word;
  - (h) 'n wysiging, skrapping of oplegging van voorwaardes ten opsigte van 'n bestaande goedkeuring;
  - (i) 'n verlenging van die geldigheidstydperk van 'n goedkeuring;
  - (j) 'n goedkeuring van 'n oorlegsone soos beoog in die soneringskema;
  - (k) 'n wysiging of kansellering van 'n goedgekeurde onderverdelingsplan of 'n gedeelte daarvan, met inbegrip van 'n algemene plan of diagram;
  - (l) 'n toestemming wat ingevolge 'n voorwaarde van goedkeuring vereis word;
  - (m) 'n bepaling van 'n sonering;
  - (n) 'n sluiting van 'n openbare plek of 'n gedeelte daarvan;
  - (o) 'n vergunningsgebruik beoog in die soneringskema;
  - (p) 'n geleentheidsgebruik van grond;
  - (q) om 'n huiseienaarsvereniging te ontbind;
  - (r) om 'n versuim van 'n huiseienaarsvereniging om sy verpligtinge ten opsigte van beheer oor of instandhouding van dienste na te kom, reg te stel;
  - (s) 'n toestemming wat vereis word vir die herbou van 'n bestaande gebou wat 'n afwykende gebruik uitmaak en in so 'n mate vernietig of beskadig is dat dit nodig is om 'n aansienlike gedeelte van die gebou te sloop.
- (3) Indien artikel 53 van die Wet op Grondgebruikbeplanning op die grondontwikkeling van toepassing is, moet die eienaar of agent ook om goedkeuring van die grondontwikkeling ingevolge daardie Wet aansoek doen.
- (4) Indien artikel 52 van die Wet op Ruimtelike Beplanning en Grondgebruikbestuur op die grondontwikkeling van toepassing is, moet die eienaar of agent ook om goedkeuring van die grondontwikkeling ingevolge daardie Wet aansoek doen.
- (5) Wanneer 'n aansoeker of eienaar 'n gebruiksreg uitoefen wat ingevolge 'n goedkeuring verleen is, moet hy of sy aan die voorwaardes van die goedkeuring en die toepaslike bepalings van die soneringskema voldoen.

- (6) Wanneer die Munisipaliteit uit eie beweging van voorneme is om grondontwikkeling of 'n aktiwiteit beoog in subartikel (2) uit te voer, moet die besluit oor die aansoek deur die Tribunaal geneem word ooreenkomstig hierdie Hoofstuk en Hoofstuk IV en mag geen beampte gemagtig word om so 'n besluit te neem nie.

### **Voortsetting van aansoek na verandering van eienaarskap**

16. Indien grond wat die onderwerp van 'n aansoek is na 'n nuwe eienaar oorgedra word, kan die nuwe eienaar met die aansoek voortgaan as die regsopvolger van die vorige eienaar en word die nuwe eienaar vir die doeleindes van hierdie Verordening as die aansoeker geag.

### **Hersonering van grond**

17. (1) Die Munisipaliteit kan uit eie beweging grond waarvan hy nie die eienaar is nie hersoneer ten einde—
- (a) 'n openbare diens of 'n openbare ontspanningsruimte te verskaf; of
  - (b) 'n soneringskema of 'n gedeelte daarvan te vervang deur 'n soneringskema ingevolge waarvan die grond nie ooreenkomstig die aanwending daarvan of bestaande gebruiksregte gesoneer is nie.
- (2) 'n Aansoeker wat die hersonering van grond verlang, moet 'n aansoek by die Munisipaliteit ingevolge artikel 15(2) indien.
- (3) Wanneer die Munisipaliteit 'n oorlegsone vir grond skep, moet dit aan artikels 12 en 13 van die Munisipale Stelselwet voldoen.
- (4) Sonering kan op 'n grondeenheid of 'n gedeelte daarvan van toepassing gemaak word en sonering hoef nie kadastrale grense te volg nie.
- (5) Behoudens subartikel (6) verval 'n hersoneringsgoedkeuring beoog in subartikel (2) na die toepaslike tydperk vanaf die datum waarop die goedkeuring in werking tree indien, binne daardie tydperk—
- (a) die sonering nie ooreenkomstig die goedkeuring aangewend word nie; of
  - (b) daar nie aan die volgende vereistes voldoen is nie:
    - (i) die goedkeuring deur die Munisipaliteit van 'n bouplan beoog vir die aanwending van die goedgekeurde gebruiksreg; en
    - (ii) die begin van die bouwerk van die gebou beoog in subparagraaf (i).

- (6) 'n Goedkeuring van 'n hersonering na onderverdelingsgebied beoog in subartikel 20(2) verval na die toepaslike tydperk vanaf die datum waarop die goedkeuring in werking tree indien, binne daardie tydperk—
- (a) 'n onderverdelingsaansoek nie ingedien is nie; en
  - (b) daar nie aan die voorwaardes van goedkeuring voldoen word nie.
- (7) Indien 'n onderverdelingsaansoek ingedien word ten opsigte van grond wat as onderverdelingsgebied gesoneer is, verval die sonering van onderverdelingsgebied op die latere datum van die volgende datums:
- (a) die datum waarop die onderverdeling goedgekeur word; of
  - (b) die datum na die toepaslike tydperk beoog in subartikel (6), met inbegrip van enige verlengde tydperk wat ingevolge artikel 67 goedgekeur is.
- (8) Die goedkeuring van 'n hersonering na onderverdelingsgebied moet voorwaardes insluit wat vir minstens die volgende voorsiening maak:
- (a) digtheidsvereistes;
  - (b) hoofgrondgebruike en die omvang daarvan; en
  - (c) 'n uitvoerige faseringsplan of raamwerk wat die volgende insluit:
    - (i) hoofvervoerroetes;
    - (ii) hoofgrondgebruike;
    - (iii) grootmaatinfrastruktuur;
    - (iv) vereistes van staatsorgane;
    - (v) vereistes ten opsigte van openbare oop ruimtes; en
    - (vi) fisiese ontwikkelingsbeperkings.
- (9) Indien 'n hersoneringsgoedkeuring verval, is die sonering wat op die grond van toepassing was voor die goedkeuring van die hersonering van toepassing of, waar geen sonering voor die goedkeuring van die hersonering bestaan het nie, moet die Munisipaliteit 'n sonering ingevolge artikel 13 bepaal.



## Afwykinge

18. (1) 'n Aansoeker kan ingevolge artikel 15(2) by die Munisipaliteit aansoek doen—
- (a) om 'n afwyking van die ontwikkelingsparameters van 'n sonering of 'n oorlegsone; of
  - (b) om grond op 'n tydelike grondslag vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar aan te wend vir 'n doel wat nie toegelaat word ingevolge die primêre regte van die sonering wat op die grond van toepassing is nie.
- (2) 'n Afwyking beoog in subartikel (1)(a) verval na die toepaslike tydperk vanaf die datum waarop die goedkeuring in werking tree indien, binne daardie tydperk—
- (a) die afwyking nie ooreenkomstig die goedkeuring aangewend word nie; of
  - (b) daar nie aan die volgende vereistes voldoen is nie:
    - (i) die goedkeuring deur die Munisipaliteit van 'n bouplan beoog vir die aanwending van die goedgekeurde afwyking; en
    - (ii) die begin van die bouwerk van die gebou beoog in subparagraaf (i).
- (3) Die Munisipaliteit kan 'n afwyking beoog in subartikel (1)(b) goedkeur vir 'n tydperk korter as vyf jaar maar, indien 'n korter tydperk goedgekeur word, mag die tydperk tesame met enige verlengings goedgekeur ooreenkomstig artikel 67 nie vyf jaar oorskry nie.
- (4) 'n Tydelike afwyking beoog in subartikel (1)(b) mag nie meer as een keer ten opsigte van 'n sekere gebruik op 'n bepaalde grondeenheid goedgekeur word nie.
- (5) 'n Tydelike afwyking beoog in subartikel (1)(b) kan 'n verbetering van grond insluit slegs indien—
- (a) die verbetering tydelik van aard is; en
  - (b) die grond by verstryking van die gebruiksreg sonder verdere bouwerk of sloping kan terugkeer na sy vorige wettige gebruik.

## Vergunningsgebruike

19. (1) 'n Aansoeker kan ingevolge artikel 15(2) by die Munisipaliteit aansoek doen om 'n vergunningsgebruik beoog in die soneringskema.
- (2) Indien die ontwikkelingsparameters vir die vergunningsgebruik waarvoor daar aansoek gedoen word nie in die soneringskema omskryf word nie moet die Munisipaliteit die ontwikkelingsparameters van toepassing op die vergunningsgebruik bepaal ingevolge die voorwaardes van goedkeuring wat ingevolge artikel 66 opgelê word.

- (3) 'n Vergunningsgebruik kan permanent goedgekeur word of vir 'n tydperk vermeld in die voorwaardes van goedkeuring wat ingevolge artikel 66 opgelê word.
- (4) 'n Vergunningsgebruik wat vir 'n vermelde tydperk goedgekeur word moet nie die uitwerking hê dat dit die toekomstige aanwending van die eiendom vir die primêre gebruike wat ingevolge die sonering van die grond toegelaat word, verhinder nie.
- (5) 'n Vergunningsgebruik beoog in subartikel (1) verval na die toepaslike tydperk vanaf die datum waarop die goedkeuring in werking tree indien, binne daardie tydperk—
  - (a) die vergunningsgebruik nie ooreenkomstig die goedkeuring aangewend word nie; of
  - (b) daar nie aan die volgende vereistes voldoen is nie:
    - (i) die goedkeuring deur die Munisipaliteit van 'n bouplan beoog vir die aanwending van die goedgekeurde gebruiksreg; en
    - (ii) die begin van die bouwerk van die gebou beoog in subparagraaf (i).

### Onderverdeling

- 20.** (1) Geen persoon mag grond onderverdeel sonder die goedkeuring van die Munisipaliteit ingevolge artikel 15(2) nie tensy die onderverdeling ingevolge artikel 24 vrygestel is.
- (2) Geen aansoek om onderverdeling waarby 'n verandering van sonering betrokke is, mag deur die Munisipaliteit oorweeg word nie tensy die betrokke grond as 'n onderverdelingsgebied gesoneer is.
  - (3) 'n Aansoeker kan 'n onderverdelingsaansoek gelyktydig met 'n aansoek om hersonering indien.
  - (4) Die Munisipaliteit moet vir 'n goedkeuring van 'n onderverdeling gepaste voorwaardes met betrekking tot ingenieursdienste ingevolge artikel 66 oplê.
  - (5) Indien die Munisipaliteit 'n onderverdeling goedkeur, moet die aansoeker 'n algemene plan of diagram by die Landmeter-generaal vir goedkeuring indien, met inbegrip van bewys tot die bevrediging van die Landmeter-generaal van—
    - (a) die Munisipaliteit se besluit om die onderverdeling goed te keur;
    - (b) die voorwaardes van goedkeuring wat ingevolge artikel 66 opgelê is; en
    - (c) die goedgekeurde onderverdelingsplan.

- (6) Die Munisipaliteit moet aan die aansoeker of enige ander persoon op sy of haar skriftelike versoek 'n sertifikaat uitreik om te bevestig dat daar aan alle voorwaardes van goedkeuring beoog in subartikel 21(1)(c) voldoen is indien die aansoeker die bewys beoog in daardie artikel ingedien het.
- (7) Indien die Munisipaliteit 'n sertifikaat bedoel in subartikel (6) foutiewelik uitreik, word die eenaar nie daarvan onthef om aan die verpligtinge te voldoen wat ingevolge die voorwaardes opgelê is nie.

### **Bevestiging van onderverdeling**

21. (1) 'n Onderverdeling of 'n gedeelte daarvan is bevestig en kan nie verval nie wanneer die volgende voorwaardes binne die tydperk beoog in artikel 22(1) nagekom is:
  - (a) goedkeuring deur die Landmeter-generaal van die algemene plan of diagram beoog in artikel 20(5);
  - (b) voltooiing van die installering van ingenieursdienste ooreenkomstig die voorwaardes beoog in artikel 20(4) en ander wetgewing wat van toepassing is;
  - (c) bewys tot die bevrediging van die Munisipaliteit dat daar ten opsigte van die gebied aangetoon op die algemene plan of diagram aan alle tersaaklike voorwaardes van die goedgekeurde onderverdeling waaraan daar voldoen moet word voor voldoening aan paragraaf (d) voldoen is; en
  - (d) registrasie ingevolge die Registrasie van Aktes Wet van die oordrag van eienaarskap van die grondeenheid aangetoon op die diagram of van minstens een nuwe grondeenheid aangetoon op die algemene plan.
- (2) By bevestiging van 'n onderverdeling of 'n gedeelte daarvan ingevolge subartikel (1) is sonerings aangedui op 'n goedgekeurde onderverdelingsplan bevestig en kan dit nie verval nie.
- (3) Die Munisipaliteit moet skriftelik aan die aansoeker of enige ander persoon op sy of haar skriftelike versoek bevestig dat 'n onderverdeling of 'n gedeelte van 'n onderverdeling bevestig is indien die aansoeker tot die bevrediging van die Munisipaliteit bewys van voldoening aan die vereistes bedoel in subartikel 1(a) tot (d) vir die onderverdeling of 'n gedeelte daarvan gelewer het.
- (4) Geen gebou of struktuur mag gebou word op 'n grondeenheid wat deel uitmaak van 'n goedgekeurde onderverdeling nie tensy die onderverdeling soos beoog in subartikel (1) bevestig is of die Munisipaliteit die bouwerk voor die bevestiging van die onderverdeling goedgekeur het.

### **Verval van onderverdeling**

22. (1) 'n Goedgekeurde onderverdeling verval na die toepaslike tydperk vanaf die datum waarop die goedkeuring in werking tree indien die vereistes beoog in artikel 21(1)(a) tot (d) nie binne daardie tydperk nagekom is nie.

- (2) Indien 'n aansoeker voldoen aan artikel 21(1)(b) en (c) slegs ten opsigte van 'n gedeelte van die grond wat op die algemene plan beoog in artikel 21(1)(a) weergegee word, moet die aansoeker die algemene plan intrek en 'n nuwe algemene plan by die Landmeter-generaal indien.
- (3) Indien 'n goedkeuring van 'n onderverdeling of 'n gedeelte daarvan ingevolge subartikel (1) verval—
  - (a) moet die Munisipaliteit—
    - (i) die soneringskaart, en waar van toepassing die register, dienooreenkomstig wysig; en
    - (ii) die Landmeter-generaal dienooreenkomstig in kennis stel; en
  - (b) moet die Landmeter-generaal die rekords van die Kantoor van die Landmeter-generaal endosseer om die kennisgewing dat die onderverdeling verval het, weer te gee.

### **Wysiging of kansellering van onderverdelingsplan**

23. (1) Die Munisipaliteit kan met betrekking tot grondeenhede aangetoon op die algemene plan of diagram waarvoor geen oordrag ingevolge die Registrasie van Aktes Wet geregistreer is nie die wysiging of kansellering van 'n onderverdelingsplan ingevolge artikel 15(2) goedkeur, met inbegrip van voorwaardes van goedkeuring, die algemene plan of diagram.
- (2) Wanneer die Munisipaliteit 'n aansoek ingevolge subartikel (1) goedkeur, moet enige openbare plek wat uit hoofde van die goedkeuring nie meer benodig word nie, ingevolge artikel 26 gesluit word.
- (3) Die Munisipaliteit moet die Landmeter-generaal van 'n goedkeuring ingevolge subartikel (1) in kennis stel en die Landmeter-generaal moet die rekords van die Kantoor van die Landmeter-generaal endosseer om die wysiging of kansellering van die onderverdeling weer te gee.
- (4) 'n Gewysigde onderverdelingsgoedkeuring beoog in subartikel (1) is geldig vir die oorblywende gedeelte van die tydperk wat op die aanvanklike goedkeuring van die onderverdeling van toepassing was voordat dit gewysig is, gereken vanaf die datum van goedkeuring van die wysiging of kansellering ingevolge subartikel (1).

### **Vrystelling van sekere onderverdelings en konsoliderings**

24. (1) Die onderverdeling of konsolidering van grond benodig in die volgende gevalle nie die goedkeuring van die Munisipaliteit nie:
  - (a) 'n onderverdeling of konsolidering wat uit die implementering van 'n hofbevel voortspuit;

- (b) 'n onderverdeling of konsolidering wat uit 'n onteiening voortspruit;
  - (c) 'n mindere wysiging van die gemeenskaplike grens tussen twee of meer grondeenhede indien die gevolglike verandering in gebied van enige van die grondeenhede nie 10 persent oorskry nie;
  - (d) die konsolidering van 'n geslote openbare plek met 'n aangrensende erf;
  - (e) die bou of verandering van 'n openbare of geproklameerde straat;
  - (f) die registrasie van 'n serwituut of huurooreenkoms vir—
    - (i) die verskaffing of installing van waterpyplyne, elektrisiteitstoevoerlyne, rioolpyplyne, stormwaterpyplyne en -kanale, gaspyplyne of olie- en petroleumprodukpyplyne deur of namens 'n staatsorgaan of diensverskaffer;
    - (ii) die verskaffing of installing van telekommunikasielyne deur of namens 'n gelisensieerde telekommunikasie-operateur;
    - (iii) die oplegging van hoogtebeperkings; of
    - (iv) die verlening van 'n reg van bewoning, privaat reg van weg of vruggebruik;
  - (g) die uitsluitlike aanwending van grond vir landboudoeleindes indien die aanwending—
    - (i) goedkeuring benodig ingevolge wetgewing wat die onderverdeling van landbougrond reguleer; en
    - (ii) nie tot stedelike uitbreiding aanleiding gee nie.
- (2) 'n Eienaar van grond of sy of haar agent moet 'n sertifikaat van die Munisipaliteit bekom wat skriftelik sertifiseer dat die onderverdeling of konsolidering vrygestel is van die toepassing van artikel 15, en artikels 20 tot 23 in die geval van 'n onderverdeling of artikels 15, 31 en 32 in die geval van 'n konsolidering.
- (3) Die Munisipaliteit moet op die onderverdelingsplan, of op die diagram ten opsigte van die konsolidering, aandui dat die onderverdeling of konsolidering van die toepassing van die artikels bedoel in subartikel (2) vrygestel is.

### **Eienaarskap van openbare plekke en grond vir ingenieursdienste en maatskaplike fasiliteite**

25. (1) Die eienaarskap van grond wat vir 'n openbare plek bestem is soos aangetoon op 'n goedgekeurde onderverdelingsplan vestig in die Munisipaliteit by bevestiging van die onderverdeling of 'n gedeelte daarvan.
- (2) Die Munisipaliteit kan ingevolge voorwaardes opgelê ingevolge artikel 66 bepaal dat grond wat op 'n goedgekeurde onderverdelingsplan aangewys is vir die verskaffing van munisipale dienste-infrastruktuur en geriewe oorgedra word na die Munisipaliteit by bevestiging van die onderverdeling of 'n gedeelte daarvan.

### **Sluiting van openbare plekke**

26. (1) Die Munisipaliteit kan, uit eie beweging of by aansoek, 'n openbare plek of enige gedeelte daarvan ooreenkomstig Hoofstuk IV permanent sluit.
- (2) 'n Aansoeker wat die sluiting van 'n openbare plek benodig, hetsy permanent of tydelik, moet ingevolge artikel 15(2) by die Munisipaliteit aansoek doen.
- (3) Indien 'n persoon 'n eis teen die Munisipaliteit instel vir verlies of skade wat hy of sy na bewering gely het weens die wanoptrede deur die Munisipaliteit toe die Munisipaliteit 'n openbare plek permanent gesluit het, moet die gemagtigde werknemer—
- (a) bewys vereis van nalatigheid of enige ander wanoptrede deur die Munisipaliteit wat tot die verlies of skade gelei het; en
- (b) voordat enige eis betaal of geskik word, 'n volledige tegniese ondersoekverslag bekom ten opsigte van die omstandighede wat tot die sluiting van die openbare plek gelei het, ten einde vas te stel of die Munisipaliteit nalatig was al dan nie.
- (4) Die Munisipaliteit kan 'n eis betaal indien—
- (a) die omstandighede van die verlies of skade wys dat die Munisipaliteit onregmatig gehandel het;
- (b) die eiser sy of haar verlies of skade bewys het;
- (c) die eiser bewys van 'n billike en redelike omvang gelewer het;
- (d) geen eis deur persoonlike versekering betaal is wat dieselfde verlies dek nie; en
- (e) enige tersaaklike inligting soos versoek deur die gemagtigde werknemer, ontvang is.
- (5) Die eienaarskap van die grond bevat in enige openbare plek, of 'n gedeelte daarvan, wat permanent ingevolge hierdie artikel gesluit is, bly gevestig in die Munisipaliteit tensy die Munisipaliteit anders bepaal.

- (6) Die Munisipale Bestuurder kan, sonder voldoening aan Hoofstuk IV, 'n openbare plek tydelik sluit—
- (a) vir die doel van, of hangende, die bou, herbou of instandhouding van die openbare plek;
  - (b) vir die doel van, of hangende, die bou, uitbreiding, instandhouding of sloping van enige gebou, struktuur, werke of diens langs, op, oor, deur, bo-oor of onder die openbare plek;
  - (c) indien die openbare plek in 'n toestand is wat vir die publiek 'n gevaar inhou;
  - (d) omrede 'n noodsituasie of openbare geleentheid wat spesiale maatreëls vir die beheer van verkeer of skares vereis; of
  - (e) om enige ander rede wat die tydelike sluiting van die openbare plek nodig of wenslik maak.
- (7) Die Munisipaliteit moet die Landmeter-generaal van 'n goedkeuring ingevolge subartikel (1) in kennis stel en die Landmeter-generaal moet die rekords van die Kantoor van die Landmeter-generaal endosseer om die sluiting van die openbare plek weer te gee.

#### **Dienste wat uit onderverdeling voortspruit**

27. Na die goedkeuring van 'n aansoek om onderverdeling ingevolge hierdie Verordening moet die eienaar van enige grondeenheid wat uit die onderverdeling voortspruit—
- (a) toelaat dat die volgende ten opsigte van ander grondeenhede wat uit die onderverdeling voortspruit sonder vergoeding oor sy of haar grondeenheid vervoer word:
    - (i) hoofgasleidings;
    - (ii) elektrisiteitskabels;
    - (iii) telefoonkabels;
    - (iv) televisiekabels;
    - (v) ander elektroniese infrastruktuur;
    - (vi) hoof- en ander waterpype;
    - (vii) vuilriole;
    - (viii) stormwaterpype; en
    - (ix) vore en kanale;

- (b) die volgende op sy of haar grondeenheid toelaat indien nodig geag en op die wyse en posisie soos redelikerwys deur die Munisipaliteit vereis kan word:
  - (i) oppervlak-installerings soos mini-substasies;
  - (ii) meterskakelkaste; en
  - (iii) dienspilare;
- (c) te eniger redelike tyd toegang tot die grondeenheid toelaat vir die doel om enige werke bedoel in paragraaf (a) of (b) te bou, verbou, verwyder of te ondersoek; en
- (d) materiaal ontvang of tot uitgrawings op die grondeenheid instem soos nodig kan wees om gebruik van die volle breedte van 'n aangrensende straat toe te laat en om die straatwal van 'n veilige en behoorlike helling te voorsien waar genoodsaak weens verskille tussen die vlak van die straat soos aan die uiteinde gebou en die vlak van die grondeenheid tensy hy of sy kies om steunmure te bou tot die bevrediging van en binne 'n tydperk bepaal deur die Munisipaliteit.

### **Sertifisering deur Munisipaliteit**

- 28.** (1) 'n Persoon kan by die Registrateur van Aktes aansoek doen om die registrasie van 'n grondeenheid in die gevalle bedoel in subartikel (3)(a) tot (c) slegs indien die Munisipaliteit 'n sertifikaat ingevolge hierdie artikel uitgereik het.
- (2) Die Registrateur van Aktes kan die oordrag van 'n grondeenheid in die gevalle bedoel in subartikel (3)(a) tot (c) registreer slegs indien die Munisipaliteit 'n sertifikaat ingevolge hierdie artikel uitgereik het.
  - (3) Die Munisipaliteit moet 'n sertifikaat uitreik vir die oordrag van 'n grondeenheid beoog in subartikels (1) en (2) indien die eienaar die volgende aan die Munisipaliteit verskaf:
    - (a) waar 'n eienaarsvereniging ten opsigte van daardie grondeenheid ingestel is, 'n transportbesorgersertifikaat wat bevestig dat geld verskuldig deur die transportgewer van die grondeenheid aan daardie eienaarsvereniging betaal is of dat voorsiening tot die bevrediging van die eienaarsvereniging gemaak is vir die betaling daarvan;
    - (b) bewys van betaling van enige bestaande strydigheidshewing verskuldig deur die transportgewer van die grondeenheid of bewys van voldoening aan 'n opdrag in 'n voldoeningskenningsgewing wat ingevolge Hoofstuk IX aan die transportgewer uitgereik is;



- (c) in die geval van die eerste oordrag van 'n grondeenheid wat uit 'n onderverdeling voortspruit, bewys dat—
- (i) alle gemeenskaplike eiendom wat uit die onderverdeling voortspruit na die eienaarsvereniging oorgedra is soos beoog in artikel 29(3)(e) of gelyktydig met die registrasie van die oordrag van daardie grondeenheid na die eienaarsvereniging oorgedra sal word;
  - (ii) grond wat vir openbare doeleindes of ander munisipale infrastruktuur benodig word soos beoog ingevolge 'n voorwaarde opgelê kragtens artikel 66 oorgedra is na die Munisipaliteit of gelyktydig by die registrasie van die oordrag van daardie grondeenheid na die Munisipaliteit oorgedra sal word;
  - (iii) die ingenieursdienste en geriewe wat in verband met die onderverdeling verskaf moet word beskikbaar is; en
  - (iv) 'n sertifikaat beoog in artikel 20(6) deur die Munisipaliteit uitgereik is.

### **Eienaarsverenigings**

- 29.** (1) Die Munisipaliteit kan, wanneer hy 'n aansoek om 'n onderverdeling van grond goedkeur, voorwaardes oplê met betrekking tot die verpligte instelling deur die aansoeker van 'n eienaarsvereniging vir 'n gebied bepaal in die voorwaardes.
- (2) 'n Eienaarsvereniging wat uit hoofde van subartikel (1) tot stand kom, is 'n regspersoon en moet 'n grondwet hê.
- (3) Die grondwet van 'n eienaarsvereniging moet voor die oordrag van die eerste grondeenheid goedgekeur word deur die Munisipaliteit en moet voorsiening maak vir—
- (a) die eienaarsvereniging om die gemeenskaplike wedersydse belange van die gebied, voorstad of buurt uiteengesit in die grondwet ooreenkomstig die voorwaardes van goedkeuring formeel te verteenwoordig;
  - (b) beheer oor en instandhouding van geboue, dienste of geriewe wat uit die onderverdeling voortspruit;
  - (c) die reëling van minstens een jaarvergadering met sy lede;
  - (d) beheer oor die ontwerpsriglyne van die geboue en erwe wat uit die onderverdeling voortspruit;

- (e) die eienaarskap deur die eienaarsvereniging van alle gemeenskaplike eiendom wat uit die onderverdeling voortspruit, met inbegrip van—
    - (i) privaat oop ruimtes;
    - (ii) privaat paaie; en
    - (iii) grond benodig vir dienste gelewer deur die eienaarsvereniging;
  - (f) afdwinging van voorwaardes van goedkeuring of bestuursplanne;
  - (g) prosedures om die instemming van lede van die eienaarsvereniging te bekom om 'n erf oor te dra in die geval waar die eienaarsvereniging ophou funksioneer; en
  - (h) die implementering en afdwinging deur die eienaarsvereniging van die bepalings van die grondwet.
- (4) Die grondwet van 'n eienaarsvereniging kan ander doelwitte hê soos gestel deur die vereniging maar mag nie bepalings bevat wat strydig met enige wet is nie.
  - (5) Die grondwet van die eienaarsvereniging tree in werking by registrasie van die eerste grondeenheid.
  - (6) 'n Eienaarsvereniging kan wanneer nodig sy grondwet wysig maar indien 'n wysiging die Munisipaliteit of 'n bepaling bedoel in subartikel (3) raak, moet die wysiging ook deur die Munisipaliteit goedgekeur word.
  - (7) 'n Eienaarsvereniging wat tot stand kom uit hoofde van subartikel (1)—
    - (a) het as sy lede al die eienaars van die grondeenhede wat uit die onderverdeling voortspruit en hul regsopvolgers, wat gesamentlik aanspreeklik is vir uitgawes aangegaan in verband met die vereniging; en
    - (b) is by registrasie van die eerste grondeenheid outomaties ingestel.
  - (8) Die ontwerpstriglyne beoog in subartikel (3)(d) kan ontwikkelingsreëls instel wat meer beperkend is as die reëls waarvoor die soneringskema voorsiening maak.

### **Eienaarsverenigings wat ophou funksioneer**

- 30.** (1) Indien 'n eienaarsvereniging ophou om te funksioneer of om sy verpligtinge na te kom, kan die Munisipaliteit of enige geraakte persoon, met inbegrip van 'n lid van die vereniging, aansoek doen—
  - (a) ingevolge artikel 15(2)(g) om die eienaarsvereniging te ontbind behoudens—
    - (i) die wysiging van die voorwaardes van goedkeuring om die verpligting om 'n eienaarsvereniging in te stel, op te hef; en

- (ii) die wysiging van titelvoorwaardes rakende die eienaarsvereniging om enige verpligting ten opsigte van 'n eienaarsvereniging op te hef;
  - (b) om toepaslike optrede deur die Munisipaliteit ingevolge artikel 15(2)(r) om 'n versuim van die eienaarsvereniging, om enige van sy verpligtinge na te kom ten opsigte van die beheer oor of instandhouding van dienste beoog in artikel 29(3)(b), reg te stel; of
  - (c) by die Hooggeregshof om 'n administrateur aan te stel wat die bevoegdhede van die eienaarsvereniging met uitsluiting van die eienaarsvereniging moet uitvoer.
- (2) By oorweging van 'n aansoek beoog in subartikel (1)(a)(i) moet die Munisipaliteit die volgende in ag neem:
- (a) die doel van die eienaarsvereniging;
  - (b) wie beheer oor, en instandhouding van, dienste waarvoor die eienaarsvereniging verantwoordelik is, sal oorneem; en
  - (c) die impak van die ontbinding van die eienaarsvereniging op die lede van die eienaarsvereniging en die betrokke gemeenskap.
- (3) Die Munisipaliteit of die geraakte persoon kan van die lede van die eienaarsvereniging die bedrag van enige uitgawes wat deur die Munisipaliteit of die geraakte persoon aangegaan is, na gelang van die geval, ten opsigte van enige handeling ingevolge subartikel (1), verhaal.
- (4) Die bedrag van enige uitgawe aldus verhaal, word vir die doeleindes van artikel 29(7)(a) geag uitgawes te wees wat in verband met die eienaarsvereniging aangegaan is.

### **Konsolidering van grondeenhede**

- 31.** (1) Geen persoon mag grond konsolideer sonder die goedkeuring van die Munisipaliteit ingevolge artikel 15(2) nie, tensy die konsolidering ingevolge artikel 24 vrygestel is.
- (2) Indien die Munisipaliteit 'n konsolidering goedkeur, moet die aansoeker 'n diagram by die Landmeter-generaal indien vir goedkeuring, met inbegrip van bewys tot die bevrediging van die Landmeter-generaal van—
- (a) die Munisipaliteit se besluit om die konsolidering goed te keur;
  - (b) die voorwaardes van goedkeuring opgelê ingevolge artikel 66; en
  - (c) die goedgekeurde konsolideringsplan.

- (3) Indien die Munisipaliteit 'n konsolidering goedkeur, moet die Munisipaliteit die soneringskaart en, waar van toepassing die register, dienooreenkomstig wysig.

### **Verval van konsolidering**

- 32.** (1) 'n Goedgekeurde konsolidering van grondeenhede verval indien die konsolidering nie binne die toepaslike tydperk vanaf die datum waarop die goedkeuring in werking tree ingevolge die Registrasie van Aktes Wet geregistreer is nie.
- (2) Indien 'n goedkeuring van 'n konsolidering ingevolge subartikel (1) verval—
- (a) moet die Munisipaliteit—
- (i) die soneringskaart, en waar van toepassing die register, dienooreenkomstig wysig; en
- (ii) die Landmeter-generaal dienooreenkomstig in kennis stel; en
- (b) moet die Landmeter-generaal die rekords van die Kantoor van die Landmeter-generaal endosseer om die kennisgewing dat die konsolidering verval het, weer te gee.

### **Opheffing, opskorting of wysiging van beperkende voorwaardes**

- 33.** (1) Die Munisipaliteit kan, uit eie beweging of by aansoek ingevolge artikel 15(2), 'n beperkende voorwaarde ophef, opskort of wysig.
- (2) Die Munisipaliteit kan 'n beperkende voorwaarde soos volg ophef, opskort of wysig:
- (a) permanent;
- (b) vir 'n tydperk vermeld in die goedkeuring; of
- (c) behoudens voorwaardes van goedkeuring.
- (3) Benewens die prosedures uiteengesit in Hoofstuk IV moet die eienaar—
- (a) 'n afskrif van die tersaaklike titelakte by die Munisipaliteit indien; en
- (b) waar van toepassing, die verbandhouer se toestemming vir die aansoek indien.
- (4) Die Munisipaliteit moet 'n kennisgewing van 'n aansoek ingevolge subartikel (1) laat beteken op—
- (a) alle staatsorgane wat moontlik 'n belang by die beperkende voorwaarde het;
- (b) 'n persoon wie se regte of regmatige verwagtinge geraak sal word deur die goedkeuring van die aansoek; en

- (c) alle persone vermeld in die titelakte tot wie se voordeel die beperkende voorwaarde van toepassing is.
- (5) Wanneer die Munisipaliteit die opheffing, opskorting of wysiging van 'n beperkende voorwaarde oorweeg, moet die Munisipaliteit die volgende in ag neem:
- (a) die finansiële of ander waarde van die regte wat 'n persoon of entiteit ingevolge die beperkende voorwaarde geniet, ongeag of dié regte persoonlik is of in die persoon as die eienaar van 'n heersende erf vestig;
- (b) die persoonlike voordele wat aan die houër van regte ingevolge die beperkende voorwaarde toeval;
- (c) die persoonlike voordele wat sal toeval aan die persoon wat die opheffing, opskorting of wysiging van die beperkende voorwaarde verlang indien dit gewysig, opgeskort of opgehef word;
- (d) die maatskaplike voordeel indien die beperkende voorwaarde in sy bestaande vorm in plek bly;
- (e) die maatskaplike voordeel van die opheffing, opskorting of wysiging van die beperkende voorwaarde; en
- (f) of die opheffing, opskorting of wysiging van die beperkende voorwaarde alle regte wat die begunstigde geniet volkome sal wegneem of slegs sommige van daardie regte.
- (6) 'n Goedkeuring om 'n beperkende voorwaarde op te hef, op te skort of te wysig, tree in werking—
- (a) indien geen appèl aangeteken is nie, na die verstryking van die tydperk beoog in artikel 79(2) waarbinne 'n appèl aangeteken moet word; of
- (b) indien appèl aangeteken is, wanneer die Appèlgesag oor die appèl besluit het.
- (7) Die Munisipaliteit moet nadat die besluit in werking tree soos beoog in subartikel (6) 'n kennisgewing van die besluit om 'n beperkende voorwaarde op te hef, op te skort of te wysig in die *Provinsiale Koerant* laat publiseer en die Registrateur van die besluit in kennis stel.

### **Endossemente in verband met die opheffing, opskorting of wysiging van beperkende voorwaardes**

34. (1) 'n Aansoeker op wie se versoek 'n beperkende voorwaarde opgehef, opgeskort of gewysig word, moet na die publisering van 'n kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* beoog in artikel 33(7) by die Registrateur van Aktes aansoek doen om die toepaslike inskrywings in en endossemente op, enige tersaaklike register of titelakte te maak ten einde die opheffing, opskorting of wysiging van die beperkende voorwaarde weer te gee.

- (2) Die Registrateur van Aktes kan bewys van die opheffing, opskorting of wysiging van 'n beperkende voorwaarde van die aansoeker vereis, met inbegrip van die indiening by die Registrateur van Aktes van die volgende:
- (a) 'n afskrif van die goedkeuring;
  - (b) die oorspronklike titelakte; en
  - (c) 'n afskrif van die kennisgewing beoog in artikel 33(7) soos gepubliseer in die *Provinsiale Koerant*.

#### **HOOFSTUK IV AANSOEKPROSEDURES**

##### **Wyse en datum van kennisgewing**

- 35. (1)** Enige betekening van 'n kennisgewing of kennisgewing of erkenning gegee ingevolge hierdie Verordening moet op skrif wees en kan aan 'n persoon uitgereik word—
- (a) deur dit per hand aan die persoon af te lewer;
  - (b) deur dit per geregistreerde pos te stuur—
    - (i) na daardie persoon se besigheids- of woonadres; of
    - (ii) in die geval van 'n regs persoon, na sy geregistreerde adres of vernaamste besigheidsplek;
  - (c) deur middel van databoodskappe beoog in die Wet op Elektroniese Kommunikasies en Transaksies, 2002 (Wet 25 van 2002), deur 'n afskrif van die kennisgewing aan die persoon te stuur, indien die persoon 'n e-posadres of ander elektroniese adres het; of
  - (d) waar 'n adres onbekend is ondanks redelike ondersoek, deur dit eenmalig in die *Provinsiale Koerant* en eenmalig in 'n plaaslike koerant in omloop in die gebied van daardie persoon se laaste bekende besigheids- of woonadres te publiseer.
- (2) Die datum van kennisgewing ten opsigte van 'n kennisgewing wat ingevolge hierdie Verordening aan 'n persoon beteken of gegee is—
- (a) wanneer dit per gesertifiseerde of geregistreerde pos beteken is, is die datum van registrasie van die kennisgewing;
  - (b) wanneer dit persoonlik aan daardie persoon afgelewer is, is die datum van aflewering aan daardie persoon;

- (c) wanneer dit by daardie persoon se besigheids-, werks- of woonadres in die Republiek gelaat is by 'n persoon oënskynlik ouer as 16 jaar, is die datum waarop dit by daardie persoon gelaat is;
  - (d) wanneer dit vertoon is op 'n opsigtelike plek op die eiendom of perseel waarop dit betrekking het, is die datum waarop dit op daardie plek aangebring is; of
  - (e) wanneer dit per e-pos of na 'n elektroniese adres gestuur is, is die datum waarop dit deur daardie persoon ontvang is soos beoog in die Wet op Elektroniese Kommunikasies en Transaksies, 2002.
- (3) Die Munisipaliteit kan ten opsigte van aansoeke en appèlle spesifieke metodes van betekening en kennisgewing bepaal, met inbegrip van—
- (a) inligtingspesifikasies wat verband hou met aangeleenthede soos grootte, skaal, kleur, hardekopie, getal afskrifte, elektroniese formaat en lêerformaat;
  - (b) die wyse van indiening by en kommunikasie met die Munisipaliteit;
  - (c) die metode waarvolgens 'n persoon in kennis gestel kan word;
  - (d) ander inligtingsvereistes; en
- (d) ander prosedurele vereistes.

### **Prosedures vir aansoeke**

- 36.** (1) 'n Aansoeker moet aan die prosedures in hierdie Hoofstuk voldoen en, waar van toepassing, aan die spesifieke prosedures bepaal in Hoofstuk III van hierdie Verordening.
- (2) 'n Aansoeker kan gelyktydig om verskillende soorte aansoeke om grondontwikkeling ingevolge artikel 15(2) aansoek doen.

### **Konsultasie voor aansoek**

- 37.** (1) Die Munisipaliteit kan van 'n eienaar van grond wat van voorneme is om 'n aansoek in te dien of sy of haar agent vereis om met die gemagtigde werknemer en, waar van toepassing, met ander tersaaklike staatsorgane te vergader vir 'n konsultasie voor aansoek voordat hy of sy 'n aansoek indien by die Munisipaliteit ten einde vas te stel welke inligting en dokumente saam met die aansoek ingedien moet word.
- (2) Die Munisipaliteit kan riglyne uitreik rakende—
- (a) aansoeke wat 'n konsultasie voor aansoek benodig;
  - (b) die aard van die inligting en dokumente wat saam met 'n aansoek ingedien moet word;

- (c) die bywoning deur werknemers van die Munisipaliteit of ander staatsorgane van 'n konsultasie voor aansoek; en
  - (d) die prosedures by 'n konsultasie voor aansoek.
- (3) Die Munisipaliteit moet notule hou van die verrigtinge van 'n konsultasie voor aansoek.

### Vereiste inligting

- 38. (1)** Behoudens subartikel (2) moet 'n aansoek van die volgende inligting en dokumente vergesel gaan:
- (a) 'n aansoekvorm verskaf deur die Munisipaliteit, voltooi en onderteken deur die aansoeker;
  - (b) indien die aansoeker 'n agent is, 'n volmag wat die aansoeker magtig om die aansoek namens die eienaar te doen;
  - (c) indien die eienaar van die grond 'n maatskappy, beslote korporasie, trust, regs persoon of eienaarsvereniging is, bewys dat die persoon gemagtig is om namens die maatskappy, beslote korporasie, trust, korporatiewe liggaam of 'n eienaarsvereniging op te tree;
  - (d) bewys van geregistreerde eienaarskap of enige ander tersaaklike reg in die betrokke grond gehou;
  - (e) die toestemming van die tersaaklike verbandhouer, indien enige;
  - (f) 'n skriftelike motivering vir die aansoek gegrond op die vereistes bedoel in artikel 65;
  - (g) 'n afskrif van die Landmeter-generaal se diagram van die betrokke eiendom of, indien dit nie bestaan nie, 'n uittreksel uit die tersaaklike algemene plan;
  - (h) 'n liggingsplan en 'n terreinontwikkelingsplan, indien nodig, of 'n plan wat die voorgestelde grondontwikkeling in sy kadastrale konteks aantoon;
  - (i) in die geval van 'n aansoek om die onderverdeling van grond, afskrifte van die onderverdelingsplan wat die volgende aantoon:
    - (i) die ligging van die voorgestelde grondeenhede;
    - (ii) die voorgestelde sonerings ten opsigte van die voorgestelde grondeenhede;
    - (iii) alle bestaande strukture op die eiendom;



- (iv) die voorgestelde openbare plekke en die grond wat vir openbare doeleindes benodig word;
  - (v) die bestaande toegangspunte;
  - (vi) alle serwitute;
  - (vii) kontoere met minstens 'n eenmeter-tussenruimtes of sodanige ander tussenruimte soos die Munisipaliteit kan goedkeur;
  - (viii) die straatmeubels;
  - (ix) die lamp-, elektrisiteits- en telefoonpale;
  - (x) die elektrisiteitstransformators en minisubstasies;
  - (xi) die stormwaterkanale en -dreine;
  - (xii) die rioolpyplyne en -aansluitings;
  - (xiii) enige betekenisvolle natuurverskynsels; en
  - (xiv) alle afstande en gebiede op skaal;
- (j) bewys van 'n ooreenkoms of toestemming indien die voorgestelde grondontwikkeling 'n serwituut oor grond of toegang tot 'n provinsiale of nasionale pad benodig;
- (k) enige ander dokumente of inligting wat die Munisipaliteit kan vereis;
- (l) bewys van betaling van aansoekgelde;
- (m) 'n afskrif van die titelakte van die betrokke grond;
- (n) 'n transportbesorgersertifikaat wat aandui dat die aansoek nie beperk word deur enige voorwaarde vervat in die titelakte ten opsigte van die aansoekeiendom nie of 'n afskrif van alle historiese titelaktes; en
- (o) waar van toepassing, die notule van 'n konsultasie voor aansoek ten opsigte van die aansoek.
- (2) Die Munisipaliteit kan vir 'n bepaalde aansoek enige inligting of dokumente beoog in subartikel (1) by 'n konsultasie voor aansoek byvoeg of verwyder.
- (3) Die Munisipaliteit kan riglyne rakende die indiening van inligting, dokumente of prosedurele vereistes uitreik.

### Aansoekgelde

39. (1) 'n Aansoeker moet die aansoekgelde wat deur die Munisipaliteit bepaal word betaal voordat hy of sy 'n aansoek ingevolge hierdie Verordening indien.
- (2) Aansoekgelde betaal aan die Munisipaliteit is nie terugbetaalbaar nie en 'n aansoek moet vergesel gaan van bewys van betaling van die aansoekgelde.

### Gronde vir weiering om aansoek te aanvaar

40. Die Munisipaliteit kan weier om 'n aansoek te aanvaar indien—
- (a) daar geen bewys van betaling van die toepaslike gelde is nie; of
- (b) die aansoek nie in die vorm is of nie die inligting of dokumente bevat waarna in artikel 38 verwys word nie.

### Ontvangs van aansoek en begin van aansoekproses

41. (1) Die Munisipaliteit moet—
- (a) ontvangs van 'n aansoek op die dag van ontvangs aanteken, skriftelik of deur 'n stempel op die aansoek aan te bring;
- (b) nagaan of die aansoek aan artikel 38 voldoen; en
- (c) die aansoeker binne veertien dae vanaf ontvangs van die aansoek skriftelik in kennis stel—
- (i) dat die aansoek volledig is en aan artikel 38 voldoen en dat die aansoekproses begin; of
- (ii) van enige inligting, dokumente of gelde bedoel in artikel 38 wat uitstaande is en wat die aansoeker aan die Munisipaliteit moet verskaf binne 14 dae vanaf die datum van kennisgewing.
- (2) Die Munisipaliteit moet binne veertien dae van ontvangs van die uitstaande inligting, dokumente of gelde bedoel in subartikel (1)(c)(ii) die aansoeker skriftelik in kennis stel dat die aansoek volledig is en dat die aansoekproses begin.
- (3) Die Munisipaliteit kan weier om die aansoek te oorweeg indien die aansoeker versuim om binne die tydperk beoog in subartikel (1)(c)(ii) die inligting of dokumente te verskaf of die gelde te betaal.
- (4) Die Munisipaliteit moet die aansoeker in kennis stel van 'n weiering kragtens subartikel (3) om 'n aansoek te oorweeg en moet die aansoek sluit.
- (5) 'n Aansoeker het geen reg van appèl na die Appèlgesag ten opsigte van 'n besluit beoog in subartikel (3) om te weier om 'n aansoek te oorweeg nie.

- (6) Indien 'n aansoeker met 'n aansoek wil voortgaan wat die Munisipaliteit kragtens subartikel (3) geweier het om te oorweeg, moet die aansoeker weer aansoek doen en die toepaslike gelde betaal.
- (7) Die Munisipaliteit moet binne 21 dae vanaf die datum waarop die aansoekproses soos beoog in subartikel (1)(c)(i) of (2) begin, kennis van die aansoek laat gee.

#### **Verskaffing van bykomende inligting of dokumente**

42. (1) Die Munisipaliteit moet binne 30 dae van ontvangs van 'n aansoek wat aan artikel 38 voldoen die aansoeker skriftelik in kennis stel van enige inligting of dokumente wat hy benewens die vereistes beoog in artikel 38 benodig.
- (2) Die aansoeker moet binne 30 dae vanaf die datum van kennisgewing of binne die verdere tydperk waarvoor die aansoeker en die Munisipaliteit ooreengekom het, die Munisipaliteit voorsien van die bykomende inligting of dokumente beoog in subartikel (1).
- (3) Indien die aansoeker versuim om die bykomende inligting of dokumente binne die tydperk beoog in subartikel (2) te verskaf, moet die Munisipaliteit sonder die inligting of dokumente die aansoek oorweeg en die aansoeker dienooreenkomstig in kennis stel.
- (4) Die Munisipaliteit moet binne 21 dae vanaf ontvangs van die bykomende inligting of dokumente, indien die aansoeker alle vereiste inligting of dokumente verskaf het, ontvangs daarvan erken en die aansoeker skriftelik in kennis stel dat die aansoekproses voortgaan of dat verdere inligting, dokumente of gelde vereis word as gevolg van die inligting of dokumente ontvang.
- (5) Indien die Munisipaliteit die aansoeker in kennis gestel het dat verdere inligting of dokumente soos beoog in subartikel (4) benodig word, is subartikels (2) en (3) van toepassing op die verdere indiening van inligting of dokumente.

#### **Terugtrekking van aansoek of volmag**

43. (1) 'n Aansoeker kan te eniger tyd voordat die Munisipaliteit 'n besluit neem oor 'n aansoek ingedien deur die aansoeker die aansoek terugtrek deur skriftelike kennis van die terugtrekking aan die Munisipaliteit te gee.
- (2) Die eienaar van grond moet die Munisipaliteit skriftelik in kennis stel indien hy of sy die volmag gegee aan sy of haar voormalige agent teruggetrek het en bevestig of hy of sy persoonlik sal voortgaan met die aansoek.

### **Openbare kennisgewing ooreenkomstig ander wette en geïntegreerde prosedures**

- 44.** (1) Die Munisipaliteit kan voordat kennis van 'n aansoek ingevolge artikel 45 of 46 gegee word op skriftelike versoek en by motivering deur 'n aansoeker bepaal dat—
- (a) 'n prosedure vir openbare kennisgewing wat ingevolge 'n ander wet ten opsigte van die aansoek uitgevoer word openbare kennisgewing uitmaak vir die doel van 'n aansoek wat ingevolge hierdie Verordening gemaak word; of
  - (b) openbare kennisgewing wat ingevolge hierdie Verordening van die aansoek gegee word, gepubliseer kan word ooreenkomstig die vereistes vir openbare kennisgewing van toepassing op 'n verwante aansoek ingevolge 'n ander wet.
- (2) Indien die Munisipaliteit bepaal dat 'n aansoek soos beoog in subartikel (1)(b) gepubliseer kan word, moet 'n ooreenkoms aangegaan word tussen die Munisipaliteit en die tersaaklike staatsorgane om die gelyktydige publisering van kennisgewings te fasiliteer.

### **Publisering van kennisgewings**

- 45.** (1) Behoudens artikel 44 moet die Munisipaliteit ooreenkomstig subartikel (2) openbare kennisgewing laat gee van die volgende aansoeke:
- (a) 'n aansoek om 'n hersonering of 'n hersonering op inisiatief van die Munisipaliteit;
  - (b) die onderverdeling van grond groter as vyf hektaar binne die buitenste grens van stedelike uitbreiding soos weergegee in die munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk;
  - (c) die onderverdeling van grond groter as een hektaar buite die buitenste grens van stedelike uitbreiding soos weergegee in die munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk;
  - (d) indien die Munisipaliteit geen goedgekeurde munisipale ontwikkelingsraamwerk het nie, die onderverdeling van grond groter as vyf hektaar binne die fisiese rand, met inbegrip van bestaande goedkeurings van stedelike grondgebruik, van die bestaande stedelike gebied;
  - (e) indien die Munisipaliteit geen goedgekeurde munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk het nie, die onderverdeling van grond groter as een hektaar buite die fisiese rand, met inbegrip van bestaande goedkeurings van stedelike grondgebruik, van die bestaande stedelike gebied;
  - (f) die sluiting van 'n openbare plek;
  - (g) 'n aansoek ten opsigte van 'n beperkende voorwaarde;

- (h) ander aansoeke wat, indien goedgekeur, die openbare belang of die belange van die gemeenskap wesenlik sal raak.
- (2) Openbare kennisgewing van 'n aansoek bedoel in subartikel (1) moet gegee word deur—
- (a) 'n kennisgewing met die inhoud beoog in artikel 47 in koerante in algemene omloop in die betrokke gebied te publiseer, in minstens twee van die amptelike tale van die Provinsie wat die meeste in die betrokke gebied gepraat word;
  - (b) indien daar geen koerant in algemene omloop in die gebied is nie, 'n kennisgewing met die inhoud beoog in artikel 47 vir minstens die duur van die kennisgewingstydperk op die betrokke grond te plaas en op enige ander kennisgewingbord, soos die Munisipaliteit kan bepaal; en
  - (c) 'n kennisgewing met die inhoud beoog in artikel 47 te publiseer op die Munisipaliteit se webtuiste.
- (3) Die Munisipaliteit kan van die aansoeker vereis om die publisering soos beoog in subartikel (2) van die openbare kennisgewing van 'n aansoek te behartig.
- (4) 'n Aansoeker wat 'n kennisgewing ingevolge hierdie artikel publiseer, moet binne die tydperk bepaal deur die Munisipaliteit vanaf publikasie van die kennisgewing bewys aan die Munisipaliteit verskaf, soos bepaal deur die Munisipaliteit, dat die kennisgewing ooreenkomstig hierdie artikel gepubliseer is.
- (5) Wanneer die munisipaliteit van voorneme is om ontwikkeling of 'n aktiwiteit beoog in subartikel (1)(a) tot (h) uit te voer, moet hy 'n kennisgewing beoog in subartikel (2) laat publiseer.

### **Betekening van kennisgewings**

- 46.** (1) Die Munisipaliteit moet 'n kennisgewing met die inhoud beoog in artikel 47 laat beteken van minstens die volgende aansoeke:
- (a) 'n aansoek bedoel in artikel 45(1);
  - (b) 'n bepaling van 'n sonering beoog in artikel 13;
  - (c) 'n aansoek om onderverdeling, wysiging of kansellasie van 'n onderverdeling beoog in onderskeidelik artikel 15(2)(d) en (k);
  - (d) 'n aansoek om konsolidering beoog in artikel 15(2)(e);
  - (e) die wysiging, skrapping of oplegging van 'n voorwaarde beoog in artikel 15(2)(h).

- (2) 'n Kennisgewing beoog in subartikel (1) moet beteken word—
- (a) ooreenkomstig artikel 35;
  - (b) in minstens twee van die amptelike tale van die Provinsie wat die meeste in die betrokke gebied gepraat word;
  - (c) aan elke persoon van wie die regte of wettige verwagtinge deur die goedkeuring van die toepassing aangeraak kan word; en
  - (d) op elke eienaar van grond wat aan die betrokke grond grens.
- (3) Die Munisipaliteit kan die betekening van 'n kennisgewing soos beoog in hierdie artikel vereis vir enige ander aansoek wat ingevolge hierdie Verordening gedoen word en nie in subartikel (1) gelys word nie.
- (4) Die Munisipaliteit kan van die aansoeker vereis om die betekening van 'n kennisgewing soos beoog in subartikel (2) te behartig.
- (5) 'n Aansoeker wat 'n kennisgewing ingevolge hierdie artikel beteken moet binne die tydperk bepaal deur die Munisipaliteit vanaf die betekening van daardie kennisgewing bewys aan die Munisipaliteit verskaf, soos bepaal deur die Munisipaliteit, van die betekening van die kennisgewing ooreenkomstig subartikel (2).
- (6) Die Munisipaliteit kan van die aansoeker verwag om die aansoek ter insae beskikbaar te stel aan die publiek by 'n openbare plek bepaal deur die Munisipaliteit.
- (7) Wanneer die Munisipaliteit van voorneme is om 'n ontwikkeling of 'n ander aktiwiteit beoog in subartikel (1)(a) tot (e) uit te voer, moet hy 'n kennisgewing laat beteken soos beoog in subartikel (2).

### **Inhoud van kennisgewing**

- 47.** Wanneer 'n kennisgewing van 'n aansoek ingevolge hierdie Verordening gepubliseer of beteken moet word, moet die kennisgewing—
- (a) die naam en kontakbesonderhede van die aansoeker en die eienaar verskaf;
  - (b) die grond of grondeenheid waarmee die aansoek verband hou, identifiseer deur die eiendomsbeskrywing en die fisiese adres te vermeld;
  - (c) die oogmerk en doel van die aansoek vermeld;
  - (d) vermeld dat 'n afskrif van die aansoek en stawende dokumentasie op die tye en by die plek vermeld in die kennisgewing ter insae beskikbaar sal wees;
  - (e) die naam en kontakbesonderhede vermeld van die persoon aan wie kommentaar gerig moet word;

- (f) lede van die publiek uitnoui om skriftelike kommentaar, tesame met die redes daarvoor, ten opsigte van die aansoek in te dien;
- (g) vermeld op welke wyse kommentaar ingedien kan word;
- (h) die datum vermeld waarteen die kommentaar ingedien moet wees, welke datum nie minder as 30 dae mag wees vanaf die datum waarop die kennis gegee is nie; en
- (i) vermeld dat enige persoon wat nie kan skryf nie gedurende kantoorure na 'n adres vermeld in die kennisgewing kan kom waar 'n genoemde werknemer van die Munisipaliteit daardie persone sal bystaan deur hul kommentaar op skrif te stel.

### **Ander metodes van openbare kennisgewing**

- 48. (1)** Die Munisipaliteit kan openbare kennisgewing deur een of meer van die metodes bedoel in subartikel (2) laat gee—
- (a) ten einde bykomende openbare kennisgewing van aansoeke gelys in artikel 45(1) te verseker indien die Munisipaliteit kennisgewing ooreenkomstig artikels 45 of 46 ondoeltreffend beskou of verwag dat die kennisgewing ondoeltreffend sal wees; of
  - (b) ten einde openbare kennisgewing van enige ander aansoek ingevolge hierdie Verordening te gee.
- (2)** Openbare kennisgewing beoog in subartikel (1) kan gegee word deur—
- (a) 'n kennisgewing beoog in artikel 47 met 'n grootte van minstens 60 sentimeter by 42 sentimeter aan die voorkant van die betrokke erf of op enige ander opsigtelike en maklik bereikbare plek op die erf te vertoon, mits—
    - (i) die kennisgewing vir 'n minimum van 30 dae vertoon word gedurende enige tydperk wat die publiek kommentaar op die aansoek kan lewer; en
    - (ii) die aansoeker binne 30 dae vanaf die laaste dag van die vertoon van die kennisgewing die volgende indien by die Munisipaliteit:
      - (aa) 'n beëdigde verklaring wat die instandhouding van die kennisgewing vir die voorgeskrewe tydperk bevestig; en
      - (bb) minstens twee foto's van die kennisgewing, een van naby en een van oorkant die straat;

- (b) 'n vergadering byeen te roep vir die doel om geraakte lede van die publiek van die aansoek in kennis te stel;
  - (c) die inligting rakende die aansoek in 'n bepaalde taal op 'n plaaslike radiostasie uit te saai;
  - (d) 'n ope dag of openbare vergadering te hou om geraakte lede van die publiek van die aansoek in kennis te stel;
  - (e) die aansoek op die Munisipaliteit se webtuiste te publiseer vir die duur van die tydperk waarbinne die publiek kommentaar op die aansoek kan lewer; of
  - (f) briewe van instemming of beswaar ten opsigte van die aansoek te bekom, mits die briewe vergesel word van aanvaarbare bewys dat korrekte en voldoende inligting oor die aansoek verskaf is aan die persoon wat die brief onderteken.
- (3) Bykomende openbare kennisgewing kan gelyktydig met 'n kennisgewing ooreenkomstig artikels 45 of 46 gegee word of daarna.
- (4) Die Munisipaliteit kan van die aansoeker vereis om die publisering van 'n kennisgewing soos beoog in subartikel (2) te behartig.
- (5) 'n Aansoeker wat ingevolge hierdie artikel kennis gee, moet binne die tydperk bepaal deur die Munisipaliteit vandat kennis gegee is aan die Munisipaliteit bewys lewer, soos bepaal deur die Munisipaliteit, dat kennis ooreenkomstig subartikel (2) gegee is.

#### **Vereistes vir petisies**

- 49.** (1) Kommentaar ten opsigte van 'n aansoek wat deur die publiek in die vorm van 'n petisie ingedien word, moet die volgende duidelik vermeld:
- (a) die kontakbesonderhede van die gemagtigde verteenwoordiger van die ondertekenaars van die petisie;
  - (b) die volledige naam en fisiese adres van elke ondertekenaar; en
  - (c) die kommentaar en redes daarvoor.
- (2) Kennis aan die persoon beoog in subartikel (1)(a) maak kennis aan al die ondertekenaars van 'n petisie uit.

#### **Vereistes vir indiening van kommentaar**

- 50.** (1) 'n Persoon kan ooreenkomstig hierdie artikel skriftelik antwoord op 'n kennisgewing beoog in artikels 44, 45, 46 of 48.



- (2) Enige kommentaar gelewer as gevolg van 'n kennisgewingsproses moet op skrif wees en gerig word aan die persoon vermeld in die kennisgewing en moet binne die tydperk vermeld in die kennisgewing en op die wyse uiteengesit in hierdie artikel ingedien word.
- (3) Die kommentaar moet die volgende vermeld:
  - (a) die naam van die betrokke persoon;
  - (b) die adres of kontakbesonderhede waar die betrokke persoon of liggaam kennisgewing of die betekening van dokumente sal ontvang;
  - (c) die persoon se belang by die aansoek; en
  - (d) die redes vir die kommentaar.
- (4) Die redes vir enige kommentaar moet in genoeg besonderhede uiteengesit word ten einde—
  - (a) die feite en omstandighede aan te dui wat die kommentaar verduidelik;
  - (b) waar ter sake, die ongewenste uitwerking wat die aansoek sal hê indien dit goedgekeur word, uit te lê;
  - (c) waar ter sake, enige aspek van die aansoek uit te lê wat nie bestaanbaar met die toepaslike beleid geag word nie; en
  - (d) die aansoeker in staat te stel om op die kommentaar te antwoord.
- (5) Die Munisipaliteit kan weier om na die sluitingsdatum kommentaar te aanvaar.

### **Interregeringsdeelnameproses**

51. (1) Behoudens artikel 44 moet 'n Munisipaliteit gelyktydig met die kennisgewing aan die aansoeker dat die aansoek volledig is soos beoog in artikel 41(1)(c)(i) of (2), kennis van die aansoek tesame met 'n afskrif van die betrokke aansoek laat gee aan elke munisipale departement en staatsorgaan wat 'n belang het by die aansoek en hul kommentaar op die aansoek versoek.
- (2) 'n Staatsorgaan moet binne 60 dae van ontvangs van 'n versoek om kommentaar skriftelike kommentaar op 'n aansoek aan die Munisipale bestuurder lewer.

### **Wysigings voor goedkeuring**

52. (1) 'n Aansoeker kan sy of haar aansoek te eniger tyd voor die goedkeuring van die aansoek wysig—
  - (a) op die aansoeker se eie inisiatief;

- (b) as gevolg van 'n beswaar, kommentaar of vertoog wat gedurende die kennisgewingstydperk ingedien is; of
  - (c) op versoek van die Munisipaliteit.
- (2) Indien 'n wysiging van 'n aansoek wesenlik is, moet die Munisipaliteit kennis van die wysiging van 'n aansoek gee aan alle munisipale departemente en ander staatsorgane en diensverskaffers wat op die aansoek kommentaar gelewer het en hulle versoek om binne 21 dae vanaf die datum van kennisgewing kommentaar op die gewysigde aansoek te lewer.
- (3) Indien 'n wysiging aan 'n aansoek wesenlik is, kan die Munisipaliteit vereis dat verdere kennis van die aansoek ingevolge artikel 44, 45, 46 of 48 gepubliseer of beteken word.

### **Verdere openbare kennisgewing**

53. (1) Die Munisipaliteit kan vereis dat kennis van 'n aansoek weer gegee word indien meer as 18 maande sedert die eerste openbare kennisgewing van die aansoek verloop het en indien die Munisipaliteit nie die aansoek oorweeg het nie.
- (2) Die Munisipaliteit kan in enige stadium gedurende die prosessering van die aansoek indien nuwe inligting onder sy aandag kom wat wesenlik by die oorweging van die aansoek is, vereis dat—
- (a) kennis van 'n aansoek opnuut ingevolge artikel 44, 45, 46 of 48 gegee of beteken word; en
  - (b) 'n aansoek weer aan munisipale departemente, ander staatsorgane of diensverskaffers vir kommentaar gestuur word.

### **Aanspreeklikheid vir koste van kennisgewing**

54. Die aansoeker is aanspreeklik vir die koste van die gee en betekening van kennis van 'n aansoek ingevolge artikel 44, 45, 46, 48, 52 of 53.

### **Reg van aansoeker om te antwoord**

55. (1) Afskrifte van alle kommentaar en ander inligting wat by die Munisipaliteit ingedien is, moet binne 14 dae vanaf die sluitingsdatum vir openbare kommentaar aan die aansoeker gegee word tesame met 'n kennisgewing wat die aansoeker van sy of haar regte ingevolge hierdie artikel in kennis stel.
- (2) Die aansoeker kan binne 30 dae vanaf die datum waarop hy of sy die kommentaar ontvang het, 'n skriftelike antwoord daarop by die Munisipaliteit indien.

- (3) Die aansoeker kan voor die verstryking van die tydperk van 30 dae bedoel in subartikel (2) by die Munisipaliteit aansoek doen om 'n verlenging van die tydperk om skriftelik te antwoord tot 'n bykomende tydperk van hoogstens 14 dae.
- (4) Indien die aansoeker nie binne die tydperk van 30 dae of binne 'n bykomende tydperk beoog in subartikel (3), indien toegestaan, 'n antwoord indien nie word die aansoeker geag geen kommentaar te hê nie.
- (5) Indien die Munisipaliteit bykomende inligting van die aansoeker vereis as gevolg van die kommentaar ontvang, moet die inligting binne die verdere tydperk waaroor die aansoeker en die Munisipaliteit ooreen kan kom, verskaf word.
- (6) Indien die aansoeker nie die bykomende inligting binne die tydperk beoog in subartikel (5) verskaf nie is artikel 42(3), saamgelees met die nodige veranderinge, van toepassing.

### **Skriftelike evaluering van aansoek**

- 56.** (1) 'n Gemagtigde werknemer moet 'n aansoek ooreenkomstig artikel 65 skriftelik evalueer en 'n aanbeveling aan die besluitnemer maak rakende die goedkeuring of weiering van die aansoek.
- (2) 'n Evaluering van 'n aansoek moet 'n motivering vir die aanbeveling en, waar van toepassing, die voorgestelde voorwaardes van goedkeuring insluit.

### **Besluitnemingstydperk**

- 57.** (1) Indien die bevoegdheid om 'n besluit ten opsigte van 'n aansoek te neem gedelegeer word aan 'n gemagtigde werknemer en geen geïntegreerde proses ingevolge 'n ander wet gevolg word nie moet die gemagtigde werknemer binne 60 dae oor die aansoek besluit, gereken vanaf—
- (a) die laaste dag vir die indiening van kommentaar soos beoog in artikel 50(2) indien geen kommentaar ingedien is nie;
  - (b) die laaste dag vir die indiening van die aansoeker se antwoord op kommentaar soos beoog in artikel 55(2) of (3); of
  - (c) die laaste dag vir die indiening van bykomende inligting soos beoog in artikel 55(5).
- (2) Indien die bevoegdheid om 'n besluit te neem nie gedelegeer word aan 'n gemagtigde werknemer nie en geen geïntegreerde proses ingevolge 'n ander wet gevolg word nie moet die Tribunaal binne 120 dae, gereken vanaf die toepaslike datum beoog in subartikel (1)(a) tot (c), oor die aansoek besluit.

- (3) Die gemagtigde werknemer of Tribunaal, na gelang van die geval, kan die tydperk beoog in subartikel (1) of (2) verleng in uitsonderlike omstandighede, met inbegrip van die volgende:
- (a) indien 'n belanghebbende persoon 'n petisie vir toetredersstatus ingedien het;
  - (b) in die geval van die Tribunaal, indien 'n mondelinge verhoor gehou sal word.

### **Versuim om binne tydperk te handel**

58. Behoudens artikel 41(5) kan 'n aansoeker appèl by die Appèlgesag aanteken indien die gemagtigde werknemer of die Tribunaal versuim om binne die tydperk bedoel in artikel 57(1) of (2) oor 'n aansoek te besluit.

### **Bevoegdhede om roetine-ondersoeke uit te voer**

59. (1) 'n Gemagtigde werknemer of die Tribunaal kan ooreenkomstig die vereistes van hierdie artikel grond of 'n gebou betree om 'n ondersoek uit te voer vir die doel om inligting te bekom om 'n aansoek ingevolge hierdie Verordening te evalueer en 'n skriftelike evaluering beoog in artikel 56 voor te berei.
- (2) Wanneer 'n ondersoek uitgevoer word, kan die gemagtigde werknemer—
- (a) versoek dat enige rekord, dokument of item verskaf word om met die ondersoek te help;
  - (b) afskrifte maak van of uittreksels neem uit enige dokument verskaf uit hoofde van paragraaf (a) wat met die ondersoek verband hou;
  - (c) by verskaffing van 'n kwitansie, 'n rekord, dokument of ander item wat met die ondersoek verband hou, verwyder; of
  - (d) enige gebou of struktuur ondersoek en navrae doen rakende daardie gebou of struktuur.
- (3) Geen persoon mag inmeng wanneer 'n persoon bedoel in subartikel (1) wat besig is om 'n ondersoek soos beoog in subartikel (1) uit te voer nie.
- (4) Die gemagtigde werknemer of lid van die Tribunaal moet, op versoek, identifikasie verskaf wat aantoon dat hy of sy gemagtig is om die ondersoek uit te voer.
- (5) 'n Ondersoek kragtens subartikel (1) moet op 'n redelike tyd plaasvind en nadat redelike kennis aan die eienaar of bewoner van die grond of gebou gegee is.

### **Besluite oor aansoek**

- 60.** 'n Werknemer gemagtig uit hoofde van artikel 69, of die Tribunaal, na gelang van die geval, kan ten opsigte van 'n aansoek beoog in artikel 15(2)—
- (a) daardie aansoek goedkeur, in die geheel of gedeeltelik, of weier;
  - (b) by die goedkeuring van daardie aansoek voorwaardes ingevolge artikel 66 oplê;
  - (c) enige nodige ondersoek uitvoer om 'n aansoek ingevolge artikel 59 te evalueer;
  - (d) in die geval van die Tribunaal, 'n tegniese raadgewer aanstel om raad te gee of bystand te verleen met die verrigting van die Tribunaal se werksaamhede ingevolge hierdie Verordening.

### **Kennisgewing en inwerkingtreding van besluit**

- 61.** (1) Die Munisipaliteit moet binne 21 dae vanaf sy besluit die aansoeker en enige persoon wie se regte deur die besluit geraak word van die besluit, die redes vir die besluit en hul reg tot appèl, indien van toepassing, skriftelik in kennis stel.
- (2) 'n Kennisgewing beoog in subartikel (1) moet 'n aansoeker in kennis stel wanneer 'n goedkeuring in werking tree.
- (3) Indien die eienaar 'n agent aangestel het, moet die eienaar stappe doen om toe te sien dat die agent hom of haar van die besluit van die Munisipaliteit in kennis stel.
- (4) 'n Goedkeuring tree in werking slegs na die verstryking van die tydperk beoog in artikel 79(2) waarbinne 'n appèl aangeteken moet word, indien geen appèl aangeteken is nie.
- (5) Behoudens subartikel (6) is die werking van die goedkeuring van 'n aansoek wat die onderwerp van 'n appèl is, opgeskort hangende die besluit van die Appèlgesag oor die appèl.
- (6) Indien 'n appèl aangeteken is slegs teen voorwaardes wat ingevolge artikel 66 opgelê is, kan die Tribunaal of die gemagtigde werknemer wat die voorwaardes opgelê het, bepaal dat die goedkeuring van die aansoek nie opgeskort is nie.

### **Pligte van agent**

- 62.** (1) 'n Agent moet toesien dat hy of sy die kontakbesonderhede van die eienaar het namens wie hy of sy gemagtig is om op te tree.
- (2) 'n Agent mag nie ter ondersteuning van 'n aansoek inligting verskaf of 'n verklaring maak welke inligting of stelling hy of sy weet of van mening is misleidend, onwaar of onakkuraat is nie.

### **Foute en weglatings**

- 63.** (1) Die Munisipaliteit kan te eniger tyd 'n fout in die bewoording van sy besluit regstel indien die regstelling nie die besluit verander of 'n verandering, invoeging, opskorting of skraping van 'n voorwaarde van goedkeuring tot gevolg het nie.
- (2) Die Munisipaliteit kan, uit eie beweging of by aansoek deur die aansoeker of belanghebbende party, by aanvoering van goeie gronde, 'n fout in 'n prosedure oorsien, indien die oorsiening nie 'n wesentlike nadelige uitwerking het op enige party nie of enige party onredelik benadeel nie.

### **Vrystellings om bespoedigde prosedures te fasiliteer**

- 64.** (1) Die Munisipaliteit kan skriftelik en behoudens artikel 60 van die Wet op Grondgebruikbeplanning—
- (a) 'n ontwikkeling vrystel van voldoening aan 'n bepaling van hierdie Verordening ten einde die finansiële of administratiewe las van die volgende te verminder:
- (i) geïntegreerde aansoekprosesse beoog in artikel 44;
  - (ii) die verskaffing van behuising met behulp van 'n staatsubsidie; of
  - (iii) stapsgewyse opgradering van bestaande nedersettings;
- (b) in 'n noodsituasie magtiging verleen dat 'n ontwikkeling van enige van die bepalinge van hierdie Verordening kan afwyk.
- (2) Indien die Provinsiale Minister ingevolge artikel 60 van die Wet op Grondgebruikbeplanning 'n vrystelling of magtiging om af te wyk van 'n bepaling van die Wet op Grondgebruikbeplanning verleen, is die Munisipaliteit vrygestel, of is hy gemagtig om af te wyk, van enige bepaling in hierdie Verordening wat ooreenstem met die bepaling van die Wet op Grondgebruikbeplanning ten opsigte waarvan 'n vrystelling verleen of 'n afwyking gemagtig is.

## **HOOFSTUK V MAATSTAWWE VIR BESLUITNEMING**

### **Algemene maatstawwe vir oorweging van aansoeke**

- 65.** (1) Wanneer die Munisipaliteit 'n aansoek oorweeg, moet hy die volgende in ag neem:
- (a) die aansoek ingedien ingevolge hierdie Verordening;
  - (b) die prosedure wat gevolg is om die aansoek te prosesseer;
  - (c) die wenslikheid van die voorgestelde aanwending van grond en enige riglyne uitgereik deur die Provinsiale Minister rakende die wenslikheid van voorgestelde grondgebruike;

- (d) die kommentaar in antwoord op die kennisgewing van die aansoek, met inbegrip van kommentaar ontvang van staatsorgane, munisipale departemente en die Provinsiale Minister ingevolge artikel 45 van die Wet op Grondgebruikbeplanning;
- (e) die antwoord deur die aansoeker, indien enige, op die kommentaar bedoel in paragraaf (d);
- (f) ondersoeke wat ingevolge ander wette uitgevoer word en tersaaklik tot die oorweging van die aansoek is;
- (g) 'n geregistreeerde beplanner se skriftelike evaluering ten opsigte van 'n aansoek om—
  - (i) 'n hersonering;
  - (ii) 'n onderverdeling van meer as 20 kadastrale eenhede;
  - (iii) 'n opheffing, opskorting of wysiging van 'n beperkende voorwaarde indien dit met 'n verandering van grondgebruik verband hou;
  - (iv) 'n wysiging, skrapping of oplegging van bykomende voorwaardes ten opsigte van 'n bestaande gebruiksreg;
  - (v) 'n goedkeuring van 'n oorlegsone beoog in die soneringskema;
  - (vi) 'n fasering, wysiging of kansellasië van 'n onderverdelingsplan of 'n gedeelte daarvan;
  - (vii) 'n bepaling van 'n sonering;
  - (viii) 'n sluiting van 'n openbare plek of 'n gedeelte daarvan;
- (h) die impak van die voorgestelde grondontwikkeling op munisipale ingenieursdienste;
- (i) die geïntegreerde ontwikkelingsplan, met inbegrip van die munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk;
- (j) die geïntegreerde ontwikkelingsplan en ruimtelike ontwikkelingsraamwerk van die distriksmunisipaliteit, waar van toepassing;
- (k) die toepaslike plaaslike ruimtelike ontwikkelingsraamwerke aangeneem deur die Munisipaliteit;
- (l) die toepaslike struktuurplanne;
- (m) die toepaslike beleide van die Munisipaliteit wat besluitneming lei;

- (n) die provinsiale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk;
  - (o) waar van toepassing, 'n streeks- ruimtelike ontwikkelingsraamwerk beoog in artikel 18 van die Wet op Ruimtelike Beplanning en Grondgebruikbestuur of provinsiale streeks- ruimtelike ontwikkelingsraamwerk;
  - (p) die beleide, beginsels en die norme en maatstawwe vir beplanning en ontwikkeling wat deur die nasionale en provinsiale regering gestel word;
  - (q) die aangeleenthede bedoel in artikel 42 van die Wet op Ruimtelike Beplanning en Grondgebruikbestuur;
  - (r) die beginsels bedoel in Hoofstuk VI van die Wet op Grondgebruikbeplanning; en
  - (s) die toepaslike bepalings van die soneringskema.
- (2) Waar vereis ingevolge toepaslike ontwikkelingsparameters of voorwaardes van goedkeuring moet die Munisipaliteit 'n terreinontwikkelingsplan goedkeur indien die terreinontwikkelingsplan—
- (a) bestaanbaar is met die ontwikkelingsreëls van die sonering;
  - (b) bestaanbaar is met die ontwikkelingsreëls van 'n oorlegsone, indien van toepassing;
  - (c) aan die voorwaardes van goedkeuring voldoen; en
  - (d) aan hierdie Verordening voldoen.

### **Voorwaardes van goedkeuring**

- 66.** (1) Die Munisipaliteit kan 'n aansoek goedkeur behoudens redelike voorwaardes wat uit die goedkeuring van die voorgestelde aanwending van grond voortspruit.
- (2) Voorwaardes wat ooreenkomstig subartikel (1) opgelê word, kan voorwaardes insluit in verband met—
- (a) die verskaffing van ingenieursdienste en infrastruktuur;
  - (b) vereistes rakende ingenieursdienste soos beoog in artikels 82 en 83;
  - (c) die oordrag van grond of die betaling van geld;
  - (d) die herstrukturering van nedersettings;
  - (e) die bewaring van landbou- of erfenishulpbronne;
  - (f) die bewaring en bestuur van biodiversiteit;



- (g) die verskaffing van behuising met behulp van 'n staatsubsidie, maatskaplike fasiliteite of maatskaplike infrastruktuur;
- (h) energiedoelmatigheid;
- (i) vereistes om aandag te gee aan klimaatsverandering;
- (j) die instelling van 'n eienaarsvereniging ten opsigte van die goedkeuring van 'n onderverdeling;
- (k) die verskaffing van grond benodig deur ander staatsorgane;
- (l) die endossering ingevolge artikel 31 van die Registrasie van Aktes Wet ten opsigte van openbare plekke waar die eienaarskap daarvan in die Munisipaliteit vestig;
- (m) die verskaffing van grond benodig vir openbare plekke of die betaling van geld in plaas van die verskaffing van grond vir daardie doel;
- (n) die omvang van grond wat aan die Munisipaliteit oorgedra staan te word vir die doel van 'n openbare oop ruimte of pad soos bepaal ooreenkomstig 'n beleid aangeneem deur die Munisipaliteit;
- (o) die registrasie van openbare plekke in die naam van die Munisipaliteit;
- (p) die oordrag van eienaarskap aan die Munisipaliteit van grond wat vir ander openbare doeleindes benodig word;
- (q) die implementering van 'n onderverdeling in fases;
- (r) vereistes van ander staatsorgane;
- (s) die indiening van 'n boubestuurplan om die impak van die bou van 'n nuwe gebou op die omliggende eiendomme of op die omgewing te bestuur;
- (t) ooreenkomste wat aangegaan moet word ten opsigte van sekere voorwaardes;
- (u) die fasering van 'n ontwikkeling, met inbegrip van vervalklousules wat met sodanige fasering verband hou;
- (v) die afbakening van ontwikkelingsparameters of grondgebruike wat vir 'n bepaalde sonering gestel word;
- (w) die stel van 'n geldigheidstydperk en enige verlengings daarvan;
- (x) die stel van 'n tydperk waarbinne daar aan 'n bepaalde voorwaarde voldoen moet word;

- (y) vereistes vir 'n geleentheidsgebruik, wat die volgende moet insluit:
- (i) parkering en die getal vereiste ablusiegeriewe;
  - (ii) die maksimum duur of voorkoms van die geleentheidsgebruik; en
  - (iii) parameters wat met 'n vergunningsgebruik ingevolge die soneringskema verband hou;
- (z) die betaling van 'n strydigheidshoofskedding ten opsigte van die onwettige aanwending van grond.
- (3) Indien die Munisipaliteit 'n voorwaarde beoog in subartikel (2)(a) of (b) oplê, moet 'n ooreenkoms vir ingenieursdienste tussen die Munisipaliteit en die eienaar van die betrokke grond gesluit word voor die bouwerk aan infrastruktuur op die grond begin.
- (4) 'n Voorwaarde beoog in subartikel (2)(c) kan slegs 'n proporsionele bydrae tot munisipale openbare uitgawes vereis volgens die normale behoefte daaraan wat uit die goedkeuring voortspruit, soos bepaal deur die Munisipaliteit ooreenkomstig artikel 83(7) en enige ander toepaslike provinsiale norme en standaarde.
- (5) Munisipale openbare uitgawes beoog in subartikel (4) sluit munisipale openbare uitgawes in wat met die volgende munisipaledienste-infrastruktuur en -geriewe verband hou, maar is nie daartoe beperk nie:
- (a) gemeenskapsfasiliteite, met inbegrip van speeltoerusting, straatmeubels, bewaarskole, klinieke, sportgronde, binnenshuise sportfasiliteite of gemeenskapsale;
  - (b) natuurbewaring;
  - (c) energiebesparing;
  - (d) klimaatsverandering; of
  - (e) ingenieursdienste.
- (6) Behalwe vir grond wat vir openbare plekke of interne ingenieursdienste benodig word, moet enige bykomende grond benodig deur die Munisipaliteit of ander staatsorgane wat uit 'n goedgekeurde onderverdeling voortspruit, verkry word behoudens die toepaslike wette wat vir die verkryging of onteiening van grond voorsiening maak.
- (7) 'n Eienaarsvereniging of huiseienaarsvereniging wat uit hoofde van 'n voorwaarde opgelê kragtens die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, 1985 (Ordonnansie 15 van 1985), tot stand gekom het en wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Verordening bestaan, word geag as 'n eienaarsvereniging wat uit hoofde van 'n voorwaarde opgelê deur die Munisipaliteit ooreenkomstig hierdie Verordening tot stand gekom het.

- (8) Die Munisipaliteit mag nie 'n grondgebruikaansoek goedkeur behoudens 'n voorwaarde dat goedkeuring ingevolge ander wetgewing vereis word nie.
- (9) Voorwaardes wat vereis dat daar aan 'n standaard voldoen moet word, moet spesifiek na 'n goedgekeurde of gepubliseerde standaard verwys.
- (10) Geen voorwaardes mag opgelê word wat op 'n derde party vir voldoening staatmaak nie.
- (11) Indien die Munisipaliteit 'n grondgebruikaansoek behoudens voorwaardes goedkeur, moet hy vermeld welke voorwaardes aan voldoen moet word voor die verkoop, ontwikkeling of oordrag van die grond.
- (12) Die Munisipaliteit kan, uit eie beweging ingevolge artikel 15(6) of by aansoek ingevolge artikel 15(2), na behoorlike kennisgewing aan die eienaar en enige persone wie se regte moontlik geraak word, voorwaardes wysig, skrap of bykomende voorwaardes oplê.

## **HOOFSTUK VI VERLENGING VAN GELDIGHEIDSTYDPERK VAN GOEDKEURINGS**

### **Aansoeke om verlenging van geldigheidstydperk**

- 67.** (1) Behoudens artikel 43(2) van die Wet op Ruimtelike Beplanning en Grondgebruikbestuur kan die Munisipaliteit 'n aansoek om die verlenging van 'n geldigheidstydperk opgelê ingevolge 'n voorwaarde van goedkeuring goedkeur op 'n datum voor of na die verstryking van die geldigheidstydperk van 'n goedkeuring indien die aansoek om die verlenging van die tydperk voor die verstryking van die geldigheidstydperk ingedien is.
- (2) Wanneer die Munisipaliteit 'n aansoek ingevolge subartikel (1) oorweeg, moet hy die volgende in ag neem:
- (a) of die omstandighede wat ten tye van die oorspronklike goedkeuring gegeld het wesenlik verander het;
  - (b) of die vereistes van wetgewing of beleid wat op die goedkeuring van toepassing was en wat ten tyde van die oorspronklike goedkeuring gegeld het wesenlik verander het; en
  - (c) of daar 'n hangende hersieningsaansoek voor die hof is wat 'n uitwerking op die datum van implementering van die goedkeuring kan hê.
- (3) Indien daar wesenlike veranderinge in omstandighede of in vereistes van wetgewing of beleid is wat nuwe voorwaardes van goedkeuring sal noodsaak indien 'n verlenging van 'n geldigheidstydperk goedgekeur word, moet 'n aansoek beoog in artikel 15(2)(h) voor of gelyktydig met die aansoek om die verlenging van 'n geldigheidstydperk vir oorweging ingedien word.

- (4) Die verlengde geldigheidstydperk tree in werking op en word gereken vanaf die verstrykingsdatum van die geldigheidstydperk van toepassing op die oorspronklike goedkeuring of vanaf die verstrykingsdatum van die voorheen verlengde geldigheidstydperk wat ingevolge hierdie Verordening goedgekeur is.

## **HOOFSTUK VII BESLUITNEMINGSTRUKTURE VIR MUNISIPALE BEPLANNING**

### **Besluitnemingstrukture vir munisipale beplanning**

**68.** Aansoeke word oor besluit deur—

- (a) 'n gemagtigde werknemer wat deur die Munisipaliteit gemagtig is om die aansoeke beoog in subartikel 69(1) te oorweeg en te bepaal;
- (b) die Tribunaal, waar die bevoegdhede en pligte om 'n aansoek te oorweeg en te bepaal nie aan 'n gemagtigde werknemer gedelegeer is nie, soos beoog in artikel 69(2); of
- (c) die Appèlgesag, waar appèl aangeteken is teen 'n besluit van die gemagtigde werknemer of die Tribunaal.

### **Oorweging van aansoeke**

- 69.** (1) Die Munisipaliteit kan aansoeke vir die oorweging en bepaling van 'n gemagtigde werknemer kategoriseer en moet die bevoegdhede en pligte om oor daardie aansoeke te besluit aan daardie gemagtigde werknemer deleger.
- (2) Die Tribunaal oorweeg en bepaal alle aansoeke, behalwe daardie ten opsigte waarvan die bevoegdhede en pligte om dit te oorweeg en te bepaal aan 'n gemagtigde werknemer ingevolge subartikel (1) opgedra en gedelegeer is.

### **Instelling van Tribunaal**

**70.** (1) Die Munisipaliteit moet—

- (a) 'n Munisipale Beplanningstribunaal vir sy munisipale gebied instel;
- (b) by ooreenkoms met een of meer munisipaliteite 'n gesamentlike Munisipale Beplanningstribunaal instel; of
- (c) toestem tot die instelling deur die distriksmunisipaliteit van 'n distriks- Munisipale Beplanningstribunaal.

- (2) 'n Ooreenkoms bedoel in subartikel (1)(b) of (c) moet vir die volgende voorsiening maak:
- (a) die samestelling van die Tribunaal;
  - (b) die bepalings en voorwaardes van aanstelling van lede van die Tribunaal;
  - (c) die bepaling van reëls en prosedures by vergaderings van die Tribunaal; en
  - (d) ander aangeleenthede soos ingevolge die Wet op Ruimtelike Beplanning en Grondgebruikbestuur voorgeskryf kan word.

### **Samestelling van Tribunaal vir munisipale gebied**

71. (1) 'n Tribunaal wat ingevolge subartikel 70(1)(a) ingestel word, moet uit minstens die volgende lede aangestel deur die Raad bestaan:
- (a) drie werknemers voltyds in diens van die Munisipaliteit; en
  - (b) twee persone wat nie werknemers van die Munisipaliteit of raadslede is nie.
- (2) Die lede van die Tribunaal moet kennis en ondervinding van grondgebruikbeplanning of die reg wat daarmee verband hou hê en verteenwoordigend wees van 'n wye reeks gepaste ondervinding en kundigheid.
- (3) 'n Lid van die Tribunaal aangestel ingevolge subartikel (1)(b) kan—
- (a) 'n amptenaar of werknemer wees van—
    - (i) enige staatsdepartement of administrasie in die nasionale of provinsiale regeringsfeer;
    - (ii) 'n regeringsbesigheidsonderneming;
    - (iii) 'n openbare instelling;
    - (iv) georganiseerde plaaslike regering soos beoog in die Grondwet;
    - (v) 'n organisasie geskep deur die regering om munisipale ondersteuning te verskaf;
    - (vi) 'n nie-regeringsorganisasie; en
    - (vii) enige ander staatsorgaan waarvoor daar nie voorsiening gemaak is in subparagrafe (i) tot (iv) nie; of
  - (b) 'n individu in sy of haar eie hoedanigheid wees.

## Proses vir aanstelling van lede van Tribunaal vir munisipale gebied

72. (1) Die lede van die Tribunaal bedoel in subartikel 71(1)(b) kan aangestel word deur die Raad slegs nadat die Munisipaliteit—
- (a) in die geval van 'n amptenaar of werknemer beoog in artikel 71(3)(a), 'n skriftelike uitnodiging gestuur het aan die departemente in die nasionale en provinsiale regeringsfeer, ander staatsorgane en ander organisasies bedoel in artikel 71(3)(a) om 'n amptenaar of werknemer te benoem om in die Tribunaal te dien; en
  - (b) in die geval van 'n lid beoog in artikel 71(3)(b), by kennisgewing in 'n koerant in omloop in die munisipale gebied, belanghebbende partye uitgenooi het om binne die tydperk vermeld in die kennisgewing name in te dien van persone wat aan die vereistes voldoen om aldus aangestel te word.
- (2) 'n Uitnodiging vir benoemings moet—
- (a) genoeg inligting versoek om die munisipaliteit in staat te stel om die kennis en ondervinding van die benoemde te evalueer;
  - (b) 'n skriftelike benoeming versoek in die vorm wat die Munisipaliteit bepaal wat aan subartikel (3) voldoen.
- (3) 'n Benoeming in antwoord op 'n uitnodiging moet—
- (a) selfbenoeming toelaat of voorsiening maak vir die aanvaarding van die benoeming deur die benoemde;
  - (b) bevestiging deur die benoemde bevat dat hy of sy nie ingevolge artikel 74 gediskwalifiseer is om as 'n lid te dien nie;
  - (c) instemming deur die benoemde bevat dat die Munisipaliteit alle inligting verskaf deur die benoemde kan nagaan;
  - (d) 'n verklaring bevat dat die benoemde verplig sal wees om hom of haarself te verbind aan 'n gedragskode en om die gedragskode te handhaaf indien hy of sy aangestel word; en
  - (e) voorsiening maak vir 'n sluitingsdatum vir benoemings, welke datum nie minder as 14 dae mag wees vanaf die datum van publikasie van die uitnodiging ingevolge subartikel (1)(b) of die skriftelike uitnodiging ingevolge subartikel (1)(a) nie, en geen benoemings wat na daardie datum ingedien word mag deur die Munisipaliteit oorweeg word nie.

- (4) Indien geen of nie genoeg benoemings ontvang word nie of indien die benoemdes nie oor die vereiste kennis en vaardighede beskik nie of nie aan enige bykomende maatstawwe voldoen wat die Munisipaliteit moontlik bepaal het nie, moet die Munisipaliteit 'n tweede keer benoemings uitnooi en die vereiste proses vir die uitnodiging van benoemings bedoel in hierdie artikel volg.
- (5) Indien daar na die tweede uitnodiging vir benoemings geen of onvoldoende benoemings ontvang is of indien die benoemdes nie oor die vereiste kennis en vaardighede beskik of nie voldoen aan enige bykomende maatstawwe wat die Munisipaliteit moontlik bepaal het nie, moet die uitvoerende gesag van die Munisipaliteit persone aanwys wat oor die vereiste kennis en ondervinding beskik en aan enige bykomende maatstawwe voldoen wat die Munisipaliteit moontlik bepaal het en die persoon aanstel.
- (6) Benoemings wat uit hoofde van subartikel (1) by die Munisipaliteit ingedien is, moet op skrif en in die vorm wees wat die Munisipaliteit bepaal en moet die inhoud bedoel in subartikel (3) bevat.
- (7) Die Munisipaliteit moet 'n evalueringspaneel byeenroep wat uit amptenare in diens van die Munisipaliteit bestaan om benoemings wat aan hierdie artikel voldoen soos ontvang deur die Munisipaliteit te evalueer en die opdrag aan daardie evalueringspaneel bepaal.
- (8) Die Raad moet lede van die Tribunaal aanstel na inagneming van—
  - (a) die aanbevelings van die evalueringspaneel;
  - (b) die kennis en ondervinding van kandidate ten opsigte van grondgebruikbeplanning of die reg wat daarop betrekking het;
  - (c) die vereiste dat die lede van die Tribunaal verteenwoordigend moet wees van 'n wye verskeidenheid van gepaste ondervinding en kundigheid;
  - (d) die bevoegdhede en pligte van die Tribunaal; en
  - (e) die beleid van die Munisipaliteit ten opsigte van die bevordering van persone wat voorheen deur onregverdigde diskriminasie benadeel is.
- (9) Die Raad mag nie enige persoon in die Tribunaal aanstel indien daardie persoon—
  - (a) nie ooreenkomstig die bepalings van hierdie artikel benoem is nie;
  - (b) van aanstelling gediskwalifiseer is soos beoog in artikel 74; of
  - (c) nie oor die kennis en ervaring vereis ingevolge artikel 71(2) beskik nie.

- (10) Die Raad moet onder die lede van die Tribunaal die volgende aanwys:
- (a) die voorsitter van die Tribunaal; en
  - (b) 'n ander lid as adjunkvoorsitter, om as voorsitter van die Tribunaal waar te neem wanneer die voorsitter afwesig is of nie in staat is om sy of haar pligte uit te voer nie.
- (11) Die Munisipale Bestuurder moet—
- (a) die lede skriftelik van hul aanstelling in kennis stel;
  - (b) van die Raad skriftelike bevestiging bekom dat die Raad tevrede is dat die Tribunaal in staat is om met sy bedrywighede te begin; en
  - (c) na ontvangs van die bevestiging bedoel in paragraaf (a) 'n kennisgewing van die volgende in die *Provinsiale Koerant* publiseer:
    - (i) die naam van elke lid van die Tribunaal;
    - (ii) die datum waarop die aanstelling van elke lid in werking tree;
    - (iii) die ampstermyn van elke lid; en
    - (iv) die datum waarop die Tribunaal met sy bedrywighede sal begin.
- (12) Die Tribunaal mag slegs na die publisering van die kennisgewing beoog in subartikel (11)(c) met sy bedrywighede begin.

### **Ampstermyn en diensvoorwaardes van lede van Tribunaal vir munisipale gebied**

- 73.** (1) 'n Lid van 'n Tribunaal beoog in artikel 70(1)(a)—
- (a) word aangestel vir vyf jaar of 'n korter tydperk wat die Munisipaliteit kan bepaal; en
  - (b) kan vir verdere termyne aangestel word behoudens artikel 37(1) van die Wet op Ruimtelike Beplanning en Grondgebruikbestuur.
- (2) Die amp van 'n lid raak vakant indien—
- (a) die lid van twee opeenvolgende vergaderings van die Tribunaal afwesig is sonder die verlof van die voorsitter van die Tribunaal;
  - (b) die lid sy of haar bedanking skriftelik by die voorsitter van die Tribunaal indien;



- (c) die lid kragtens subartikel (3) uit die Tribunaal verwyder word; of
  - (d) die lid sterf.
- (3) Die Raad kan, nadat hy die lid 'n geleentheid gegun het om sy of haar saak te stel 'n lid van die Tribunaal verwyder indien—
- (a) voldoende gronde vir sy of haar verwydering bestaan;
  - (b) die lid die gedragskode bedoel in artikel 76 oortree;
  - (c) die lid aan 'n diskwalifisering van lidmaatskap soos bedoel in artikel 74 onderworpe raak.
- (4) 'n Vakature in die Tribunaal moet deur die Raad ingevolge artikels 71 en 72 gevul word.
- (5) 'n Lid wat uit hoofde van subartikel (4) aangestel word, beklee die amp vir die onverstreke gedeelte van die tydperk waarvoor die lid wat hy of sy vervang, aangestel was.
- (6) Lede van die Tribunaal bedoel in artikel 71(1)(b) moet op die bepalings en voorwaardes aangestel word en die vergoeding en toelaes betaal word en vir uitgawes vergoed word soos bepaal deur die Raad.
- (7) 'n Amptenaar van die Munisipaliteit aangestel ingevolge artikel 71(1)(a) as 'n lid van die Tribunaal—
- (a) mag as lid van die Tribunaal dien slegs vir solank hy of sy voltyds in diens van die Munisipaliteit is;
  - (b) is onderworpe aan die diensvoorwaardes bepaal in sy of haar werkskontrak en is nie geregtig op bykomende vergoeding, toelaes, verlof of siekteverlof of enige ander werknemersvoordeel as gevolg van sy of haar lidmaatskap van die Tribunaal nie.
- (8) 'n Persoon wat ingevolge artikel 71(1)(b) as 'n lid van die Tribunaal aangestel word—
- (a) is nie 'n werknemer op die diensstaat van die Munisipaliteit nie;
  - (b) in die geval van 'n persoon bedoel in artikel 71(3)(a), is onderworpe aan die diensvoorwaardes bepaal in sy of haar werkskontrak en is nie geregtig op bykomende vergoeding, toelaes, verlof of siekteverlof of enige ander werknemersvoordeel as gevolg van sy of haar lidmaatskap van die Tribunaal nie;
  - (c) verrig die bepaalde take ten opsigte van die oorweging van 'n aansoek aan hom of haar toegewys deur die voorsitter van die Tribunaal;

- (d) sit by sodanige vergaderings van die Tribunaal wat sy of haar tersaaklike kennis en ondervinding benodig soos bepaal deur die voorsitter van die Tribunaal;
  - (e) in die geval van 'n persoon bedoel in artikel 71(3)(b), is geregtig op 'n bywonings- en reistoelaag soos bepaal deur die Munisipaliteit vir elke vergadering van die Tribunaal waar dit van hom of haar vereis word om by te woon; en
  - (f) in die geval van 'n persoon bedoel in artikel 71(3)(b), is nie geregtig op oortydbesoldiging, jaarverlof, siekteverlof, kraamverlof, gesinsverantwoordelikhedsverlof, studieverlof, spesiale verlof, 'n prestasiebonus, mediesefondsbydrae, pensioen, motorvoertuigvoordele of enige ander voordeel waarop 'n munisipale werknemer geregtig is nie.
- (9) Die toelaes bedoel in subartikel (8)(e) is onderworpe aan belasting ooreenkomstig die gewone belastingsreëls wat deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens uitgereik word.

#### **Diskwalifikasie van lidmaatskap van Tribunaal**

- 74. (1)** 'n Persoon mag nie aangestel word of voortgaan om te dien as lid van die Tribunaal nie indien daardie persoon—
- (a) nie 'n landsburger of permanente inwoner van die Republiek van Suid-Afrika is nie;
  - (b) 'n lid van die Parlement, 'n provinsiale wetgewer, 'n Munisipale Raad of 'n Huis van Tradisionele Leiers is;
  - (c) 'n ongerehabiliteerde insolvent is;
  - (d) geestesonbevoeg verklaar is deur 'n geregshof of vantevore aangehou is kragtens die "Mental Health Care Act, 2002" (Wet 17 van 2002);
  - (e) te eniger tyd skuldig bevind is van 'n misdryf waar oneerlikheid betrokke was;
  - (f) te eniger tyd weens wangedrag uit 'n vertrouenspos verwyder is;
  - (g) voorheen uit 'n tribunaal verwyder is vir 'n oortreding van die Wet op Ruimtelike Beplanning en Grondgebruikbestuur of hierdie Verordening;
  - (h) skuldig bevind is aan wangedrag, onvermoë of onbevoegdheid; of
  - (i) versuim om aan die Wet op Ruimtelike Beplanning en Grondgebruikbestuur of hierdie Verordening te voldoen.
- (2) 'n Lid moet sy of haar amp verlaat indien daardie lid onderworpe word aan 'n diskwalifikasie soos beoog in subartikel (1).

- (3) 'n Lid van 'n Tribunaal—
- (a) moet enige konflik van belang, met inbegrip van 'n moontlike konflik, volledig verklaar; en
  - (b) mag nie enige verrigtinge van die Tribunaal in verband met enige aangeleentheid ten opsigte waarvan die lid 'n konflik van belang het bywoon, daaraan deelneem of daaroor stem nie.
- (4) Vir die doeleindes van hierdie artikel het 'n lid 'n konflik van belang indien—
- (a) die lid, 'n familielid, vennoot of sakegenoot van die lid die aansoeker is of 'n geldelike of ander belang het by die aangeleentheid voor die Tribunaal nie;
  - (b) die lid enige ander belang het wat hom of haar kan verhinder of wat redelikerwys beskou kan word as dat dit die lid verhinder om die werksaamhede van die lid op 'n regverdig, onbevooroordeelde en behoorlike wyse te verrig;
  - (c) die lid 'n amptenaar in diens van die nasionale, provinsiale of plaaslike regering is, indien die departement waar die amptenaar in diens is 'n direkte of wesenlike belang het by die uitkomst van die aangeleentheid.
- (5) Die Raad kan te eniger tyd 'n lid van die Tribunaal uit sy of haar amp verwyder—
- (a) indien daar redelike gronde is om die verwydering te regverdig; of
  - (b) waar 'n lid ingevolge subartikel (1) gediskwalifiseer is, nadat so 'n lid 'n geleentheid gegee is om sy of haar saak te stel.
- (6) Indien die aanstelling van 'n lid beëindig word of die lid bedank, kan die Raad 'n persoon aanstel om die vakature te vul vir die onverstreke gedeelte van die ampstermyn van die uittredende lid, ooreenkomstig artikels 71 en 72.

### **Vergaderings van Tribunaal vir munisipale gebied**

- 75.** (1) Behoudens artikel 78 moet die Tribunaal beoog in artikel 70(1)(a) sy eie interne reëlings, verrigtinge en prosedures bepaal en dié van sy komitees, deur reëls op te stel vir—
- (a) die byeenroeping van vergaderings;
  - (b) die prosedure by vergaderings; en
  - (c) hoe gereeld vergaderings gehou word.

- (2) Die Tribunaal kan homself saamstel om een of meer panele uit te maak om die volgende te bepaal:
  - (a) aansoeke in bepaalde geografiese gebiede;
  - (b) aansoeke in bepaalde gebiede binne die munisipaliteit; of
  - (c) 'n bepaalde aansoek of 'n soort, of 'n kategorie van, aansoek.
- (3) In hierdie artikel, tensy dit uit die samehang anders blyk, beteken “die Tribunaal” ook 'n paneel van die Tribunaal beoog in subartikel (2).
- (4) Die Tribunaal moet op die tyd en by die plek bepaal deur die voorsitter, of in die geval van 'n paneel, deur die voorsittende beampte, minstens een maal per maand vergader indien daar 'n aansoek is om te oorweeg.
- (5) Indien die Tribunaal homself saamstel om 'n paneel te vorm, moet die Tribunaal minstens drie lede van die Tribunaal aanwys om lede van daardie paneel te wees, waarvan minstens een 'n lid beoog in artikel 71(1)(b) moet wees.
- (6) 'n Korum vir 'n vergadering van die Tribunaal is die gewone meerderheid van sy aangestelde lede.
- (7) 'n Korum vir 'n vergadering van 'n paneel van die Tribunaal is—
  - (a) 'n gewone meerderheid van sy aangewese lede; of
  - (b) drie, indien die paneel uit slegs drie lede bestaan.
- (8) Vergaderings van die Tribunaal of 'n paneel van die Tribunaal moet gehou word soos beoog in hierdie artikel en artikel 78 ooreenkomstig die reëls van die Tribunaal.

### **Gedragkode vir lede van Tribunaal vir munisipale gebied**

- 76.** (1) Die gedragkode in Bylae 1 is van toepassing op elke lid van 'n Tribunaal beoog in artikel 71(1).
- (2) Indien 'n lid die gedragkode oortree, kan die Raad—
    - (a) in die geval van 'n lid beoog in artikel 71(1)(a), dissiplinêre verrigtinge teen die lid instel;
    - (b) die lid uit sy of haar amp verwyder.

**Administrateur vir Tribunaal vir munisipale gebied**

77. (1) Die Munisipale Bestuurder moet 'n werknemer as die Administrateur en ander personeel vir die Tribunaal beoog in artikel 70(1)(a) ingevolge die Munisipale Stelselwet aanstel of aanwys.
- (2) Die Administrateur moet—
- (a) met die tersaaklike Tribunaalrede en die betrokke partye skakel oor enige aansoek wat ingedien is by, of oor ander verrigtinge van, die Tribunaal;
  - (b) 'n dagboek van vergaderings van die Tribunaal byhou;
  - (c) vir 'n aansoek 'n vergaderingsdatum en aansoeknommer toeken;
  - (d) die bywoning van vergaderings deur lede van die Tribunaal reël;
  - (e) lokale vir Tribunaalvergaderings reël;
  - (f) die administratiewe werksaamhede in verband met die verrigtinge van die Tribunaal uitvoer;
  - (g) toesien dat die verrigtinge van die Tribunaal doelmatig en ooreenkomstig die opdragte van die voorsitter van die Tribunaal uitgevoer word;
  - (h) die sake van die Tribunaal reël ten einde toe te sien dat tyd beskikbaar is om met ander staatsorgane te skakel oor die ooreenstemming van geïntegreerde aansoeke en magtigings;
  - (i) die betrokke partye in kennis stel van besluite en prosedurele opdragte van die Tribunaal;
  - (j) 'n rekord hou van alle aansoeke wat by die Tribunaal ingedien is asook van die uitslag van elkeen, met inbegrip van—
    - (i) besluite van die Tribunaal;
    - (ii) ondersoeke ter plaatse en enige aangeleentheid wat as gevolg daarvan aangeteken word;
    - (iii) redes vir besluite; en
    - (iv) verrigtinge van die Tribunaal; en
  - (k) rekord hou op enige wyse wat die Tribunaal dienstig ag.

### Funksionering van Tribunaal vir munisipale gebied

78. (1) Die vergaderings van die Tribunaal beoog in artikel 75(1)(a) moet op die tye en by die plekke gehou word soos die voorsitter kan bepaal.
- (2) Indien 'n aansoeker, of 'n persoon wie se regte of regmatige verwagtinge deur die goedkeuring van 'n ondersoek geraak sal word, versoek om 'n mondelinge vertoog by 'n vergadering van die Tribunaal te rig, moet hy of sy minstens 14 dae voor daardie vergadering 'n skriftelike versoek by die Administrateur indien.
- (3) Die voorsitter kan 'n versoek beoog in subartikel (2) behoudens redelike voorwaardes goedkeur.
- (4) 'n Aansoek kan deur die Tribunaal oorweeg word deur middel van—
- (a) die oorweging van die skriftelike aansoek en kommentaar; of
  - (b) 'n mondelinge verhoor.
- (5) Die aansoek kan ingevolge subartikel (4)(a) oorweeg word indien dit vir die Tribunaal blyk dat die aangeleenthede vir beslissing oor die aansoek in die afwesigheid van die partye voldoende bepaal kan word deur die dokumente of ander materiaal wat by die Tribunaal ingedien is of aan hom verskaf is, te oorweeg.
- (6) 'n Mondelinge verhoor kan gehou word—
- (a) indien dit vir die Tribunaal blyk dat die aangeleenthede vir beslissing oor die aansoek nie in die afwesigheid van die partye voldoende bepaal kan word deur die dokumente of ander materiaal te oorweeg wat by die Tribunaal ingedien is of aan hom verskaf is nie; of
  - (b) indien so 'n verhoor sal bydra tot die spoedige en regverdigde afhandeling van die aansoek.
- (7) Indien toepaslik onder die omstandighede kan die mondelinge verhoor elektronies geskied.

### Appèlle

79. (1) Die uitvoerende gesag (*uitvoerende komitee/uitvoerende burgermeester van die munisipaliteit/ indien die munisipaliteit nie 'n uitvoerende komitee of uitvoerende burgermeester het nie, 'n komitee van raadslede*) is die Appèlgesag ten opsigte van besluite van die Tribunaal of 'n gemagtigde werknemer beoog in artikels 68(a) of (b) en 'n versuim om oor 'n aansoek te besluit soos beoog in artikel 58.

- (2) 'n Persoon wie se regte geraak word deur 'n besluit beoog in subartikel (1) kan binne 21 dae vanaf kennisgewing van die besluit skriftelik by die Appèlgesag appelleer.
- (3) 'n Aansoeker mag te eniger tyd na die verstryking van die tydperk beoog in artikel 57(1) of (2) skriftelik by die Appèlgesag appelleer ten opsigte van die versuim van die Tribunaal of 'n gemagtigde werknemer om binne die tydperk beoog in daardie artikels 'n besluit te neem.
- (4) 'n Appèl word aangeteken deur die appèl op die Munisipale Bestuurder te beteken in die vorm bepaal deur die Munisipaliteit en, in die geval van 'n appèl beoog in subartikel (2), binne die tydperk beoog in subartikel (2).
- (5) Wanneer die Appèlgesag 'n appèl oorweeg, moet die Appèlgesag die volgende in ag neem:
  - (a) die bepalinge van artikel 65(1), saamgelees met die nodige veranderinge; en
  - (b) die kommentaar van die Provinsiale Minister beoog in artikel 52 van die Wet op Grondgebruikbeplanning.

### **Prosedure vir appèl**

- 80.** (1) 'n Appèl is ongeldig indien—
- (a) in die geval van 'n appèl beoog in artikel 79(2), dit nie binne die tydperk bedoel in daardie artikel aangeteken is nie; en
  - (b) dit nie aan hierdie artikel voldoen nie.
- (2) 'n Appèl moet die volgende uiteensit—
- (a) die gronde vir die appèl, wat die volgende gronde kan insluit:
    - (i) dat die administratiewe optrede nie prosedureel regverdig was nie soos beoog in die "Promotion of Administrative Justice Act, 2000" (Wet 3 van 2000);
    - (ii) gronde met betrekking tot die meriete van die aansoek om grondontwikkeling of grondgebruik waarop die appellant van mening is die Tribunaal of gemagtigde werknemer het gefouteer in die slotsom waartoe die Tribunaal of gemagtigde werknemer, na gelang van die geval, gekom het;
  - (b) of die appèl teen die hele besluit of 'n gedeelte van die besluit is;
  - (c) indien die appèl teen 'n gedeelte van die besluit aangeteken word, 'n beskrywing van die gedeelte;

- (d) indien die appèl teen 'n voorwaarde van goedkeuring aangeteken word, 'n beskrywing van die voorwaarde;
  - (e) die feitelike of regsbevindings waarop die appellant steun;
  - (f) die bystand wat die appellant verlang;
  - (g) enige aangeleentheid wat die appellant wil hê die Appèlgesag moet oorweeg wanneer die Appèlgesag sy besluit neem; en
  - (h) in die geval van 'n appèl ten opsigte van die versuim van 'n besluitnemer om 'n besluit te neem, die feite wat die versuim bewys;
- (3) 'n Aansoeker wat 'n appèl aanteken, moet bewys van betaling van appèlgede soos bepaal kan word deur die Munisipaliteit by die Munisipale Bestuurder indien.
  - (4) 'n Aansoeker wat 'n appèl aanteken moet gelyktydig kennisgewing van die appèl aan enige persoon beteken wat op die betrokke aansoek kommentaar gelewer het en aan enige ander persoon soos die Munisipaliteit kan bepaal.
  - (5) Die kennisgewing moet ooreenkomstig artikel 35 beteken word.
  - (6) Die kennisgewing beoog in subartikel (5) moet persone uitnooi om binne 21 dae vandat hulle kennis van die appèl ontvang het kommentaar op die appèl te lewer.
  - (7) Die appellant moet binne 14 dae vanaf die datum van kennisgewing bewys van betekening soos beoog in subartikel (5) by die Munisipale Bestuurder indien.
  - (8) Indien 'n persoon behalwe die aansoeker 'n appèl aanteken, moet die Munisipale Bestuurder binne 14 dae vanaf ontvangs daarvan die aansoeker skriftelik van die appèl in kennis stel.
  - (9) 'n Aansoeker wat ingevolge subartikel (8) van 'n appèl in kennis gestel is, kan binne 21 dae vandat hy of sy in kennis gestel is kommentaar op die appèl by die Munisipaliteit indien.
  - (10) Die Munisipaliteit kan weier om enige kommentaar op 'n appèl na die sluitingsdatum vir daardie kommentaar te aanvaar.
  - (11) Die Munisipale Bestuurder—
    - (a) kan binne 14 dae vanaf die ontvangs van 'n appèl die Provinsiale Minister versoek om binne 60 dae van ontvangs van die versoek skriftelik op die appèl kommentaar te lewer;
    - (b) moet binne 14 dae vanaf ontvangs van 'n appèl die Provinsiale Minister daarvan in kennis stel en versoek om binne 60 dae vanaf ontvangs van die versoek kommentaar te lewer op die appèl ten opsigte van appèlle met betrekking tot die volgende aansoeke:



- (i) 'n ontwikkeling buite die Munisipaliteit se beplande buitenste grens van stedelike uitbreiding soos weergegee in sy munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk;
  - (ii) indien die Munisipaliteit geen goedgekeurde munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk het nie, 'n ontwikkeling buite die fisiese rand, met inbegrip van bestaande goedkeurings van stedelike grondgebruik, van die bestaande stedelike gebied;
  - (iii) 'n hersonering van grond wat vir die doeleindes van landbou of bewaring gesoneer is;
  - (iv) enige kategorie van grondgebruikaansoeke soos die Provinsiale Minister kan voorskryf; en
- (c) moet by ontvangs van 'n appèl ingevolge hierdie artikel die aansoeker skriftelik in kennis stel of die werking van die goedkeuring van die aansoek opgeskort is al dan nie.
- (12) 'n Gemagtigde werknemer moet 'n verslag opstel wat 'n appèl evalueer en moet dit indien by die Munisipale Bestuurder binne—
- (a) 30 dae vanaf die sluitingsdatum vir kommentaar wat ingevolge subartikels (6) en (9) versoek is, indien geen kommentaar ingevolge subartikel (11) versoek is nie; of
  - (b) 30 dae vanaf die sluitingsdatum vir kommentaar wat ingevolge subartikel (11) versoek is.
- (13) Die Munisipale bestuurder moet binne 14 dae vanaf ontvangs van die verslag beoog in subartikel (12) die appèl by die Appèlgesag indien.
- (14) Die Munisipale Bestuurder of 'n werknemer deur hom of haar aangewys moet—
- (a) met die Appèlgesag en die betrokke partye skakel oor enige appèl wat by die Appèlgesag aangeteken is;
  - (b) 'n dagboek van vergaderings van die Appèlgesag byhou;
  - (c) aan 'n appèl 'n vergaderingsdatum en 'n appèlnommer toeken;
  - (d) die bywoning van vergaderings deur lede van die Appèlgesag reël;
  - (e) lokale vir die Appèlgesag reël;
  - (f) die administratiewe werksaamhede in verband met die verrigtinge van die Appèlgesag uitvoer;

- (g) toesien dat die verrigtinge van die Appèlgesag doelmatig en ooreenkomstig die opdragte van die Appèlgesag uitgevoer word;
  - (h) die sake van die Appèlgesag reël ten einde toe te sien dat tyd beskikbaar is om met ander staatsorgane te skakel oor die ooreenstemming van geïntegreerde appèlprosedures;
  - (i) die betrokke partye in kennis stel van besluite en prosedurele opdragte van die Appèlgesag;
  - (j) 'n rekord hou van alle appèlle wat aangeteken is asook van die uitslag van elkeen, met inbegrip van—
    - (i) besluite van die Appèlgesag;
    - (ii) ondersoeke ter plaatse en enige aangeleentheid wat as gevolg daarvan aangeteken word;
    - (iii) redes vir besluite; en
    - (iv) verrigtinge van die Appèlgesag; en
    - (v) rekord hou op enige wyse wat die Appèlgesag dienstig ag.
- (15) 'n Appellant kan te eniger tyd voordat die Appèlgesag 'n besluit neem oor 'n appèl wat die appellant ingedien het die appèl terugtrek deur die Munisipale Bestuurder skriftelik van die terugtrekking in kennis te stel.
- (16) Die eienaar van grond moet die Munisipaliteit skriftelik in kennis stel indien hy of sy die volmag wat aan sy of haar voormalige agent gegee is, terugtrek en bevestig of hy of sy self sal voortgaan met die appèl.

### **Oorweging deur Appèlgesag**

- 81.** (1) 'n Appèl kan deur die Appèlgesag oorweeg word deur middel van—
- (a) die oorweging van die skriftelike appèl en kommentaar; of
  - (b) 'n mondelinge verhoor.
- (2) Die appèl kan ingevolge subartikel (1)(a) oorweeg word indien dit vir die Appèlgesag blyk dat die aangeleentheid vir beslissing oor die appèl in die afwesigheid van die partye voldoende bepaal kan word deur die dokumente of ander materiaal wat by die Appèlgesag ingedien is of aan hom verskaf is, te oorweeg.

- (3) 'n Mondelinge verhoor kan gehou word—
- (a) indien dit vir die Appèlowerheid blyk dat die aangeleenthede vir beslissing oor die appèl nie in die afwesigheid van die partye voldoende bepaal kan word deur die dokumente of ander materiaal te oorweeg wat by die Appèlgesag ingedien is of aan hom verskaf is nie; of
  - (b) indien so 'n verhoor sal bydra tot die spoedige en regverdigde afhandeling van die appèl.
- (4) Indien gepas in die omstandighede kan die mondelinge verhoor elektronies geskied.
- (5) Indien die Appèlgesag besluit om 'n mondelinge verhoor te hou, kan enige party tot die appèl self verskyn of deur 'n ander persoon verteenwoordig word.
- (6) Die Appèlgesag moet toesien dat elke party tot 'n verrigting voor die Appèlgesag 'n geleentheid gegee word om sy of haar saak te stel, hetsy skriftelik of mondelings soos beoog in subartikels (2) en (3) en veral om insae te hê in enige dokumente wat die Appèlgesag van voorneme is om in ag te neem in die neem van 'n besluit in die verrigting en om voorleggings te maak met betrekking tot daardie dokumente.
- (7) Die Appèlgesag moet—
- (a) alle appèlle wat wettiglik by hom ingedien is, oorweeg en bepaal;
  - (b) die besluit van die Tribunaal of gemagtigde werknemer bevestig, verander of intrek;
  - (c) redes verskaf vir enige besluit wat hy neem;
  - (d) opdragte tersaaklik tot sy werksaamhede aan die Munisipaliteit gee;
  - (e) 'n rekord van al sy verrigtinge hou; en
  - (f) bepaal of die appèl binne sy regsbevoegdheid val.
- (8) Behoudens subartikel (12) moet die Appèlgesag binne 60 dae vanaf ontvangs van die evalueringsverslag beoog in artikel 80(13) oor 'n appèl besluit.
- (9) Indien die Appèlgesag 'n besluit van die Tribunaal of gemagtigde werknemer intrek, kan die Appèlgesag—
- (a) die aangeleentheid terugverwys na die Tribunaal of die gemagtigde werknemer—
    - (i) indien daar 'n fout in die proses was wat onregverdig is en nie deur die Appèlgesag reggestel kan word nie; en
    - (ii) met instruksies rakende die regstelling van die fout; of
  - (b) die besluit vervang met enige besluit wat die Appèlgesag nodig ag.

- (10) Die Appèlgesag kan 'n tegniese raadgewer aanstel om die Appèlgesag van raad te voorsien of by te staan rakende 'n aangeleentheid wat deel van die appèl uitmaak.
- (11) Die Appèlgesag moet binne 21 dae vanaf die datum van sy besluit die partye tot die appèl skriftelik in kennis stel van—
- (a) die besluit en die redes daarvoor; en
  - (b) indien die besluit op 'n appèl die goedkeuring handhaaf, die aansoeker skriftelik in kennis stel dat hy of sy aan die goedkeuring uitvoering kan gee.
- (12) Die Appèlgesag kan die tydperk beoog in subartikel (8) in uitsonderlike omstandighede verleng, wat die volgende insluit:
- (a) indien 'n belanghebbende persoon 'n petisie om toetredersstatus ingedien het;
  - (b) indien 'n mondelinge verhoor gehou gaan word.

## **HOOFSTUK VIII VERSKAFFING VAN INGENIEURSDIENSTE**

### **Verantwoordelikheid vir verskaffing van ingenieursdienste**

- 82.** (1) 'n Aansoeker is verantwoordelik vir die verskaffing, installering en koste van interne ingenieursdienste benodig vir 'n ontwikkeling sodra 'n aansoek goedgekeur is.
- (2) Die Munisipaliteit is verantwoordelik vir die verskaffing en installering van eksterne ingenieursdienste.
- (3) Indien die Munisipaliteit nie die verskaffer van 'n ingenieursdiens is nie moet die aansoeker die Munisipaliteit tevrede stel dat voldoende reëlings met die tersaaklike diensverskaffer getref is vir die verskaffing van daardie diens.
- (4) Die Munisipaliteit kan 'n skriftelike ooreenkoms met 'n aansoeker aangaan om te bepaal dat—
- (a) die aansoeker vir die verskaffing, installering en koste van eksterne ingenieursdiens verantwoordelik is in plaas daarvan om die toepaslike ontwikkelingsheffings te betaal; of
  - (b) die aansoeker vir die verskaffing, installering en koste van die eksterne ingenieursdiens verantwoordelik is en dat die billike en redelike koste van die eksterne ingenieursdiens teen die ontwikkelingsheffings betaalbaar deur die aansoeker verreken kan word.

### **Ontwikkelingsheffings**

- 83.** (1) Die aansoeker moet ontwikkelingsheffings ten opsigte van die verskaffing en installering van eksterne ingenieursdienste aan die Munisipaliteit betaal.
- (2) Dié eksterne ingenieursdienste waarvoor ontwikkelingsheffings betaalbaar is, moet uiteengesit word in 'n beleid wat deur die Munisipaliteit aangeneem en jaarliks hersien word.
- (3) Die bedrag van die ontwikkelingsheffings betaalbaar deur 'n aansoeker moet ooreenkomstig die beleid aangeneem deur die Munisipaliteit bereken word.
- (4) Die datum waarteen ontwikkelingsheffings betaal moet wees en die betaalmiddel moet in die voorwaardes van goedkeuring vermeld word.
- (5) Die ontwikkelingsheffings wat opgelê word, is onderhewig aan opwaartse aanpassing teen die koers bereken ooreenkomstig die beleid oor ontwikkelingsheffings.
- (6) Die Munisipaliteit moet jaarliks by die Raad 'n verslag indien van die ontwikkelingsheffings wat aan die Munisipaliteit betaal is, tesame met 'n opgaaf van die uitgawes van die bedrag en die doel van die uitgawes.
- (7) Wanneer die Munisipaliteit die bydrae beoog in artikel 66(4) en (5) bepaal, moet die Munisipaliteit provinsiale norme en standaarde in ag neem sowel as—
- (a) die munisipaledienste-infrastruktuur en munisipale geriewe vir die betrokke grond wat vir die goedgekeurde grondgebruik benodig word;
- (b) die openbare uitgawes op daardie infrastuktuur en daardie geriewe wat in die verlede aangegaan is en wat die goedgekeurde grondgebruik fasiliteer;
- (c) die openbare uitgawes op daardie infrastuktuur en daardie geriewe wat uit die goedgekeurde grondgebruik kan voorspruit;
- (d) geld ten opsigte van bydraes beoog in artikel 66(4) wat in die verlede deur die eienaar van die betrokke grond betaal is; en
- (e) geld ten opsigte van bydraes beoog in artikel 66(4) wat in die toekoms deur die eienaar van die betrokke grond betaal moet word.

### **Grond vir parke, oop ruimtes en ander gebruike**

- 84.** (1) Wanneer die Munisipaliteit 'n aansoek om die gebruik van grond vir residensiële doeleindes goedkeur, kan die Munisipaliteit van die aansoeker vereis om grond vir parke of openbare oop ruimtes te verskaf.
- (2) Die omvang van grond benodig vir parke of openbare oop ruimtes word deur die Munisipaliteit ooreenkomstig 'n beleid aangeneem deur die Munisipaliteit bepaal.

- (3) Die grond benodig vir parke of openbare oop ruimtes moet binne die grondgebied van die aansoek verskaf word of kan, met die instemming van die Munisipaliteit, elders binne die munisipale gebied verskaf word.
- (4) Wanneer 'n aansoek goedgekeur word sonder die vereiste verskaffing van grond vir parke of oop ruimtes binne die grondgebied van die ontwikkeling kan dit van die aansoeker vereis word om geld aan die Munisipaliteit te betaal in plaas van die verskaffing van grond.

## **HOOFSTUK IX AFDWINGING**

### **Afdwinging**

- 85.** (1) Die Munisipaliteit moet voldoen en voldoening afdwing aan die volgende:
- (a) die bepalings van hierdie Verordening;
  - (b) die bepalings van 'n soneringskema;
  - (c) voorwaardes opgelê ingevolge hierdie Verordening of vorige beplanningswetgewing; en
  - (d) titelvoorwaardes.
- (2) Die Munisipaliteit mag niks doen wat strydig is met subartikel (1) nie.

### **Misdrywe en strawwe**

- 86.** (1) 'n Persoon is skuldig aan 'n misdryf en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of gevangenisstraf van hoogstens 20 jaar of met beide 'n boete en sodanige gevangenisstraf indien hy of sy—
- (a) artikels 15(1) en (5), 20(1), 21(4), 31(1), 59(3), 62(2) of 88(2) oortree of versuim om daaraan te voldoen;
  - (b) sonder die goedkeuring van die Munisipaliteit grond anders aanwend as wat in die soneringskema voorgeskryf word;
  - (c) versuim om by registrasie van die eerste grondeenheid wat uit 'n onderverdeling voortspruit alle gemeenskaplike eiendom wat uit die onderverdeling voortspruit na die eienaarsvereniging oor te dra;
  - (d) besonderhede, inligting of antwoorde verskaf in 'n aansoek of in 'n appèl teen 'n besluit oor 'n aansoek of in enige dokumentasie of voorlegging wat verband hou met 'n aansoek of 'n appèl met die wete dat dit onwaar, foutief of misleidend is of met die mening dat dit nie korrek is nie;

- (e) voorgee om 'n gemagtigde werknemer of die tolk of assistent van 'n gemagtigde werknemer te wees; of
  - (f) 'n gemagtigde werknemer verhinder of inmeng in die uitoefening van enige bevoegdheid of die uitvoering van enige plig van daardie werknemer.
- (2) 'n Eienaar wat toelaat dat sy of haar grond gebruik word op 'n wyse uiteengesit in subartikel (1)(b) en wat nie daardie gebruik staak of redelike stappe doen om toe te sien dat die gebruik staak nie, of wat 'n persoon toelaat om die bepalings van 'n soneringskema te verbreek, is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of gevangenisstraf van hoogstens 20 jaar of met beide 'n boete en sodanige gevangenisstraf.
- (3) 'n Persoon wat ingevolge hierdie Verordening aan 'n misdryf skuldig bevind is wat na skuldigbevinding voortgaan met die handeling ten opsigte waarvan hy of sy aldus skuldig bevind is, is skuldig aan 'n voortgesette misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens drie maande of met 'n gelykwaardige boete of met beide sodanige boete en gevangenisstraf ten opsigte van elke dag waarop hy of sy aldus voortgaan of voortgegaan het met daardie handeling of versuim.
- (4) Die Munisipaliteit moet boetes en strydigheidshreffings aanneem wat by die afdwinging van hierdie Verordening opgelê moet word.

### **Betekening van voldoeningskennisgewings**

- 87.** (1) Die Munisipaliteit moet 'n voldoeningskennisgewing op 'n persoon beteken indien hy redelike gronde het om te vermoed dat die persoon of eienaar skuldig is aan 'n misdryf ingevolge artikel 86.
- (2) 'n Voldoeningskennisgewing moet die bewoner en eienaar opdrag gee om sonder versuim of binne die tydperk bepaal deur die Munisipaliteit die onwettige aanwending van grond of bou-aktiwiteit of albei te staak en kan ook 'n opdrag insluit om—
- (a) binne die tydperk bepaal deur die Munisipale Bestuurder enige gebou, struktuur of werk wat onwettiglik opgerig of gebou is te sloop, verwyder of te verbou of om die betrokke grond te rehabiliteer of gebou te herstel na sy oorspronklike vorm of om die aktiwiteit te staak, na gelang van die geval;
  - (b) binne 30 dae vanaf die betekening van die voldoeningskennisgewing 'n aansoek om die goedkeuring van die aanwending van die grond of bou-aktiwiteit ingevolge hierdie Verordening in te dien en die strydigheidshreffing binne 30 dae vanaf goedkeuring van die aanwending te betaal; of
  - (c) die oortreding van of nievoldoening aan 'n voorwaarde van goedkeuring binne 'n bepaalde tydperk reg te stel.
- (3) 'n Persoon wat 'n voldoeningskennisgewing met 'n opdrag beoog in subartikel (2)(a) ontvang het, mag nie 'n aansoek indien ingevolge subartikel (2)(b) nie.

- (4) 'n Opdrag om 'n aansoek ingevolge subartikel (2)(b) in te dien, moet nie vertolk word as 'n aanduiding dat die aansoek goedgekeer sal word nie.
- (5) Indien die aansoek wat ingevolge subartikel (2)(b) ingedien is, geweier word, moet die eienaar die gebou, struktuur of werk wat onwettiglik opgerig of gebou is sloop, verwyder of verbou en die grond rehabiliteer of die gebou herstel.
- (6) 'n Persoon wat 'n voldoeningskennisgewing ingevolge hierdie artikel ontvang het, kan teen die kennisgewing beswaar aanteken deur binne 30 dae vanaf ontvangs van die kennisgewing skriftelike versoë by die Munisipaliteit in te dien.

### **Inhoud van voldoeningskennisgewing**

#### **88. (1) 'n Voldoeningskennisgewing moet—**

- (a) die persoon aan wie dit gerig is, identifiseer;
- (b) die beweerde onwettige aanwending van grond of betrokke bou-aktiwiteit en die grond waarop dit plaasvind of plaasgevind het, beskryf;
- (c) vermeld dat die aanwending van grond of bou-aktiwiteit onwettig is en die persoon in kennis stel van die bepaalde misdryf beoog in artikel 86 wat daardie persoon na bewering gepleeg het of pleeg deur die voortsetting van daardie aktiwiteit op die grond;
- (d) die stappe vermeld wat die persoon moet doen en die tydperk waarbinne daardie stappe gedoen moet word;
- (e) enigiets vermeld wat die persoon nie mag doen nie en die tydperk waarbinne die persoon dit nie mag doen nie;
- (f) voorsiening maak vir die persoon om ingevolge artikel 89 by die skakelpersoon vermeld in die kennisgewing versoë in te dien; en
- (g) 'n waarskuwing uitreik met die volgende strekking:
  - (i) dat die persoon vervolg kan word vir en skuldig bevind kan word aan 'n misdryf beoog in artikel 86;
  - (ii) dat die persoon by skuldigbevinding aan 'n misdryf strafbaar sal wees met die straf soos bepaal;
  - (iii) dat dit deur 'n hofbevel van die persoon vereis kan word om enige gebou, struktuur of werk wat onwettiglik opgerig of gebou is, te sloop, te verwyder of te verbou of om die betrokke grond te rehabiliteer of gebou te herstel of die aktiwiteit te staak;



- (iv) dat in die geval van 'n oortreding wat met 'n vergunningsgebruik of tydelike afwyking verband hou, die goedkeuring ingetrek kan word;
  - (v) dat in die geval van 'n aansoek om magtiging van die aktiwiteit of ontwikkelingsparameter, die strydigheidshewing ten bedrae soos vermeld in die kennisgewing, met inbegrip van enige kostes aangegaan deur die Munisipaliteit, opgelê kan word.
- (2) Enige persoon op wie 'n voldoeningskennisgewing beteken is, moet binne die tydperk vermeld in die kennisgewing aan daardie kennisgewing voldoen, tensy die persoon ingevolge artikel 89 teen die kennisgewing beswaar gemaak het en die Munisipaliteit nog nie ingevolge daardie artikel oor die aangeleentheid besluit het nie of die Munisipaliteit ingestem het om die werking van die voldoeningskennisgewing ingevolge artikel 89(2) op te skort.

### **Besware teen voldoeningskennisgewing**

- 89.** (1) Enige persoon of eienaar wat 'n voldoeningskennisgewing ingevolge artikel 87 ontvang, kan beswaar maak teen die kennisgewing deur binne 30 dae vanaf die datum van kennisgewing skriftelike verstoë aan die Munisipaliteit te rig.
- (2) Na oorweging van enige besware of verstoë wat ingevolge subartikel (1) gemaak of gerig is en enige ander tersaaklike inligting—
- (a) kan die Munisipaliteit 'n voldoeningskennisgewing of enige gedeelte van die voldoeningskennisgewing opskort, bevestig, verander of intrek; en
  - (b) moet die Munisipaliteit die tydperk vermeld waarbinne die persoon aan wie die voldoeningskennisgewing gerig is aan enige gedeelte van die voldoeningskennisgewing wat bevestig of verander is, moet voldoen.

### **Versuim om aan voldoeningskennisgewing te voldoen**

- 90.** Indien 'n persoon versuim om aan 'n voldoeningskennisgewing te voldoen, kan die Munisipaliteit—
- (a) 'n kriminele klag teen die persoon indien;
  - (b) by die Hooggeregshof 'n bevel aanvra—
    - (i) wat daardie persoon belet om met die onwettige aanwending van die grond voort te gaan;
    - (ii) wat daardie persoon gelas om, sonder die betaling van vergoeding—
      - (aa) enige gebou, struktuur of werk wat onwettiglik opgerig of gebou is, te sloop, te verwyder of te verander; of
      - (bb) die betrokke grond te rehabiliteer;

- (c) in die geval van 'n vergunningsgebruik of tydelike afwyking, die verleende goedkeuring intrek en ingevolge artikel 87 optree.

### **Voldoeningsertifikate**

91. (1) 'n Gemagtigde werknemer wat tevrede is dat die eienaar of bewoner van enige grond of perseel voldoen het aan 'n voldoeningskennisgewing kan 'n sertifikaat uitreik, in die wyse en vorm bepaal deur die Munisipaliteit, om die voldoening te bevestig.
- (2) Die gemagtigde werknemer moet 'n verslag by die Munisipaliteit indien rakende sy of haar bevindinge beoog in subartikel (1) en die uitreik van 'n voldoeningssertifikaat.

### **Dringende aangeleenthede**

92. (1) Die Munisipaliteit hoef nie aan artikels 87(6), 88(1)(f) en 89 te voldoen in 'n geval waar 'n onwettige aanwending van grond dringend gestuit moet word nie en kan 'n voldoeningskennisgewing uitreik wat 'n beroep op die persoon of eienaar doen om die onwettige aanwending van grond onmiddellik te staak.
- (2) Indien die persoon of eienaar versuim om die onwettige aanwending van grond onmiddellik te staak, kan die Munisipaliteit by die Hooggeregshof 'n dringende interdik of enige ander nodige regshulp aanvra.

### **Algemene bevoegdhede en werksaamhede van gemagtigde werknemers**

93. (1) 'n Gemagtigde werknemer kan te eniger redelike tyd, met die toestemming van die bewoner of eienaar van grond, sonder 'n lasbrief en sonder voorafkennisgewing grond of 'n perseel of 'n gebou betree vir die doel om voldoening aan hierdie Verordening te verseker.
- (2) 'n Gemagtigde werknemer moet in besit wees van bewys dat hy of sy aangewys is as 'n gemagtigde werknemer vir die doeleindes van subartikel (1).
- (3) 'n Gemagtigde werknemer kan vergesel word van 'n tolk, 'n polisiebeampte of enige ander persoon wat moontlik met die ondersoek kan help.

### **Bevoegdhede van betreding, deursoeking en beslaglegging**

94. (1) By die versekering van voldoening aan hierdie Verordening ingevolge artikel 87, kan 'n gemagtigde werknemer—
- (a) op grond of 'n perseel wat betree is of in 'n gebou wat binnegegaan is enige persoon ondervra wat na die mening van die gemagtigde werknemer moontlik inligting kan verskaf oor 'n aangeleentheid wat met die afdwinging van hierdie Verordening verband hou;

- (b) op daardie grond of daardie perseel of in daardie gebou enige persoon ondervra oor enige handeling of versuim ten opsigte waarvan daar 'n redelike vermoede is dat dit die volgende uitmaak:
- (i) 'n misdryf ingevolge hierdie Verordening;
  - (ii) 'n oortreding van hierdie Verordening; of
  - (iii) 'n oortreding van 'n goedkeuring of 'n bepaling of voorwaarde van daardie goedkeuring;
- (c) daardie persoon ondervra oor enige struktuur, voorwerp, dokument, boek, rekord, skriftelike of elektroniese inligting of enige struktuur, voorwerp, dokument, boek of rekord ondersoek wat moontlik tersaaklik is vir die doel van hierdie subartikel;
- (d) afskrifte of uittreksels maak van enige dokument, boek, rekord, skriftelike of elektroniese inligting bedoel in paragraaf (c) of daardie dokument, boek, rekord of skriftelike of elektroniese inligting verwyder ten einde afskrifte daarvan of uittreksels daaruit te maak;
- (e) van daardie persoon vereis om enige dokument, boek, rekord, skriftelike of elektroniese inligting bedoel in paragraaf (c) vir insae te verskaf of af te lewer by 'n plek vermeld deur die gemagtigde werknemer;
- (f) daardie dokument, boek, rekord, skriftelike of elektroniese inligting ondersoek of 'n afskrif daarvan of 'n uittreksel daaruit maak;
- (g) van daardie persoon 'n verduideliking vereis van enige inskrywing in daardie dokument, boek, rekord, skriftelike of elektroniese inligting;
- (h) enige artikel, stof, plant of masjinerie wat op die grond is of was of enige verrigte werk op die grond, of enige heersende toestand op die grond ondersoek of kan enige artikel, stof, plant of masjinerie of 'n gedeelte of monster daarvan vir ondersoek of ontleding verwyder;
- (i) foto's neem of oudiovisuele opnames maak van enigiets of enige persoon op daardie grond of daardie perseel of in daardie gebou wat tersaaklik tot die doeleindes van die ondersoek is; of
- (j) beslag lê op 'n boek, rekord, skriftelike of elektroniese inligting bedoel in paragraaf (c) of op 'n artikel, stof, plant of masjinerie bedoel in paragraaf (h) of op 'n gedeelte of monster daarvan wat na sy of haar mening as bewys kan dien by die verhoor van die persoon wat kragtens hierdie Verordening of die gemene reg aangekla staan te word van 'n misdryf, mits die gebruiker van die artikel, stof, plant of masjinerie op die betrokke grond of perseel of in die betrokke gebou voor die beslaglegging afskrifte kan maak van daardie boek, rekord of dokument.

- (2) Wanneer 'n gemagtigde werknemer enige artikel, stof, plant of masjinerie, boek, rekord of ander dokument soos beoog in hierdie artikel verwyder of daarop beslag lê, moet hy of sy 'n kwitansie aan die eienaar of persoon in beheer daarvan uitreik.
- (3) 'n Gemagtigde werknemer mag nie 'n direkte of indirekte persoonlike of privaat belang hê by die aangeleentheid wat ondersoek staan te word nie.

### **Lasbrief van betreding vir afdwingingsdoeleindes**

- 95.** (1) 'n Regter van die Hooggeregshof of 'n Magistraat vir die distrik waarin die grond geleë is kan, op versoek van die Munisipaliteit, 'n lasbrief uitreik om die grond of perseel of gebou te betree indien—
- (a) die voorafgoedkeuring van die bewoner of eienaar van grond na redelike pogings nie bekom kan word nie; of
  - (b) die doel van die ondersoek verydel sou word deur die bewoner of eienaar se voorafkennis daarvan.
- (2) 'n Lasbrief kan uitgereik word slegs indien dit vir die Regter of Magistraat uit inligting onder eed blyk dat daar redelike gronde is om te glo dat—
- (a) 'n gemagtigde werknemer toegang geweier is tot grond of 'n gebou wat hy of sy geregtig is om te ondersoek;
  - (b) 'n gemagtigde werknemer toegang geweier sal word tot grond of 'n gebou wat hy of sy geregtig is om te ondersoek;
  - (c) 'n misdryf beoog in artikel 86 plaasvind of plaasgevind het en 'n ondersoek van die perseel waarskynlik inligting rakende daardie misdryf sal oplewer; of
  - (d) die ondersoek redelik nodig is vir die doeleindes van hierdie Verordening.
- (3) 'n Lasbrief moet die Munisipaliteit magtig om die grond of perseel te betree of die gebou binne te gaan om enige van die maatreëls bedoel in artikel 94 soos vermeld in die lasbrief te tref, slegs by 'n enkele geleentheid, en dat die betreding moet plaasvind—
- (a) binne een maand vanaf die datum waarop die lasbrief uitgereik is; en
  - (b) te eniger redelike tyd, behalwe waar die lasbrief op gronde van dringendheid uitgereik is.

### **Inagneming van behoorlikheid en orde**

- 96.** Die betreding op grond of 'n perseel of van 'n gebou kragtens hierdie Hoofstuk moet met streng inagneming van behoorlikheid en orde uitgevoer word, wat inagneming van die volgende moet insluit—
- (a) 'n persoon se reg tot respek vir en beskerming van sy of haar menswaardigheid;
  - (b) die reg tot vryheid en veiligheid van die persoon; en
  - (c) 'n persoon se reg tot persoonlike privaatheid.

### **Afdwingingsgedingvoering**

- 97.** Of die Munisipaliteit kriminele klagtes teen 'n persoon indien vir 'n misdryf beoog in artikel 86 al dan nie, en ondanks artikel 87, kan die Munisipaliteit by die Hooggeregshof 'n interdik of enige ander gepaste bevel aanvra, met inbegrip van 'n bevel wat daardie persoon verplig om—
- (a) enige gebou, struktuur of werk wat onwettig opgerig of gebou is, te sloop, te verwyder of te verander;
  - (b) die betrokke grond te rehabiliteer; of
  - (c) die onwettige aanwending van grond te staak.

## **HOOFSTUK X DIVERSE BEPALINGS**

### **Naamgewing en nommering van strate**

- 98.** (1) Indien paaie of strate as gevolg van die goedkeuring van 'n ontwikkelingsaansoek geskep word, hetsy openbaar of privaat, moet die Munisipaliteit die naamgewing van strate goedkeur en 'n straatnommer toeken aan elk van die erwe of grondeenhede geleë in sodanige straat of pad.
- (2) Die voorgestelde name van die strate en nommers moet as 'n deel van 'n aansoek om onderverdeling ingedien word.
- (3) By oorweging van die naamgewing van strate moet die Munisipaliteit die tersaaklike beleide rakende straatnaamgewing en -nommering in aanmerking neem.
- (4) Die Munisipaliteit moet die Landmeter-generaal in kennis stel van die goedkeuring van nuwe strate as gevolg van die goedkeuring van 'n wysiging of kansellering van 'n onderverdeling ingevolge artikel 23 en die Landmeter-generaal moet die rekords van die Kantoor van die Landmeter-generaal endosseer om die wysiging of kansellering van die straatname op 'n goedgekeurde algemene plan weer te gee.

**Herroeping**

**99.** Die verordeninge vermeld in Bylae 2 word herroep.

**Kort titel en inwerkingtreding**

- 100.** (1) Hierdie Verordening heet die Verordening op Stellenbosch Munisipaliteit se Grondgebruikbeplanning.
- (2) Hierdie Verordening tree in werking op die datum waarop die Wet op Grondgebruikbeplanning in die munisipale gebied van die Munisipaliteit in werking tree.

## **BYLAE 1 GEDRAGSKODE VIR LEDE VAN TRIBUNAAL**

### **Algemene gedrag**

1. 'n Lid van die Tribunaal moet te alle tye—
  - (a) ooreenkomstig die beginsels van verantwoordenspligtigheid en deursigtigheid handel;
  - (b) sy of haar persoonlike belange by enige besluit wat geneem staan te word in die beplanningsproses waarin hy of sy dien of versoek is om te dien, verklaar;
  - (c) hom of haar ten volle weerhou van direkte of indirekte deelname as 'n raadgewer of besluitnemer in enige aangeleentheid waarby hy of sy 'n persoonlike belang het en enige kamer verlaat waarin sodanige aangeleentheid in oorweging is, tensy die persoonlike belang op openbare rekord geplaas is en die Raad skriftelike goedkeuring verleen en sy of haar deelname uitdruklik gemagtig het.
  
2. 'n Lid van die Tribunaal mag nie—
  - (a) sy of haar posisie of voorregte as Tribunaallid of vertroulike inligting wat as 'n Tribunaallid bekom is, gebruik vir eie gewin of om 'n ander persoon onbehoorlik te bevoordeel nie; en
  - (b) deelneem aan enige besluit rakende 'n aangeleentheid waarin daardie Tribunaallid of daardie lid se eggenoot, vennoot of sakegenoot 'n direkte of indirekte persoonlike belang of privaat sakebelang het nie.

### **Geskenke**

3. 'n Lid van die Tribunaal mag nie geskenke, gunste of enige ander aanbod ontvang of najaag in omstandighede waarin dit redelik afgelei sou kon word dat die geskenke, gunste of aanbiedinge bedoel is of verwag word om daardie lid se objektiwiteit as 'n raadgewer of besluitnemer in die beplanningsproses te beïnvloed nie.

### **Onbehoorlike invloed**

4. 'n Lid van die Tribunaal mag nie—
  - (a) die bevoegdheid van sy of haar amp gebruik om spesiale voordeel na te jaag of te bekom vir eie gewin of om 'n ander persoon onbehoorlik te bevoordeel wat nie in die openbare belang is nie;
  - (b) vertroulike inligting wat in die verloop van sy of haar pligte verkry is, gebruik om 'n persoonlike belang te bevorder nie;
  - (c) vertroulike inligting wat in die verloop van sy of haar pligte verkry is, bekendmaak nie, tensy dit regtens van hom of haar vereis word om dit te doen of omstandighede hom of haar verplig om wesenlike benadeling of skade aan 'n ander persoon te voorkom; en

opsetlik 'n wederregtelike handeling pleeg wat die Tribunaal, die Munisipaliteit, die regering of die beplanningsprofessie in 'n slegte lig stel deur besigheid na te jaag deur te verklaar of te impliseer dat hy of sy bereid, gewillig of in staat is om besluite van die Tribunaal deur onbehoorlike middele te beïnvloed nie.

**BYLAE 2**  
**VERORDENINGE HERROEP BY ARTIKEL 99**




## **UMTHETHO KAMASIPALA WASE-STELLENBOSCH WOCWANGCISO LOKUSETYENZISWA KOMHLABA**

### **INTSHAYELELO**

NJENGOKUBA icandelo 156(1) loMgaqo-siseko leRiphabliki yaseMzantsi Afrika, ka-1996 (uMthetho 108 ka-1996) lilinikezela koomasipala igunya lesigqeba kwakunye nelungelo lokulawulwa kwemicimbi karhulumente wendawo edweliswe kwiSahlulo B seShedyuli 4 kwakunye neSahlulo B seShedyuli 5 kuMgaqo-siseko;

NJENGOKUBA iSahlulo B seShedyuli 4 kuMgaqo-siseko sidwelisa ucwangciso loomasipala njengomcimbi karhulumente wendawo;

NJENGOKUBA icandelo 156(2) loMgaqo-siseko linika oomasipala amandla okwenza kwanokusebenzisa imithetho kulawulo olugqibeleleyo lwemicimbi abanelungelo lokuyilawula;

NJENGOKUBA iPalamente iwise uMthetho woCwangciso lweNdawo noLawulo Lokusetyenziswa koMhlaba, ka-2013 (uMthetho 16 ka-2013) kwaye neNdlu yoWisomthetho yePhondo laseNtshona Koloni iwise uMthetho woCwangciso Lokusetyenziswa koMhlaba (uMthetho 3 ka-2014), nothi phakathi kwezinye izinto umisele iinqobo zophuhliso ezisebenza kuwo onke amaziko karhulumente anoxanduva lokuphuyezwa kwemithetho elawula ukusetyenziswa kunye nophuhliso lomhlaba;

KE NGOKO NGOKU uMasipala waseStellenbosch uwamkele lo mthetho kamasipala.

### **UKUCWANGCISWA KWAMACANDELO NEESHEDYULI**

#### **ISAPHLUKO I UTOLIKO NOMISELO**

1. linkcazo-magama
2. Umiselo lwalo Mthetho kaMasipala

#### **ISAPHLUKO II UCWANGCISO LOMHLABA**

3. Uqulunqo okanye ukwenziwa kwezilungiso kwisikhokelo sophuhliso lomhlaba sikamasipala
4. Umiselo lwekomiti yeprojekthi
5. Umiselo lwekomiti esungulayo yamanqanaba ngamanqanaba oburhulumente
6. Inkqubo yekomiti esungulayo yamanqanaba ngamanqanaba oburhulumente

7. Inkqubo ngaphandle kwekomiti esungulayo yamanqanaba ngamanqanaba oburhulumente
8. Imisebenzi
9. Izikhokelo zophuhliso lomhlaba zengingqi
10. Uqulunqo, ulwamkelo, ukwenziwa izilungiso okanye ukuvandlakanywa kwesikhokelo sophuhliso lomhlaba sengingqi
11. Ubume bezikhokelo zophuhliso lomhlaba zengingqi
12. Iiplani zolwakhiwo

### **ISAHLUKO III ULAWULO LOPHUHLISO**

13. Ukugqiba ngesimo somhlaba
14. Usetyenziso olungathobeli miqathango
15. Uphuhliso lomhlaba oludinga imvume
16. Ukuqhubeka nesicelo emva kokutshintsha komnini-mhlaba
17. Ukutshintswa kwesimo somhlaba
18. Uphambuko
19. Amalungelo osetyenziso
20. Ulwahlula-hlulo
21. Uqinisekiso lolwahlula-hlulo
22. Upheliso lolwahlula-hlulo
23. Ulungiso okanye ukucinywa kweplani yolwahlula-hlulo
24. Isaphulelo kulwahlula-hlulo oluthile nohlanganiso
25. Ubunini beendawo zikawonkewonke nomhlaba weenkondo zobunjineli zikamasipala nezibonelelo zentlalo
26. Ukuvalwa kweendawo zikawonkewonke
27. Iinkonzo ezidalwe lulwahlula-hlulo
28. Ukukhutshwa kwesatifikethi ngumasipala
29. Imibutho yabanini-mhlaba
30. Imibutho yabanini-mhlaba eyekayo ukusebenza
31. Uhlanganiso lweziza zomhlaba
32. Ukuphelelwa kohlanganiso lweziza zomhlaba
33. Ukususwa, ukumiswa okanye ukwenziwa kwezilungiso kwimiqathango enyinayo
34. Ulwamkelo lokususwa, ukumiswa okanye ukwenziwa kwezilungiso kwimiqathango enyinayo

### **ISAHLUKO IV IINKQUBO ZOKUFAKA ISICELO**

35. Indlela yolwaziso nomhla wolwaziso
36. Iinkqubo zokufaka izicelo
37. Intlanganiso yokubonisana phambi kokufaka isicelo
38. Iinkcukacha ezidingekayo
39. Imirhumo ehlawulelwa ukufaka isicelo
40. Izizathu zokwala ukwamkela isicelo
41. Ukufunyanwa kwesicelo nokuqalwa kwenkqubo yesicelo
42. Ubonelelo lweenkcukacha ezongezelelekileyo okanye amaxwebhu ongezizelekileyo
43. Urhoxiso lwesicelo nolwegunya lomthetho

44. Isaziso soluntu ngokweminye imithetho neenkqubo ezihlanganisiweyo
45. Upapasho lwezaziso
46. Ukukhutshwa kwezaziso
47. linkcukacha eziqulethwe kwizaziso
48. Ezinye iindlela zokwazisa uluntu
49. Imiqathango yokufaka amaxwebhu ezikhalazo
50. Imiqathango yokufaka izimvo
51. Inkqubo yentatho-nxaxheba kwizigaba ezahlukileyo zikarhulumente
52. Izilungiso phambi konikezelo lwemvume
53. Esinye isaziso soluntu
54. Uxanduva lweendleko zesaziso
55. Ilungelo lomfaki-sicelo lokuphendula
56. Uvavanyo olubhaliweyo lwesicelo
57. Isithuba sokuthatha isigqibo
58. Ukungathathi amanyathelo ngexesha elibekiweyo
59. Amagunya okwenza uvavanyo ngamaxesha athile
60. Izigqibo ngesicelo
61. Isaziso nokuqala ukusebenza kwesigqibo
62. Imisebenzi ye-arhente
63. Iimpazamo nezinto ezishiyiweyo
64. Izaphulelo zokukhawulezisa iinkqubo

#### **ISAPHLUKO V**

##### **INKQUBO YOKUTHATHA IZIGQIBO**

65. Inkqubo gabalala yokuqwalaselwa kwezicelo
66. Imiqathango yemvume

#### **ISAPHLUKO VI**

##### **ULONGEZELELO LWESITHUBA SOKUSEBENZA SEMVUME**

67. Izicelo zokongezelwa isithuba sokusebenza

#### **ISAPHLUKO VII**

##### **IZIGQEBA EZITHATHA ISIGQIBO NGOCWANGCISO LUKAMASIPALA**

68. Izigqeba ezithatha isigqibo ngocwangciso lukamasipala
69. Uqwalaselo lwezicelo
70. Umiselo lweSigqeba
71. Amalungu eSigqeba sommandla kamasipala
72. Inkqubo yotyumbo lwamalungu eSigqeba sommandla kamasipala
73. Isithuba sokusebenza nemiqathango yenkonzo yamalungu eSigqeba sommandla kamasipala
74. Ukuphelelwa bubulungu beSigqeba
75. Iintlanganiso zeSigqeba
76. Umgaqo wokuziphatha kwamalungu esigqeba sommandla kamasipala
77. Umgaqo wokuziphatha kwamalungu esigqeba sommandla kamasipala
78. Ukusebenza kwesigqeba sommandla kamasipala
79. Izibheni
80. Iinkqubo zokubhena
81. Uqwalaselo olwenziwa nguGunyaziwe weZibheni

**ISAPHLUKO VIII  
UBONELELO LWEENKONZO ZOBUNJINELI**

- 82. Uxanduva lobonelelo lweenkonzo zobunjini
- 83. Imirhumo yophuhliso
- 84. Imihlaba yeepaki, yamabala neminye imisebenzi

**ISAPHLUKO IX  
UNYANZELISO**

- 85. Unyanzeliso
- 86. Amatyala nezigwebo
- 87. Ukunikezwa kwezaziso zothobelo
- 88. Iziquqatho zezaziso zothobelo
- 89. Izichaso zezaziso zothobelo
- 90. Ukusilela ekuthobeleni isaziso sothobelo
- 91. Izatifiketi zothobelo
- 92. Imiba engxamisekileyo
- 93. Amagunya nemisebenzi yabasebenzi abagunyazisiweyo
- 94. Amagunya okungena, okusetsha nokuthatha izinto
- 95. Amagunya okungena, okusetsha nokuthatha amaxwebhu
- 96. Ukunika ingqalelo isidima nocwangco
- 97. Unyanzeliso lwesigwebo senkundla

**ISAPHLUKO X  
IMIBA GABALALA**

- 98. Ukuthiywa nokunombolishwa kwezitalato
- 99. Utshitshiso
- 100. Isihlokwana esifutshane nokuqalisa

**ISHEDYULI 1  
UMGAQO WOKUZIPHATHA KWAMALUNGU ESIGQEBA**

**ISHEDYULI 2  
IMITHETHO KAMASIPALA ETSHITSHISWE LICANDELO 99**

## ISAHLUKO I

### UTOLIKO NOMISELO

#### linkcazelo

1. Kulo Mthetho kaMasipala, ngaphandle kwalapho imeko elisetyenziswe kuyo igama ilinika enye, intsingiselo yegama yileyo ikwintsingiselo ekwiWestern Cape Land Use Planning Act, 2014 (Umthetho 3 ka-2014) yaye—

“**ukwamkela**”, kwisikhokelo sophuhliso lwemihlaba engamabala, inkqubo yolawulo lophuhliso, umgaqonkqubo okanye isicwangciso, kuthetha ulwamkelo ziziphathamandla ezinelungelo lokwenza njalo;

“**iarhente**” ithetha umntu ogunyaziswe ngokomthetho ukuba enze isicelo egameni lomnini-mhlaba;

“**UGunyaziwe weSibheni**” uthetha uGunyaziwe weSibheni oxelwe kwicandelo 79(1);

“**isithuba sokusebenza**”, ekubhekiswe kuso kumacandelo 17(5) no-(6), 18(2), 19(5), 22(1) no-32(1), sithetha isithuba esinokubekwa ngumasipala kwimiqathango yemvume kuxhomekeke kwicandelo 43(2)(b) leSpatial Planning and Land Use Management Act okanye isithuba ekubhekiswe kuso kwicandelo 43(2)(a) leSpatial Planning and Land Use Management Act;

“**umfaki-sicelo**” uthetha umntu ekubhekiswe kuyo kwicandelo 15(2) owenza isicelo kumasipala njengoko kuxelwe kwelo candelo;

“**isicelo**” sithetha isicelo esenziwe kumasipala ekubhekiswe kuso kwicandelo 15(2);

“**umsebenzi ogunyazisiweyo**” uthetha umsebenzi kamasipala ogunyaziswe ngumasipala ukuba asebenzise igunya okanye enze umsebenzi ngokwalo Mthetho kaMasipala okanye ahlale umhlaba nezakhiwo ukunyanzelisa uthotyelo lwalo Mthetho kaMasipala okanye isikim sesimo yomhlaba;

“**isimo somhlaba esisisiseko**” kuthetha ukuzowuna phambi kwesicelo sayo nayiphi iZowuni eneMiqathango eYodwa;

“**izimvo**”, malunga nezimvo zoluntu, ezamasebe kamasipala namanye amaziko karhulumente nezababoneleli-ngeenkono kwisicelo okanye isibheni, zithetha izichaso, izimvo nezikhalazo;

“**uhlanganiso**” malunga nomhlaba, luthetha ukudityaniswa kweeziza ezimbini nangaphezulu zemihlaba emeleneyo ukuze ibe sisiza esinye somhlaba, yaye ulungiso lwalo mhlaba ukuze uhlanganiswe;

“**IBhunga**” lithetha ibhunga likamasipala;

**“umhla wolwaziso”** uthetha umhla ekuhanjiswe ngawo isaziso njengoko kuxelwe kwicandelo 35 okanye esipapashwe ngawo kumajelo eendaba okanye kwiGazethi yePhondo;

**“imali ebizwayo yokuphuhlisa”** ithetha intlawulo yophuhliso exelwe kwicandelo 83 ehlawuliswa ngumasipala;

**“uxakeka”** ubandakanya imeko eyenziwa ziimpuphuma, imimoya evuthuzayo, iimvula ezimandla, umlilo, inyikima okanye ingozi yefemu efuna ukuba kususwe abantu kuloo ndawo;

**“iinkonzo zobunjineli zangaphandle”** zithetha inkonzo yobunjineli engaphaya kwemida yommandla womhlaba ekubhekiswe kuwo kwisicelo neziyimfuneko kusetyenziso kuphuhliso lomhlaba;

**“iLand Use Planning Act”** ithetha iWestern Cape Land Use Planning Act, 2014 (Act 3 of 2014);

**“isikhokelo sophuhliso lwemihlaba engamabala sengingqi”** sithetha isikhokelo sophuhliso lwemihlaba engamabala sengingqi esixelwe kwicandelo 9;

**“UManejala kaMasipala”** uthetha uManejala kaMasipala;

**“isikhokelo sophuhliso lomhlaba sikamasipala”** sithetha isikhokelo sophuhliso lomhlaba esamkelwe ngumasipala SngokweSahluko 5 seMunicipal Systems Act;

**“uMasipala”** uthetha umasipala wese- Stellenbosch omiselwe ngokweSaziso soMiselo 479 yomhla we 22 Yomnga 2000 ekhutshwe kulandelwa umthetho iLocal Government: Municipal Structures Act, 1998 (uMthetho 117 ka-1998), yaye apho imeko ifuna njalo, ubandakanya—

- (a) iBhunga;
- (b) esinye isigqeba sepolitiki okanye igosa lezopolitiko likamasipala eligunyazisiweyo ukuba lenze umsebenzi okanye asebenzise igunya ngokwalo Mthetho kaMasipala;
- (c) iSigqeba esigunyazisiweyo ukuba senze umsebenzi okanye sisebenzise igunya ngokwalo Mthetho kaMasipala;
- (d) uManejala kaMasipala; kunye
- (e) nomsebenzi ogunyazisiweyo.

**“usetyenziso olungathobeli miqathango”** luthetha usetyenziso-mhlaba olukhoyo ngoku olwalusemthethweni ngokwenkqubo yemo yomhlaba yangaphambili olungahambiselani nenkqubo yemo yomhlaba ekhoyo;

**“usetyenziso ngamaxesha athile”**, kunxaxho, luthetha ilungelo lokusebenzisa umhlaba okwexeshana uwusebenzisela injongo onikwe invume yayo yesiganeko esithile;

**“iSimo somhlaba esineMiqathango eYodwa”** ithetha indawo enesimo somhlaba esingokukodwa ngaphezu kwesimo somhlaba okusisiseko, apho—

(a) kuchazwa iinjongo emazisetyenziselwe wona umhlaba kunye nemigaqo yophuhliso esenokuba nezibophelelo ezingaphezulu okanye ngaphantsi kwezi zesimo somhlaba okusisiseko; yaye

(b) isenokubandakanya imiqathango nemida yophuhliso emalunga—

- (i) amalungelo osetyenziso angundoqo;
- (ii) isimo somhlaba olusisiseko;
- (iii) ulwahlula-hlulo okanye imimandla yolwahlula-hlulo;
- (iv) ukhuthazo lophuhliso;
- (v) imida yengxinano;
- (vi) ubume bemihle esezidolophini uhlaziyo lweedolophulu;
- (vii) ukhuseleko lwelifa lemveli okanye lokusingqongileyo;
- (viii) ulawulo lwemida yeedolophu;
- (ix) iindlela ezibukekayo okanye imimandla ekwiingingqi;
- (x) ubuyiso lwemida ebekiweyo yolwandle (apho kukho imida ebekiweyo yolwandle); okanye
- (xi) nayiphi injongo echazwe kwiskim sesimo somhlaba;

**“umbutho wabanini”** uthetha umbutho wabanini-mhlaba oxelwe kwicandelo 29;

**“uboniswano ngesicelo phambi kokuba siqwalaselwe”** luthetha uboniswano oluxelwe kwicandelo 37;

**“umqathango onyinayo”** uthetha nawuphi na umqathango obhaliswe kunye netayitile yomhlaba onyina indlela yokusetyenziswa, yokuphuhliswa okanye yolwahlula-hlulo lomhlaba ochaphazelekayo;

**“inkonzo”** ithetha inkonzo ebonelelwa ngumasipala, naliphi elinye iziko likarhulumente okanye umboneleli-nkonzo, ebandakanya ubonelelo ngamanzi, ugutyulo, umbane, ukuthuthwa kwenkunkuma, iindlela, iidreyini zeziphango, yaye ibonelela izixhobo, neenkqubo ezihambelana nezi nkonzo;

**“iplani yophuhliso lwesiza”** ithetha iplani ebonisa iinkcukacha zamacala ngamacala zophuhliso lomhlaba olucetywayo, olubandakanya ubume besiza, iindawo eziza kuba kuyo izakhiwo, indawo yokungena kwisakhiwo, uyyilo lwesakhiwo zemboniselo yomhlaba;

**“izibonelelo zentlalo”** zithetha izibonelelo zoluntu, iinkonzo nothungelwano oluhoya izidingo zoluntu;

**“iSpatial Planning and Land Use Management Act”** ibhekisa kwiSpatial Planning and Land Use Management Act, 2013 (Umthetho 16 ka-2013);

**“iMiqathango yoCwangciso lweMhlaba neYosetyenziso-Mhlaba”** ithetha *iSpatial Planning and Land Use Management Regulations: Land Use Management and General Matters, 2015* eyenziwe kulandelwa iSpatial Planning and Land Use Management Act epapashwe phantsi kweSaziso R239/2015 kwiGazethi kaRhulumente 38594 yowe-23 Matshi 2015;

**“ummandla wolwahlula-hlulo”** uthetha isimo esimiselwe ulwahlula-hlulo olunemiqathango eyodwa kuloo mmandla evumela ulwahlula-hlulo lomhlaba ngokwesicelo solwahlula-hlulo ebandakanya utshintsha kuzowuno;

**“Isigqeba”** sithetha iSigqeba soCwangciso lukamasipala esimiselwe ngokwemiqathango yecandelo 70.

### **Umiselo lwalo Mthetho kaMasipala**

2. Lo mthetho kamasipala usebenza kuwo wonke umhlaba okwindawo kamasipala waseStellenbosch, kuquka nalo mhlaba ungowamaziko karhulumente.

## **ISAPHLUKO II**

### **UCWANGCISO LOMHLABA**

#### **Uqulunqo okanye ukwenziwa kwezilungiso kwisikhokelo sophuhliso lwemihlaba sikamasipala**

3. (1) Xa iBhunga liqulunqa okanye lisenza izilungiso kwisikhokelo sophuhliso lwemihlaba sikamasipala ngokwe Municipal Systems Act, iBhunga kufuneka, njengoko kuxelwe kwicandelo 11 leLand Use Planning Act—
  - (a) limisele ikomiti yamanqwanqwa onke karhulumente ukuqulunqa okanye ukwenza izilungiso kwisikhokelo sophuhliso lwemihlaba sikamasipala; okanye
  - (b) lithumele isikhokelo sophuhliso lwemihlaba sikamasipala esisayilwayo okanye izilungiso eziseluyilo zesikhokelo sophuhliso lwemihlaba sikamasipala kuMphathiswa wePhondo ukuba anike izimvo zakhe.
- (2) Umasipala kufuneka—
  - (a) apapashe isaziso ngeelwimi ezimbini ezisemthethweni kwiPhondo ezithethwa kakhulu kuloo mmandla kumaphephandaba amabini aloo mmandla uchaphazelekayo—
    - (i) esichaza injongo yokuqulunqa okanye yokulungisa isikhokelo sophuhliso lwemihlaba sikamasipala; kunye



- (ii) nenkqubo emayilandelwe ngokwecandelo 28(3) no-29 leMunicipal Systems Act;
- (b) azise uMphathiswa wePhondo ngokumbhalela —
  - (i) malunga nenjongo yokuqulunqa okanye ukulungisa isikhokelo sophuhliso lwemihlaba sikamasipala;
  - (ii) ngesigqibo sakhe ngokwamacandelo (1)(a) okanye (b); kunye
  - (iii) nenkqubo emayilandelwe ukuqulunqa okanye ukwenza izilungiso kwisikhokelo sophuhliso lwemihlaba sikamasipala, kubandakanywa nenkqubo exelwe kumacandelo (2)(a)(ii); yaye
- (c) abhalise abantu abachaphazelekayo ekufuneka bacelwe ukuba bavakalise izimvo zabo ngesikhokelo sophuhliso lwemihlaba sikamasipala esisayilwayo okanye isilungiso esiseluyilo sesikhokelo sophuhliso lwemihlaba sikamasipala njengexalenye yenkqubo exelwe kumacandelo (2)(a)(ii).

#### **Umiselo lwekomiti yeprojekthi**

4. (1) Umasipala kufuneka amisele ikomiti yeprojekthi yokuqulunqa okanye yokwenza izilungiso kwisikhokelo sophuhliso lwemihlaba sikamasipala.
- (2) Le komiti yeprojekthi kufuneka iqulathe aba bantu—
  - (a) uManejala kaMasipala okanye umsebenzi kamasipala ochongwe nguManejala kaMasipala; kunye
  - (b) nabasebenzi bakamasipala abatyunjwe nguManejala kaMasipala, ubuncinane kula masebe kamasipala alandelayo:
    - (i) iofisi yocwangciso lophuhliso ehlanganisiweyo;
